# DIE ONTWIKKELING VAN 'N PRENTEBELANGSTELLINGSVRAELYS

LYNDA JEANETTE VAN HEERDEN

B.A. B.Ed. H.O.D.

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Educationis in die Departement Psigo Opvoedkunde, Voorligting en Ortopedagogiek aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

LEIER: Prof. dr. J.L. Marais

HULPLEIER: Prof. dr. H.S. Steyn

POTCHEFSTROOM

1992

## DANKBETUIGINGS

My opregte dank aan:

- Die Transvaalse Onderwysdepartement vir die toestemming om leerlinge as proefpersone in hierdie ondersoek te gebruik.

- Professor J.L. Marais onder wie se bekwame en simpatieke leiding hierdie werk aangepak kon word.

- Professor H.S. Steyn as hulpleier vir raad en leiding met die statistiese verwerkings.

- Mnr K. Venter vir die gebruik van die rekenaar.

- Mnr A. Oberholzer vir die keurige taalversorging.

- Mev E. du Toit vir die puik tikwerk.

- My man, Koos, vir al sy hulp, raad, aanmoediging, ondersteuning en opoffering.

- My kinders vir hulle opoffering.

"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."

Filippense 4:13

## OPSOMMING

'n Behoefte aan 'n kort prentebelangstellingsvraelys vir beroepsvoorligting, wat vermoeidheid by leerlinge verminder, tyd bespaar en probleme by verbale vaardighede uitskakel was die motivering vir hierdie navorsing. Die doel van hierdie navorsing was dan ook om 'n prentebelangstellingsvraelys vir blanke leerlinge en studente te ontwikkel, vir gebruik by vakkeuse (st. 5), studierigting (st. 7) en beroepskeusevoorligting (st. 10).

'n Literatuurstudie is gedoen oor die begrip "belangstelling", die aard en wese daarvan, asook verskeie aspekte wat verband hou met belangstelling. By die meting van belangstelling is die vraelysmetode en -tegniek uitgelig. Die interpretasie en funksies van belangstellingsvraelyste het aandag geniet. Verskeie belangstellingsvraelyste is ook bespreek.

By die metode van ondersoek is die prentebelangstellingsvraelys op 'n verteenwoordigende steekproef toegepas. Tergelykertyd is die KODUS afgeneem vir samevallende geldigheid. Hertoetsing van die prentebelangstellingsvraelys is ses weke later vir betroubaarheidsdoeleindes uitgevoer.

'n Bruikbare stel norms vir blanke Afrikaanssprekende leerlinge uit die Rustenburgomgewing is opgestel vir die toepassing van hierdie prentebelangstellingsvraelys. Betroubaarheid en geldigheid van die prentebelangstellingsvraelys is bepaal, asook interkorrelasies en geslagsverskille.

Bevredigende resultate is verkry.

## SUMMARY

The motivation for this research was the need for a short picture interest inventory for vocational guidance, which pupils would find less tiring, be less time consuming and eliminate any verbal problems. The purpose of this research is to develop a picture interest inventory for white pupils and students to aid them in subject choices (std. 5), field of study (std. 7) and vocational guidance (std. 10).

A study of literature on the definition of interest, aspects of interest and how they related to interest was undertaken. Research on interest measurements was completed and the questionnaire method and -technique received detailed attention. The interpretation and functions of interest inventories were examined and several interest inventories were discussed.

Afterwards a representative sample was tested on the picture interest inventory. Simultaneously the CODUS was completed for validation purposes. Six weeks later the picture interest inventory was retested for reliability.

An acceptable set of norms were attained for white Afrikaans speaking pupils from the Rustenburg region for the use of this picture interest inventory. Reliability and validity of the picture interest inventory were obtained. Intercorrelations and sex differences in the picture interest inventory were calculated.

Most results were satisfactory.

# I N H O U D S O P G A W E

Bladsy

HOOFSTUK 1

1. PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN DIE ONDERSOEK 1
1.1 Inleiding .......... 1
1.2 Probleemstelling .......... 3
1.3 Die doel van die navorsing .......... 5
1.4 Die studiepopulasie .......... 5
1.5 Metode van navorsing .......... 5
1.5.1 Literatuurstudie .......... 6
1.5.2 Empiriese ondersoek .......... 6
1.6 Verloop van die ondersoek .......... 7
1.7 Samevatting .......... 8

HOOFSTUK 2

2. BELANGSTELLING .......... 9
2.1 Inleiding .......... 9
2.2 Definisie van belangstelling .......... 10
2.3 Gevolgtrekking .......... 13
2.4 Aard en wese van belangstelling .......... 14
2.4.1 Inleiding .......... 14
2.4.2 Van Straten se beskouing .......... 14
2.4.3 Van Vuuren se beskouing .......... 14
2.4.4 Troost se beskouing .......... 15
2.4.5 Alberts se beskouing .......... 15
2.4.6 Wolmarans se beskouing .......... 16
2.4.7 Lourens se beskouing .......... 19
2.4.8 Gevolgtrekking .......... 19
2.5 Enkele aspekte van belangstelling .......... 20
2.5.1 Belangstelling en persoonlikheid .......... 20
2.5.2 Belangstelling, kennis, aanleg en intelligensie 21
2.5.3 Belangstelling en affek .......... 24

2.5.4 Belangstelling, houdings en waardes ............ 25
2.5.5 Belangstelling en motivering .................. 26
2.5.6 Belangstelling en geslagsverskille ............ 27
2.6 Konstantheid van belangstelling ................. 29
2.7 Samevatting ..................................... 30

HOOFSTUK 3
3. DIE METING VAN BELANGSTELLING .................. 31
3.1 Inleiding ....................................... 31
3.2 Objektiewe- en subjektiewe meting van belangstelling ........................................... 32
3.3 Metodes om belangstelling te meet ............... 32
3.3.1 Die ondervragingsmetode ....................... 34
3.3.2 Die waarnemingsmetode ......................... 34
3.3.3 Die toetsmetode ............................... 35
3.3.4 Die vraelysmetode ............................. 35
3.3.5 Gevolgtrekking ................................ 37
3.4 Die vraelystegniek: aspekte verbonde aan die meting van belangstelling ...................... 37
3.4.1 Benaderingswyses .............................. 37
3.4.1.1 Gebruik van kriteriumgroepe ................. 37
3.4.1.2 Gebruik van homogene velde .................. 38
3.4.2 Belangstellingsvelde .......................... 39
3.4.3 Die items ..................................... 42
3.4.4 Die leesbaarheid van die vraelys .............. 43
3.4.5 Formaat van die vraelys ....................... 44
3.4.6 Beantwoordingsmetodes ......................... 44
(i) Die Geforseerdekeusemetode ...................... 44
(ii) Die Vryekeusemetode ............................ 47
(iii) Besluitneming.................................. 48
3.5 Die interpretasie van belangstellingsvraelyste .. 49
3.6 Funksies van belangstellingsvraelyste ........... 52
3.7 Belangstellingsvraelyste......................... 53
3.8 Prentevraelyste ................................. 62
3.9 Samevatting ..................................... 64

HOOFSTUK 4

4. METODE VAN ONDERSOEK .......................... 65
4.1 Inleiding ...................................... 65
4.2 Die doel van die ondersoek ..................... 65
4.3 Ontwikkeling van die prentebelangstellingsvraelys 65
4.3.1 Belangstellingsvelde ......................... 65
4.3.2 Toetsitems ................................... 67
4.3.3 Die antwoordblad ............................. 70
4.4 Loodsstudie .................................... 70
4.5 Studiepopulasie - normbepaling ................. 71
4.6 Steekproef ..................................... 71
4.7 Toepassing van die prentebelangstellingsvraelys . 73
4.7.1 Tyd .......................................... 73
4.7.2 Toetsomstandighede ........................... 74
4.7.3 Vraelysmateriaal ............................. 74
4.7.4 Vraelysinstruksies ........................... 74
4.8 Nasien van antwoordblaaie ...................... 74
4.9 Statistiese ontleding .......................... 75
4.9.1 Normbepaling ................................. 75
4.9.2 Betroubaarheidsbepaling ...................... 75
4.9.3 Geldigheidsbepaling .......................... 75
4.9.4 Interkorrelasies ............................. 76
4.9.5 Geslagsverskille ............................. 76
4.10 Afsluiting .................................... 76

HOOFSTUK 5

5. DIE BESPREKING VAN RESULTATE .................... 77
5.1 Inleiding ...................................... 77
5.2 Normberekening ................................. 77
5.3 Betroubaarheid ................................. 85
5.3.1 Toets - hertoetsbetroubaarheid................. 85
5.3.2 Kuder-Richardson 21 betroubaarheid ........... 88
5.3.3 Enkele betroubaarheidsgegewens oor belangstellingsvraelyste ........................ 88

5.4 Geldigheid .................................. 89
5.4.1 Gegewens oor die geldigheid van belangstellings-vraelyste .................................. 91
5.5 Interkorrelasies .......................... 94
5.6 Geslagsverskille .......................... 94
5.7 Samevatting ............................... 98

HOOFSTUK 6

6. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS .... 99
6.1 Samevattende oorsig ....................... 99
6.2 Metode van ondersoek ...................... 100
6.2.1 Normberekening .......................... 101
6.2.2 Betroubaarheid .......................... 101
6.2.3 Geldigheid .............................. 101
6.2.4 Interkorrelasies ........................ 102
6.2.5 Geslagsverskille ........................ 102
6.3 Gevolgtrekking ............................ 102
6.4 Aanbevelings .............................. 103
6.5 Leemtes in hierdie ondersoek .............. 103
6.6 Slot ...................................... 104

BIBLIOGRAFIE .................................. 105

BYLAAG I ...................................... 110
BYLAAG II ..................................... 112
BYLAAG III .................................... 113

## LYS VAN TABELLE

Tabel 5.1: Staneges vir St. 5 dogters ............. 78
Tabel 5.2: Stiene vir St. 5 dogters ............... 78
Tabel 5.3: Staneges vir St. 5 seuns ............... 79
Tabel 5.4: Stiene vir St.5 seuns .................. 79
Tabel 5.5: Staneges vir St. 7 dogters ............. 80
Tabel 5.6: Stiene vir St. 7 dogters ............... 80
Tabel 5.7: Staneges vir St. 7 seuns ............... 81
Tabel 5.8: Stiene vir St. 7 seuns ................. 81
Tabel 5.9: Staneges vir St. 10 dogters ............ 82
Tabel 5.10: Stiene vir St. 10 dogters .............. 82
Tabel 5.11: Staneges vir St 10 seuns ............... 83
Tabel 5.12: Stiene vir St 10 seuns ................. 83
Tabel 5.13: Normbepaling: Gemiddeldes en standaard-afwykings ............................. 84
Tabel 5.14: Toets-Hertoets betroubaarheid .......... 86
Tabel 5.15: Kuder-Richardson 21 betroubaarheid ..... 87
Tabel 5.16: Samevallende geldigheid ................ 90
Tabel 5.17(a): Omvang van Interkorrelasies van die velde van die prentebelangstellings-vraelys ............................. 95
Tabel 5.17(b): Gemiddelde Interkorrelasies van die velde van die prentebelangstellings-vraelys ............................. 95
Tabel 5.18: Geslagsverskille by die prentebelang-stellingsveld ......................... 97

# HOOFSTUK 1

## 1. PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN DIE ONDERSOEK

### 1.1 Inleiding

So baie keuses wat gemaak word en so baie besluite wat geneem word, is so beslissend, nie alleen vir die persoon se eie lewe en toekoms nie, maar ook vir baie mense wat nou by die persoon betrokke is. 'n Essensiële keuse wat elke persoon moet maak, is dié van 'n beroepskeuse. Dit is 'n gewigtige besluit in die lewe van 'n persoon (Liebetrau, 1987:401).

Du Toit (1988:1) beaam dit deur te beweer dat die essensiële keuse van 'n beroep, seker van die belangrikste besluite in 'n mens se lewe is, as in aggeneem word dat 'n persoon se beroepslewe oor 4 dekades mag strek. Die noodsaaklikheid van 'n beroep impliseer dat 'n persoon 'n produktiewe rol in die gemeenskap moet vervul, maar ook dat hy homself moet aktualiseer deur middel van die uitlewing van onder meer belangstellings, vermoëns, houdings en waardes. Om die suksesvolle funksionering van persone in die ope arbeidsmark te verseker, is dit dan ook noodsaaklik dat doeltreffende loopbaanvoorligting aan jeugdiges verskaf word. In die lig van die groter behoefte wat daar ontstaan ten opsigte van loopbaanvoorligting, moet daar mettertyd aandag gegee word aan die ontwikkeling van psigometriese instrumente vir hierdie doel (Du Toit, 1988:1).

Die doel van beroepsvoorligting is onder meer om die leerling te lei tot begrip en kennis van sy eie persoonlike eienskappe, byvoorbeeld sy vermoëns, prestasies, aanlegte en belangstellings (Kruger, 1990:32). Een van die hulpmiddels wat vir hierdie doel aangewend word, is psigometriese meetinstrumente en gestandaardiseerde belangstel-

lingsvraelyste. Alberts (1969:3) beweer dat belangstelling beskou word as een van die rigtinggewenste aspekte van persoonlikheid. Volgens van Vuuren (1962:32) is belangstelling by 'n jongmens 'n bepalende faktor ten opsigte van sy beroepskeuse. Hy (van Vuuren, 1962:32) beweer dat wanneer die jeugdige die stadium van selfstandigheid bereik het, hulle nie alleen 'n inherente erfenis bereik van verstandelike vermoëns nie, maar ook 'n ontplooide ontwikkelde en gevormde beoordelings- en waarderingserfenis, dit wil sê, 'n vaste belangstelling met betrekking tot die ganse lewensverband waarin hulle hulself bevind. Belangstelling is nou nie meer opvoedingsideaal nie, maar opvoedingsresultaat. Dit word 'n bepaler, nie net van daaglikse besluite nie, maar ook van studie- en beroepskeuses, want dit omspan die ganse aktewêreld van die mens (Van Vuuren, 1962:32).

Alberts (1969:220) stel dit dat belangstelling as uitvloeisel van die mens se pogings tot behoeftebevrediging een van die belangrikste determinante by beroepskeuse is. Verder sê hy dat skool- en ander opleiding dien as voorbereiding vir die beoefening van 'n beroep en dat belangstelling in hierdie voorbereidingsfase 'n groot rol speel. Belangstelling is egter nie die enigste bepalende faktor nie. Ander determinante soos intelligensie, aanleg en ander persoonlikheidsaspekte en selfs fisiologiese en omgewingsfaktore moet altyd in aanmerking geneem word.

Aangesien belangstelling beskou word as 'n rigtinggewende en bepalende faktor in beroepskeuse, behoort 'n belangstellingsvraelys 'n belangrike meetinstrument te wees in die keuse van 'n beroep. Dit word dan ook tesame met al die ander faktore in 'n geheelbeeld beskou, alvorens 'n beroepskeuse uitgeoefen word.

## 1.2 Probleemstelling

Die Instituut vir Psigologiese en Edumetriese navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing stel die volgende belangstellingsvraelyste beskikbaar vir gebruik. Die 19-Veld Belangstellingsvraelys (19VBV) (vir beroepskeuse), Hoërskoolbelangstellingsvraelys (HSB) (beroepsbelangstelling vir kleurlinge), Belangstellingsvraelys vir Indiërleerlinge in St 6-10 (om beroepsbelangstellings te meet), Beroepsbelangstellingsvraelys vir leerlinge in standerds 6-10 (BBV), Prenteberoepsbelangstellingsvraelys (PBV) en die Self-Directed Search-vraelys (SDS) (om toetslinge bloot te stel aan 'n beroepsvoorligtingsprogram) (Owen en Taljaard, 1989:405-428). Benewens hierdie belangstellingsvraelyste, maak onderwysdepartemente en tersiêre inrigtings in die Republiek van Suid-Afrika ook gebruik van die KODUS-belangstellingsvraelys van die Sielkundige Diens, Onderwysdepartement, Kaapstad, in samewerking met die Buro vir Studentevoorligting, Universiteit van Stellenbosch.

Die Kuder-belangstellingsvraelys is deur die Protea Opvoedkundige Dienste vir Suid-Afrikaanse toestande vertaal en aangepas. Die vraelys is vir 'n geruime tyd in die Republiek van Suid-Afrika beskikbaar. Die voorligtingsdiens van die NIPN maak tans nog van die belangstellingsvraelys gebruik (Smit, 1991:358).

Behalwe vir die Prenteberoepbelangstellingsvraelys is die meeste van hierdie belangstellingsvraelyste tydrowend, aangesien dit leerlinge ongeveer 'n uur per vraelys (senior leerlinge) en dit junior leerlinge selfs langer neem om te voltooi (RGN, 1987:28-30). Sommige leerlinge kan moontlik die invul van die belangstellingsvraelyste vermoeiend vind en gou verveeld raak daarmee. Ook die nasien van die vraelyste kan 'n tydsame proses wees.

Drie verbale vraelyste is dan ook slegs gestandaardiseer vir blanke Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge, (KODUS en 19VBV en Kuder-belangstellingsvraelys), terwyl die ander slegs voorsiening maak vir 'n bepaalde etniese groep.

Belangstellingsvraelyste soos hierbo genoem is gebaseer op komplekse verbale stimuli en vereis 'n redelike mate van verbale vaardigheid van die toetsling. Hierdie belangstellingsvraelyste word ook dikwels gerig op kinders en volwassenes met 'n gemiddelde of swakker verbale vermoë (Geist, 1959:413). Volgens Geist (1959:413) kan verwag word dat daar aansienlike teenstrydighede tussen die werklike belangstelling van toetslinge, soos aangedui in 'n lewensgetroue prentvoorstelling van 'n situasie, en belangstelling soos bepaal word deur een of ander hoogs verbale belangstellingsvraelys kan bestaan. Volgens bevindinge deur Geist (1959:413) wil dit voorkom of belangstellingsvraelysitems en itemvorme (prentevoorstellings) wat getrou is aan die werklikheid, die probleem grootliks die hoof kan bied.

Volgens Geist (1959:413) sal prente-items ook minder dubbelsinnigheid meebring as wat by verbale items die geval is. Hy beweer dat dit dan tot hoër betroubaarheid asook hoër geldigheid behoort te lei. Deur die effektiewe benutting van die verhoogde itembetroubaarheid is dit moontlik om 'n veel korter en gelykwaardige effektiewe belangstellingsvraelys te ontwikkel.

Hoewel 'n prentebelangstellingsvraelys soos die Prenteberoepbelangstellingsvraelys vir swart volwasenes in Suid-Afrika beskikbaar is, is hierdie vraelys direk gerig op Swartmense met 'n lae geskooldheidspeil (st. 5) en ambagslui (RGN, 1987:30). Hierdie is die enigste prentebelangstellingsvraelys wat deur die RGN beskikbaar gestel word en voldoen nie aan die behoefte van 'n prentebelangstellingsvraelys vir hoër geskoolde blanke groepe nie.

'n Prentebelangstellingsvraelys vereis dat die toetsling 'n keuse moet maak, tussen verskeie alternatiewe en word terselfdertyd gebruik, om kennis en inligting oor verskillende beroepe of stokperdjies aan die toetsling oor te dra. Die toetsling kan dus blootgestel word aan beroepe buite sy ervaringswêreld. As meetinstrument sal dit baie van die semantiese probleme wat verbale belangstellingsvraelyste inhou, elimineer.

## 1.3 Die doel van die navorsing

Die doel van hierdie navorsing is om 'n prentebelangstellingsvraelys vir blanke leerlinge en studente te ontwikkel vir gebruik by vakkeuse (st. 5), studierigting (st. 7) en beroepskeusevoorligting (st. 10).

## 1.4 Die studiepopulasie

Die omvang van 'n studie om alle standerdgroepe (st. 5-10) en alle rassegroepe te betrek, asook die finansiële implikasies verbonde daaraan, is te groot vir hierdie ondersoek. Daarom sal hierdie navorsing slegs fokus op blanke Afrikaanssprekende leerlinge in st. 5, 7 en 10 in Rustenburg. Ten aanvang word st. 5, 7 en 10-leerlinge gebruik, aangesien die leerlinge keusehoogtepunte in hulle loopbane beleef. St. 5-leerlinge moet studierigtings- en vakkeuses maak, st. 7-leerlinge moet finale vakkeuses en studierigtings kies, terwyl st. 10-leerlinge beroepskeuses moet maak. Engelssprekende leerlinge in Rustenburg word uitgesluit omdat die getal Engelssprekende leerlinge in st. 5, 7 en 10 in Rustenburg 'n onbeduidende deel van die teikenpopulasie vorm.

## 1.5 Metode van Navorsing

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

### 1.5.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie sal gerig wees op die begrippe: belangstelling, prentebelangstelling en die meting van belangstelling. Hierdie aspekte sal in verband gebring word met vak- en studierigtingkeuses in beroepsvoorligting. Aspekte wat ook aandag sal geniet is: belangstelling en persoonlikheid; belangstelling en affektiwiteit; belangstelling, intelligensie en aanleg; belangstelling en kennis; belangstelling en waardes; belangstelling en houdings; belangstelling en motivering asook belangstelling en geslagsverskille (Owen en Taljaard, 1989:392-398).

Daar sal ook gekyk word na bepaalde tegnieke en metodes vir die meting van prentebelangstelling.

### 1.5.2 Empiriese ondersoek

Die klassieke toetsteorie met die volgende stappe word gebruik:

- Itemontwikkeling - prente-items word so ontwikkel dat daar nie ten opsigte van geslag gediskrimineer word nie. Aspekte soos taal, kultuur en godsdiens word nie as veranderlikes oorweeg nie, as gevolg van homogeniteit van die betrokke populasie.

- Loodsstudie - die steekproef word op 'n gestratifiseerde ewekansige wyse met behulp van ewekansige tabelle volgens skool, standerd en geslag getrek.

- Die finale steekproef word getrek.

- Die finale toepassing van die vraelys word gedoen.

- Normbepaling - die norms (staneges en stiene) word per geslag en standerd bereken van genormaliseerde uitgestrykte z-tellings.

- Betroubaarheid - die vraelys word na verloop van minstens 6 weke op dieselfde steekproef toegepas ten einde temporele stabiliteit te bepaal.

- Geldigheidsbepaling - tydens die eerste toetstoepassing word die KODUS toegepas ten einde samevallende geldigheid met hierdie vraelys te bereken.

- Hierna volg die resultaatbespreking.

- Daar word ook sekere aanbevelings gemaak na aanleiding van die resultaatbespreking.

## 1.6 Verloop van die ondersoek

Hoofstuk een dien as inleiding en bespreek kortliks die plek van belangstelling wanneer loopbaanvoorligting ter sprake kom. Die behoefte aan 'n prentebelangstellingsvraelys vir beroepskeuse en voorligting word kortliks bespreek. Daar word ook gefokus op die doel, metode en verdere verloop van die studie.

Hoofstuk twee bied 'n oorsig en agtergrondskennis oor die begrip "belangstelling," die aard daarvan, asook die aspekte van belangstelling.

Die meting van belangstelling, waaronder tegnieke en metodes, word onder die loep geneem in hoofstuk drie.

In hoofstuk vier word die metode van ondersoek bespreek.

In hoofstuk vyf word die navorsingsresultate ontleed en bespreek.

In hoofstuk ses word 'n samevatting van die studie; gevolgtrekkings en aanbevelings aangebied.

## 1.7 Samevatting

Hierdie hoofstuk het kortliks die behoefte aan 'n prente-belangstellingsvraelys vir beroepsvoorligting aangeraak in die probleemstelling. Die doel van die ondersoek, metode en verloop van die ondersoek is dan vervolgens ook bespreek.

In hoofstuk twee sal die begrip "belangstelling", sy aard en die aspekte van belangstelling aandag geniet.

# HOOFSTUK 2

## 2. BELANGSTELLING

### 2.1 Inleiding

Belangstelling is nie 'n eenvoudige begrip nie, omdat dit ook 'n onafskeidbare deel van die totale persoonlikheid van die mens is (RGN, 1979:138). Dit is ook belangrik om daarop te let dat daar met verloop van tyd sekere klemverskuiwings ten opsigte van die begrip "belangstelling" plaasgevind het. Wat laasgenoemde aspek betref kan ons let op die tydperk tot 1931 en die tydperk daarna (Oosthuizen, 1980:37).

Oosthuizen (1980:37) gee kortliks 'n oorsig oor die klemverskuiwings van belangstelling. Die tydperk tot 1931 word gekenmerk deur name soos Herbart, Stumpf, Woodworth en Mc Dougall wie respektiewelik belangstelling geassosieer het met aandag, gevoel, houding en motivering. Fryer (soos aangehaal deur Oosthuizen, 1980:37) het egter 'n ander benadering gehad. Hy het onderskei tussen subjektiewe belangstellings wat volgens hom gevoelens is en objektiewe belangstellings wat volgens hom reaksies of gedrag is. 'n Ander interessante aspek van Fryer se idees was dat hy belangstelling en motivering geskei het - 'n verskynsel wat eers in die latere jare van Strong weer na vore getree het. In die tydperk ná 1931 (oftewel die tydperk ná Fryer) vind daar feitlik 'n herhaling van die toestande wat voor 1931 geheers het, alhoewel daar nou ook duidelik ander tendense na vore tree.

Omdat daar in hierdie hoofstuk hoofsaaklik op die begrip "belangstelling" gefokus word, word na ouer en meer resente beskrywinge verwys. Uit hierdie bespreking sal dit ook blyk dat die laaste woord oor belangstelling waarskynlik nog nie gespreek is nie. Vervolgens sal die begrip "belangstelling" omskryf word. Die wese en aard van belangstelling word ook toegelig.

## 2.2 Definisie van belangstelling

Volgens Gouws *et al*. (1982:32) is belangstelling 'n houding wat meebring dat die individu voorkeur gee aan bepaalde aktiwiteite en objekte. Dit gaan gepaard met die gevoel dat die betrokke objek, saak of aktiwiteit waardevol of betekenisvol is. Verder impliseer dit 'n toestand van motivering of ingesteldheid wat gedrag in 'n bepaalde rigting of na bepaalde doelstellings lei. Die eindresultaat van emosionele en motiverende prosesse.

Volgens Taljaard (1989:392) word belangstelling as 'n algemeenbekende konsep aanvaar, tog is daar geen werklike ooreenstemming aangaande die psigologiese betekenis nie. Die vele pogings van navorsers om belangstelling in verband te bring met aandag, motivering, houding en effek is voldoende bewys hiervan. Diverse definisies kan en behoort dus verwag te word. Volgens die IPEN toetshandleiding word belangstelling as volg beskryf:

Belangstelling word beskou as 'n aspek van persoonlikheid en kan beskryf word as 'n spontane aangetrokkenheid tot, of voorkeur vir sekere aktiwiteite, asook spontane afkeur vir ander aktiwiteite (Owen & Taljaard, 1989:392).

Volgens Drever (1956:14) definieer strukturele sielkundiges belangstelling as gevoel, 'n element van die ervaring, 'n geestelike element of as 'n komplekse gedagte ervaring met 'n sterk gevoelselement.

Strong (1943:6-9) beklemtoon die dinamiese aspek van belangstelling en beweer:

> "Experimentally interest is a response of liking ... interest is present when we are aware of an objector, better still, when we are aware of our set

> or disposition towards the objects. We like the object when we are prepared to react toward it. We dislike the object when we wish to let it alone or get away from it." en vervolg "an interest is accompanied by a pleasant feeling and by a dynamic tendency to seek the object or to do something with it."

In die handleiding van die KODUS-belangstellingsvraelys word belangstelling soos volg gedefinieer:

> "Belangstelling is 'n geneigdheid om relatief konstant voorkeur te gee aan sekere soorte aktiwiteite. As motiverende krag in 'n besluit-nemingsproses kan dit 'n bewustelike of onbewus-telike rol speel. Dit is 'n gerigtheid van die persoon in sy totaliteit en die verontagsaming daarvan in 'n beroepskeuse kan dus verreikende negatiewe invloede op die algemene welsyn van die persoon uitoefen." (1978:1.)

Vir Van Vuuren (1962:10) behels belangstelling die rigting-bepalende krag by 'n taakstelling of ideaal, wat uit sowel 'n bestrewings- as 'n strewingsmoment bestaan, terwyl Van Straten (1967:2) belangstelling beskryf as 'n bewussyns-toestand van die mens wat gekonsentreerd en selektief is en ook die mens in sy totaliteit betrokke maak.

Du Toit (1964:12-13) vat belangstelling so saam:

> "Om op te som, belangstelling wek aandag, gaan met gevoel gepaard, is dinamies en is moeilik van be-hoeftes, houdings en ander motiverings te onder-skei."

Oosthuizen (1980:38) definieer dit as gekondisioneerde reaksies wat verwant is aan doelwitte en uitgedruk word as voorkeure of afkeure van aktiwiteite en impliseer dat belangstelling ontwikkel deur middel van gekondisioneerde reaksies, dit wil sê reaksies wat aangeleer word.

Kriel (1955:1-2) definieer belangstelling soos volg:

> "Belangstelling is 'n bepaalde bewussynstoestand of 'n persoonlike of verstandelike houding of 'n bepaalde psigo-fisiologiese of psigiese toestand van die persoon, waarby daar 'n strewe, dryfkrag of neiging aanwesig is, na iets wat vir die persoon van waarde is of omdat dit aan die vervulling van 'n bepaalde behoefte voldoen of aan hom bevrediging verskaf en gevolglik gee hy voorkeur daaraan. Dit gaan altyd gepaard met aandag en dit is ook aktief of dinamies van aard, waarby 'n emosionele toestand of 'n sterk gevoelselement aanwesig is en selfs die intelligensie kan hierby ook 'n rol speel." (Vergelyk ook van Zyl, 1943:11).

Volgens Smit (1991:354) ontstaan belangstelling as behoeftebevredigende aksies om dit wat as 'n onewewigtigheid bestempel kan word, te herstel. Daar kan gesê word dat belangstelling gepaard gaan met 'n dinamiese neiging om die voorwerp/aksie wat tot behoeftebevrediging lei te soek of om iets aan hierdie voorwerp of aksie te doen.

Troost (1965:12) beskou belangstelling as die gevolg van 'n aaneenskakeling van sielkundige invloede en is as sulks onderhewig aan verandering. Belangstelling word ook verklaar as 'n vaste, oorgeërfde biologiese eienskap en in die minder ekstreme vorm word belangstelling gesien as vasgelê na die individu volwassenheid bereik het, maar ook dat daar groei plaasvind.

Lourens (1968:83-84) verdeel belangstelling in drie groepe definisies waarvan die eerste belangstelling beskou as 'n individu se algemene gedragspatroon wat aangetrokke voel tot 'n bepaalde klas van aktiwiteite. Hierdie aangetrokkenheid beteken die individu gee aandag,strewe daarna of soek die potensiële waarde daarvan vir homself.

Tweedens sien Lourens (1968:83-84) belangstelling in terme van aanvaarding, asook die verband van belangstelling tot aandag, tot voorkeur of voorliefde, tot aksie en tot subjektiewe waardes.

In die derde plek beskou hy belangstelling as selektiewe weetgierigheid, 'n gevoelservaring gekenmerk deur naspeur-, kyk- en luistergedrag; as 'n gevoel wat met onbelemmerde, suksesvolle aktiwiteit gepaard sou gaan of as 'n noodsaaklike voorwaarde vir leer.

In die lig van bogenoemde definisies word beroepsbelangstelling dan volgens Wolfaardt (1972:20) beskou as 'n voorkeur vir 'n sekere beroep of aktiwiteite wat aan 'n sekere beroep verwant is, of indien dié belangstelling nog nie finaal is nie, voorkeur vir sekere breë beroepsrigtings.

## 2.3 Gevolgtrekking

Enkele definisies is hier beskryf te midde van vele definisies oor belangstelling. Gemeenskaplike aspekte van hierdie definisies is dat belangstelling dinamies is, spontane voorkeur gee aan sekere aktiwiteite, behoeftebevredigend is, rigtingbepalend en/of 'n motiverende dryfkrag is wat ook 'n gevoelselement het. Verder word die mens ook in sy totaliteit betrek wanneer belangstelling aangedui word.

In die volgende paragrawe word die aard en wese van belangstelling bespreek.

## 2.4 Aard en wese van belangstelling

### 2.4.1 Inleiding

Dit is belangrik om die begrip belangstelling te onderskei van ander nouverwante nie-kognitiewe begrippe soos houdings en waardes (Oosthuizen, 1980:37). Enkele teorieë sal nou bespreek word wat meer lig op die aard van belangstelling sal werp.

### 2.4.2 Van Straten se beskouing

Van Straten (1967:5) stel dit dat belangstelling vertikaal deur die hele persoonlikheid met al sy lae of sfere sny en sê vervolgens dat wanneer ons praat van belangstelling as behorende tot die ken-, gevoels- en strewingslewe van die persoon, wil belangstelling nie net tot een van hierdie algemeen menslike funksies beperk word nie, maar is dit steeds die gedagte dat die persoon as <u>totaliteit</u> betrek is. Daarom ook sal belangstelling nie net skakel met die onderste of benede-personale vlakke van die persoonlikheid soos die fisies-chemiese, bioties-fisiologiese sfere (belangstelling staan in noue verband met liggaamskrag, frisheid, klierwerking ensovoorts) en die biopsigiese sfeer (aanleg, temperament, drange, drifte) nie, maar ook met die personale of geestelike sfeer (dat die mens na geestelike waardes buite en bo homself leef en handel).

### 2.4.3 Van Vuuren se beskouing

Belangstelling het 'n tweërlei wesensgrondslag, te wete 'n behoefte-bevredigingsbasis en 'n bestrewingsbasis (Van Vuuren, 1962:10).

Van Vuuren (1962:13) kom tot die gevolgtrekking dat by elke taakstelling of ideaal 'n grondtoon van die hormiese aanleg

(drangebehoeftes wat weer 'n invloed het op karaktervorming en intellektuele aktiwiteite) van 'n mens teenwoordig is, maar waarsku hy dat dit net 'n basiese dimensie of onderbou van elke handeling is.

Hy toon verder aan (1962:22) dat by elke taakstelling of ideaal word daar derhalwe, benewens die hormiese aanleg, 'n tweede grondtoon beluister naamlik dié van kultuurmotiewe van die mens, wat in die bestrewingsbewussyn setel. Dit word deur die waarderingsbewussyn gerangskik. Van Vuuren (1962:23) wys daarop dat dit kragte is (behoefte-bevredigingsbasis en bestrewingsbasis) wat van rigtinggewende aard is in elke lewens- en oriëntasie-situasie.

### 2.4.4 Troost se beskouing

In sy historiese oorsig van belangstelling vind Troost (1965:10-12) dat in verskeie definisies waaronder Arnold, Dewey, Herbart, Stumpf, Woodworth en andere voorkom, belangstelling gekoppel kan word aan gevoel en aandag (spontane aandag). Belangstelling is ook 'n aktiewe, dinamiese proses met 'n emosionele sy en is gerig tot 'n voorwerp. Belangstelling word ook gekoppel aan houding en subjektiewe bewuswording van aangename of onaangename gevolge, asook die strewe na verwagte satisfaksie. Belangstelling word ook gesien as 'n dryfveer na aktiwiteit en wat ook rigting aandui by besondere talente. So ook word behoeftes en motiewe nou gekoppel aan belangstelling.

### 2.4.5 Alberts se beskouing

Volgens Alberts (1969:8-11) is baie dinge aan belangstelling gekoppel soos behoefte, houding, aandag, ensovoorts, maar Fryer het reeds in 1931 aangetoon dat belangstelling 'n afsonderlike entiteit van sielkundige funksionering is. Alberts noem verder dat die aard van belangstelling in verskeie teorieë ontwikkel is. Kortliks word die volgende teorieë genoem:

- instinkte en belangstelling, dit wil sê belangstelling word gevorm deur instinkte en drifpatrone;

- belangstelling kan teruggevoer word na die drangkompleks en hang nou saam met die vorige teorieë;

- ontwikkelingsteorieë van belangstelling word beskou as voortdurende ontwikkeling van belangstelling en dit word bepaal deur die ervaring en kennis wat die persoon met verloop van tyd opdoen;

- belangstelling word gevorm na en gerig op 'n geestelike waardestelsel.

### 2.4.6 Wolmarans se beskouing

Meer resente skrywers soos Taljaard, Oosthuizen, Wolfaardt en Smit, noem slegs enkele oorsigtelike aspekte van belangstelling en daarom word Wolmarans aangehaal vir die wesensgrondslag van belangstelling.

Volgens Wolmarans (1946:11-20) het belangstelling reeds in 1946 uit verskillende komponente bestaan, wat almal inmekaar voeg om 'n komplekse geheel te vorm. Wanneer die begrip in sy elemente opgebreek word, geskied dit net om die verskeie aspekte daarvan aan te toon, nie as aparte entiteite nie, maar as aspekte van 'n groter geheel, wat slegs in sy totaliteit waarde besit.

Wolmarans (1946:11) beweer voorts dat belangstelling wat 'n persoon vir bepaalde sake besit, verkry hy deur oorerwing en verwerwing. Hy sê ook dat die primêre belangstelling wat 'n mens besit, word vir hom deur sy instinkte bepaal, dus oorerwing. Verder sê Wolmarans (1946:12) dat die omvorming van die psigiese inhoud van die individu vir die harmoniese samelewing in 'n bepaalde milieu deur die omgewing, van die

allergrootste belang is. Verworwe belangstelling berus dus op die sentimente wat 'n mens gedurende sy lewe ontwikkel.

Volgens Wolmarans (1946:14) sal die gevoelsaspek van belangstelling 'n gevoel van verwagting en begeerte by 'n persoon laat ontstaan, as gevolg van die aanklank van 'n bepaalde voorwerp of situasie, dan dwing dit hom tot aktiwiteit. Die behoeftesaspek van belangstelling is wanneer 'n individu na prikkels in 'n bepaalde rigting soek, doen hy dit uit 'n innerlike behoefte wat daar ten opsigte van sulke voorwerpe of situasies by hom bestaan of ontstaan.

Wolmarans (1946:16-17) is die mening toegedaan dat die belangstellings van 'n persoon bepaal word deur sy geestelike disposisie of innerlike houding teenoor bepaalde sake. Die belangstellingsrigtinge van 'n persoon bestaan ook nie uit aparte verbandlose aspekte van sy aandagsbepalingsgebiede nie. Die verskillende aspekte funksioneer ook nie as losstaande eenhede nie, maar vorm 'n ineengeslote komplekse struktuur. Alleen in die totaliteit van'n persoon se belangstellingsrigtinge kan'n ware beeld van hom gevind word.

Hy beweer ook dat ten spyte van die veranderinge wat daar ten opsigte van die belangstellingsgebiede by die kind in sy ontwikkeling plaasvind, bestaan daar 'n merkwaardige konstantheid van belangstelling by elke individu, wanneer dit as die somtotaal van al sy verskillende belangstellingsgebiede beskou word (Wolmarans, 1946:17).

Wolmarans (1946:18) stel dit dat die belangstelling van 'n persoon ook sy rigsnoer en sy stuurapparaat in sy lewe is. Wanneer 'n persoon in 'n bepaalde saak belangstelling het, word hy so ingestel, dat hy op so 'n wyse waarneem, dat hy maklik die saak in sy elemente kan sien, waaruit hy dan die belangrikste faktore, of die grondbeginsels daarvan kan abstraheer. Belangstelling is dus by so 'n waarneming of

ondersoek, die koersaanduier van die metode wat gevolg moet word. Ook ten opsigte van beroepskeuse vervul goedontwikkelde belangstellings 'n belangrike rol om koers te gee in 'n andersins duistere toekoms.

Na aanleiding van bogenoemde beskrywing lig Wolmarans (1946:19) 'n paar punte van belang uit:

Belangstelling in bepaalde sake of velde is 'n natuurlike verskynsel by die mens en is 'n voorwaarde vir die bepaling van die aandag op sulke sake of velde.

Die belangstelling van elke individu gaan 'n ontwikkelingsproses deur, sodat daar noodwendig verskille van belangstellingsrigtinge sal bestaan tussen kinders van verskillende ouderdomme.

Belangstelling vir bepaalde sake kan aangeleer word, mits daardie persoon daardie moontlikhede oorgeërf het en dit plaasvind in die omgewing van die optimum periode daarvoor.

Wilsbelangstelling is die hoogste vorm van belangstelling, waarin die hele persoonlikheid en dus die omvattendste van alle sentimente, naamlik dié van selferkenning en selfrespek, die stukrag is.

Belangstelling is 'n bepalende en rigtinggewende maatstaf van die ontwikkelingshoogte van die kind.

Die belangstelling van 'n persoon dra naas 'n algemene, ook 'n individuele karakter, omdat elke persoon naas 'n algemene, ook 'n individuele erflikheidstoerusting ontvang het.

Belangstelling is toekomsgerig (Wolmarans, 1946:19-20).

### 2.4.7 Lourens se beskouing

Uit die voorafgaande definisie van belangstelling deur Lourens kan 'n aantal uiteenlopende implikasies van die term "belangstelling" afgelei word:

> "Reaktief: Iemand wat in 'n saak, voorwerp ensovoorts belang stel, sal, as dit in sy omgewing geplaas word, daarna kyk, daarna luister of andersins, aandag daaraan gee.
>
> Affektief: Belangstelling is goedkeuring of aanvaarding, stellig met entoesiasme, voorkeur of voorliefde.
>
> Konatief: As 'n persoon in iets belang stel, sal hy meer geredelik tyd, inspanning, geld ensovoorts daaraan bestee.
>
> Kognitief: As 'n persoon in iets belangstel, word gewoonlik aangeneem dat hy soveel moontlik daaromtrent sal wil weet (vinniger sal leer en beter onthou).
>
> Verbaal: Onder bepaalde omstandighede kan op grond van die bogenoemde implikasies ook verwag word dat die persoon verbaal te kenne sal gee dat hy van die betrokke saak, aktiwiteit ensovoorts hou of daarin belangstel." (Lourens, 1968:84.)

### 2.4.8 Gevolgtrekking

Daar is vele dieperliggende entiteite van die persoonlikheid wat in nou-verweefde kompleksiteit belangstelling van 'n persoon aandui. Daarbenewens word belangstelling ook deur omgewingsfaktore beïnvloed.

Begrippe soos belangstelling, houding, motivering en algemene persoonlikheidsaspekte is met verloop van tyd van mekaar geskei. Om 'n belangstellingsvraelys op 'n sinvolle wyse te kan gebruik, is dit vir die toetsgebruiker noodsaaklik om 'n studie van die belangstellingsaspek van die persoonlikheid te maak. Vervolgens word aspekte van belangstelling onder die loep geneem.

## 2.5 Enkele aspekte van belangstelling

### 2.5.1 Belangstelling en persoonlikheid

Navorsers (soos Dubs, Rice en Gaddes soos aangehaal deur Troost (1965:13)) beskou belangstelling as 'n onderafdeling van die persoonlikheid of van die ego en dat daar 'n noue verwantskap bestaan. Volgens Cronbach (1970:480) is dit moontlik om belangstellingsvraelyste meer direk as verbloemde persoonlikheidsmeetinstrumente te gebruik, dus kan afgelei word dat daar 'n noue verband bestaan tussen belangstellingspatrone en 'n mens se persoonlikheid.

Volgens Cattel (1948:128) gee belangstellingsvraelyste 'n objektiewe siening van die aanpassings op die bewussynsvlak - vry van die vooroordeel van die analis se eie persepsie van die belange (dikwels gegrond op onvoldoende bewyse) - die toetsresultaat is 'n waardevolle bydrae tot die legkaart van die persoonlikheidsgeheelbeeld.

Alberts (1969:13) neem die standpunt in dat al die diverse benaderings ten opsigte van dié verwante aspekte van belangstelling deurgetrek kan word na die verskeie vlakke van Maslow se hiërargie van behoeftes. 'n Persoon se gedrag word gerig deur sy behoeftes en vind uiting in sekere voorkeure en afkeure in aktiwiteite.

Owen en Taljaard (1989:393) stel dit dat belangstelling beskou kan word as 'n aspek van persoonlikheid, maar beaam dat sommige navorsers hierdie verband bevraagteken.

## 2.5.2 Belangstelling, kennis, aanleg en intelligensie

Kriel (1955:14) sê 'n mens staan onverskillig teenoor die onbekende, maar sodra ons iets van 'n saak weet, raak dit ons belangstelling, wat ons dan daarvoor "vuriger" maak, namate ons meer daarmee vertroud word. Kennis wek dus belangstelling, belangstelling versterk weer die drang na kennis en so hou dit aan.

Volgens Wolfaardt (1972:36-38) is die individu in die beantwoording van 'n belangstellingsvraelys in 'n groot mate gebonde aan reeds verkreë algemene of spesifieke kennis ten opsigte van die aktiwiteite waaroor hy uitgevra word. Om dié rede moet daar met die opstelling van 'n belangstellingsvraelys aanvaar word dat alle toetslinge, 'n minimum kennis oor die onderwerp het. Die rede hiervoor is dat dit onmoontlik is om 'n vraelys by alle toetslinge se kennis oor beroepsaktiwiteite aan te pas. Dit is vanselfsprekend dat 'n persoon nie 'n objektiewe oordeel oor onderwerpe of aktiwiteite waarvan hy geen of baie min kennis dra, kan uitspreek nie. Hoe vollediger sy kennis oor 'n spesifieke aktiwiteit, hoe meer betroubaar behoort sy respons daaroor te wees.

Fryer het reeds in die dertigerjare ook besef watter rol gebrek aan kennis speel, en opgemerk dat die waarde wat 'n belangstellingsvraelys vir 'n persoon het wanneer dit vir beantwoording aan hom voorgelê word, sal afhang van die inligting waaroor hy beskik. Volgens Fryer (1931:32) besluit hy of hy van 'n aktiwiteit hou of nie, soos dit in verskillende beroepe teenwoordig is volgens sy inligting ingewin. Hoe minder beroepe hy in detail ken, hoe minder betroubaar sal sy skatting van sy aktiwiteitsbelangstellings waarskynlik wees.

Verder maak Wolfaardt (1972:37) die stelling dat die hoeveelheid kennis oor beroepe en beroepsinligting waaroor skoliere beskik, waarskynlik bepaal word deur talle faktore soos die sosiale en sosio-ekonomiese omstandighede van die tuis- en skoolomgewing, opvoedkundige peil van ouers en ander gesinslede, beroepsvoorligtingonderrig op skool en die beskikbaarheid van boeke, tydskrifte en koerante om algemene kennis uit te brei.

Wolfaardt (1972:38) wys daarop dat ervaring ook hier 'n rol speel. Baie aktiwiteite, wat breë beroepsrigtings omsluit, wat in 'n belangstellingsvraelys gemeld word, buite die werklike ervaringswêreld van skoliere val. Slegs in uitsonderlike gevalle, soos wanneer leerlinge deeltydse of vakansiewerk gedoen het, mag hulle wel oor beroepservaring beskik.

Volgens die RGN-verslag (1979:140) kan kennis ook 'n rol by belangstelling speel. Die uitdrukking, "bekend maak bemind," spreek sinvol wanneer die wye verskeidenheid beroepe in die kind se skoolloopbaan waarmee hy/sy kennis maak, duidelik die kind se kennis wek tot belangstelling.

Fryer (1931:339) wys op die verband tussen intelligensie en belangstelling. Volgens Fryer is dit duidelik dat verstandsouderdom, sowel as kronologiese ouderdom, 'n invloed het op die universaliteit van belangstelling.

Troost (1965:5) beweer dat bekwaamheid nie die tipe of kwaliteit van belangstelling kan bepaal nie, maar wel 'n invloed het op die aantal belangstellings. Nunnally (1970: 418) stel dit dat kinders dikwels belangstelling het in dinge waarvoor hulle nie veel aanleg het nie. Verder sê hy dat daar 'n positiewe kongruensie ontwikkel tussen belangstelling en aanleg namate die individu volwassenheid bereik.

Volgens Cronbach (1970:476) het belangstelling en aanleg 'n duidelike korrelasie. Hy stel dit dat 'n persoon met belangstelling en vermoë wat toepaslik is vir 'n beroep, goed sal kan vaar in so 'n beroep, 'n persoon met toepaslike vermoë, maar ontoepaslike belangstelling, kan moontlik goed vaar of nie, en 'n persoon met lae aanlegte sal swak vaar. Vervolgens sê Cronbach (1970:472) dat belangstelling en vermoë saam 'n uitstekende voorspelling maak vir suksesvolle keuses.

Anastasi (1982:534) stel dit dat aanleg en belangstelling hoog korreleer en dat prestasie die resultaat is van belangstelling en aanleg. Dit is egter noodsaaklik dat beide aspekte gemeet word om effektiewe voorspelling van prestasie te bepaal.

Volgens Smit (1991:357) is daar 'n definitiewe verband tussen vermoë en belangstelling, alhoewel dit baie kompleks blyk te wees. Studies (volgens Wesman, 1952 soos aangehaal uit Smit (1991:356)), toon dat belangstelling rigting bepaal en vermoë die prestasievlak bepaal.

Owen en Taljaard (1989:394) wys daarop dat daar 'n onbelangrike verband bestaan tussen belangstelling en kognitiewe vermoë en dat korrelasies relatief klein is. Hulle stel dit dat 'n persoon se kognitiewe vermoë nie 'n belangrike determinant vir sy belangstelling is nie. Daarom is dit belangrik by die interpretering van belangstellingsvraelyste, om te let daarop dat hoë belangstelling in bepaalde velde, nie outomaties impliseer dat die nodige aanleg of vermoë vir sukses, in die bepaalde beroep teenwoordig is nie.

Die RGN-verslag (1979:139-140) wys daarop dat op grond van navorsingswerk met betrekking tot die verband tussen belangstelling en vermoëns, kan die gevolgtrekking gemaak

word dat 'n geringe verband wel bestaan. Hoë belangstelling in sekere velde impliseer nie dat die leerlinge noodwendig oor die aanleg vir daardie rigting sal beskik nie.

### 2.5.3 Belangstelling en affek

Die vraag wat hier ter sprake is, is watter rol gevoel en belangstelling speel. Drever (1968:142) beklemtoon die emosionele aspek in 'n definisie as 'n tipe gevoelservaring. Fryer stel dit dat subjektiewe belangstelling tweesoortig is, wat bepaal word deur twee gevoelens, naamlik aangenaamheid en onaangenaamheid.

Owen en Taljaard (1989:394) beklemtoon die feit dat gevoel 'n belangrike rol speel in belangstelling. Verder wys hulle daarop dat met interpretering van resultate van 'n belangstellingsvraelys gelet moet word, dat belangstelling affekbelaai kan wees, wat kan lei tot onrealistiese beroepskeuses.

Volgens Gouws et al. (1982:32) gaan belangstelling gepaard met die gevoel dat die betrokke objek, saak of aktiwiteit waardevol of betekenisvol is. Verder sê hy dat belangstelling die eindresultaat van emosionele en motiverende prosesse is. Dit impliseer ook 'n toestand van motivering of ingesteldheid wat gedrag in 'n bepaalde rigting of na bepaalde doelstellings lei.

Die RGN-verslag (1979:140) wys daarop dat omdat belangstelling die totale persoonlikheid betrek, sal behoeftes en ook gepaardgaande affek ook 'n belangrike rol speel by 'n persoon se voorkeur en afkeur. 'n Leerling se belangstelling kan dus so affek-belaai wees dat hy onrealistiese keuses uitoefen.

### 2.5.4 <u>Belangstelling, houdings en waardes</u>

Navorsers soos Sherif en Cantril, Stagner en Vernon, asook Greene stem almal saam dat daar geen duidelike grenslyn tussen belangstelling en houdings is nie (Troost, 1965:14). Volgens Troost (1965:14) is Sjöstrand die enigste navorser wat aantoon dat houding selfstandig bestaan, terwyl belangstelling in verband staan met 'n bestaande dryfveer of motief.

Cattel (1948:129) noem dat belangstelling en houding in dieselfde kategorie geplaas word, omdat hierin die persoon se bewuste voor- en afkeure, houding, opinie en geloof in 'n bepaalde objek gemeet word. Cattel (1948:132) stel dit ook dat Belangstelling-Waarde toetsmateriaal gebruik word en van groot hulp vir, onder andere beroepsvoorligters is.

Volgens Anastasi (1982:534) word belangstelling, houding en waardes baie nou verweef en meting daarvan impliseer oorvleueling. Owen en Taljaard (1989:396) is die mening toegedaan dat daar 'n definitiewe onderskeid gemaak moet word tussen belangstelling en houding, veral met beroepsvoorligting.

Gouws <u>et al</u>. (1982:32) stel dit dat belangstelling 'n houding is wat meebring dat die individu voorkeur gee aan bepaalde aktiwiteite en objekte.

Lindhard (1989:20) stel dit dat wanneer beroepskeuse 'n soeke is na werkstevredenheid, waardes hoë prioriteit geniet in die selektering van bepaalde beroepe. Verder sê hy dat waardes beskryf word as bestaande persoonlike oortuigings, dat spesifieke gedragskode se spesifieke lewensdoelwitte belangriker vir jou is, as bepaalde ander gedragskodes en ander lewensdoelwitte. Waardes is dus soos magnete wat sekere persone na sekere beroepe aantrek en ander beroepe verwerp (Lindhard,1987:20).

Uit Owen en Taljaard (1989:395) blyk dit volgens navorsers soos Van der Westhuizen en De Villiers dat waardes beslis 'n persoon se belangstelling beïnvloed.

Die RGN-verslag (1979:140) stel dit dat uit die praktyk is dit duidelik dat 'n persoon se waardesisteem 'n rol in sy belangstelling sal speel. 'n Leerling mag byvoorbeeld 'n sterk belangstelling en aanleg in 'n sekere rigting toon, maar nietemin 'n rigting kies soos byvoorbeeld teologie, 'n keuse wat hoofsaaklik op die leerling se waardesisteme en/of sy godsdienstige behoeftes berus.

### 2.5.5 Belangstelling en motivering

Du Toit (1964:15-16) beskou motivering ook as 'n inherente proses by beroepsbelangstelling, dat die mens neig tot eksplorasie van sy omgewing. Hy beweer dat volwassenes se motiewe meer kompleks en ingewikkeld is. Du Toit wys daarop dat motivering dikwels die basis is waarop teorieë ten opsigte van belangstelling berus, byvoorbeeld die teorie van Roe of die teorie van Super wat soos volg saamgevat is:

'n Persoon ervaar 'n behoefte of dryfkrag wat van biologiese oorsprong kan wees, maar deur die leerproses word hierdie dryfkrag 'n motief. Die resultaat van hierdie motief is spanning en verligting daarvan word deur middel van aktiwiteit verkry. Hierdie aktiwiteit, verantwoordelik vir die verligting van spanning, staan in noue verband met die belangstelling van 'n persoon. Spesifieke of algemene vermoëns, geleentheid tot uitlewing daarvan, sowel as die aard van behoeftes, maak sekere soorte aktiwiteite meer bevredigend as ander, sodat bepaalde belangstelling van tyd tot tyd verander, maar die basiese belangstelling bly voortbestaan (Du Toit, 1964:15).

Volgens Troost (1965:16-17) toon belangstelling 'n besondere noue verwantskap met een vorm van motivering, naamlik die strewe na dit wat nuut is. Hy onderskei tussen twee kategorieë, naamlik variasie en versadiging - weerstand en ook nuuskierigheid. In die eerste kategorie word variasie gesoek as gevolg van verveeldheid na langdurige deelname aan een vorm van aktiwiteit. Die versadigingspunt motiveer verandering en hou verband met die behoefte aan interessante en wisselende aktiwiteite. Die tweede kategorie is naamlik: om die dryfveer uit nuwe situasies en ondervindings te soek as gevolg van nuuskierigheid. Hier word nuuskierigheid in baie noue verwantskap met belangstelling geplaas.

Geist (1959:416) se prentebelangstellingsvraelys het 'n kwalitatiewe motiverings kontrolelys wat verdeel word in sewe motiveringsareas. Die profiel wys dan die verskillende vlakke van motivering uit waaronder familie, omgewing, finansies, intrinsieke motivering, persoonlikheid, status en vorige ervaring 'n rol speel. Die belangrikheid van motivering by belangstelling blyk duidelik uit die volgende:

> "Such a projective procedure assists psychologists, teachers and counselors in delineating the motivating forces of occupational choice as well as in determining the personality characteristics of people who choose various occupations." (Geist, 1959:414.)

### 2.5.6 <u>Belangstelling en geslagsverskille</u>

Kriel (1955:71) kom tot sekere gevolgtrekkings na sy navorsing oor die verband tussen bekwaamheid en belangstelling. Hy sê sekere belangstellings verander met ouderdom en oor die algemeen is die verandering groter by die meisies as by die seuns.

Van Vuuren (1962:29) beweer dat daar 'n duidelike verskil van belangstellings is by mans en vrouens en lei af dat sekere waardes by vrouens 'n belangriker rol speel as by mans en dus ook hulle belangstellingspatrone sal beïnvloed. Alberts (1969:21-22) noem verskeie navorsers soos Strong, Roe, Tyler, Garai en Scheinfield en almal kom tot dieselfde gevolgtrekking, naamlik dat dit nodig is om onderskeid te maak tussen die belangstellings van die geslagsgroepe. Seuns blyk 'n hoër belangstelling in die wetenskappe en oorreding te toon, terwyl meisies meer belangstel in die sosiale en estetiese, asook mense. Daar word reeds op tienjarige leeftyd duidelik belangstellingsverskille tussen seuns en dogters aangedui.

Cronbach (1970:469) stel dit dat rolidentifikasie 'n belangrike invloed het. Die hoofstruktuur van individuele verskille, bleik verband te hou met die sterkte van geslagstipering. Sommige seuns speel die manlike rol ten volle en verwerp aktiwiteite toepaslik vir dogters, ander doen dit weer nie. By sommige seuns wat later wetenskaplike belangstelling toon, neig die manlike rol sterk te wees in die vroeë grade. Hulle aktiwiteite neem 'n spesifieke wetenskaplike neiging tussen die ouderdomme van tien en veertien aan.

Volgens Bracht (1972:279) is dit verkieslik om dieselfde belangstellingsvraelys vir beide geslagte te gebruik. Hy stel dit dat met die verloop van tyd vrouens al hoe meer beroepe betree wat voorheen beskou was as eksklusiewe terreine van mans. In perspektief met hierdie toenemende trant, word dit al hoe toepasliker om dieselfde belangstellingsvraelys te gebruik vir beide mans en vrouens.

Volgens Anastasi (1982:536)is dit noodsaaklik om bepaalde riglyne te volg en sodoende die moontlike geslagsverskille ten opsigte van 'n belangstellingsvraelys te verminder.

## 2.6 Die Konstantheid van belangstelling

Die konstantheid van belangstelling is van groot belang vir die interpretasie van die resultate van belangstellings-vraelyste. 'n Belangrike vraag is dus: Hoe konstant is 'n mens se belangstelling? (RGN, 1979:141).

Alberts (1969:21) bevind dat die kind se belangstelling 'n redelike mate van konstantheid bereik op ongeveer 16- tot 18-jarige leeftyd. Die meting van belangstelling is dus vanaf hierdie stadium realisties en die resultate kan met vrug vir voorligtingsdoeleindes aangewend word. Nunnally (1970:418) stel dit dat belangstelling by kinders en adolessente onstabiel is en raak eers konstant in volwassenheid. Cronbach (1970:469) bevind ook dat na die ouderdom van 17, belangstelling redelik stabiel is.

Volgens Du Toit (1988:55-56) het navorsers soos Strong en Kapp bevind dat belangstellings stabiliseer tussen 12- tot 16-jarige ouderdom, en dat op 15-jarige ouderdom belangstellingspatrone van individue goed gevestig is.

Volgens Smit (1991:355) het Strong die volgende gevolgtrekkings gemaak in sy ondersoek na die konstantheid van belangstellings:

- Belangstelling wissel met die verskillende jaargroepe, dog die grootste veranderinge in belangstelling kom by laerskoolkinders voor;

- Gedurende die jare ses tot twaalf is beroepsbelangstelling baie fluktuerend;

- Gedurende die jare twaalf tot sestien is uiteenlopende resultate bevind, alhoewel hier 'n groter mate van permanentheid van belangstelling na vore tree;

- By kollege- en universiteitstudente is beroepsbelangstelling baie meer stabiel;

- Hoe ouer 'n persoon word hoe meer permanent word sy belangstelling;

- As belangstelling in beroepe in sy totaalkompleks geneem word, is daar 'n groot mate van stabiliteit te vind.

## 2.7 Samevatting

Verskeie ouer en meer resente definisies is weergegee, die aard en wese, asook die konstantheid van belangstelling is bespreek. Verskeie skrywers het klem gelê op verskillende aspekte wat baie nou verwant is aan belangstelling. Belangstelling is 'n dinamiese entiteit wat 'n spontane voorkeur laat ontstaan, maar ook deur behoeftes, aandag en motivering geprikkel word.

Vervolgens sal die meting van belangstelling aandag geniet.

# HOOFSTUK 3

## 3. DIE METING VAN BELANGSTELLING

### 3.1 Inleiding

Die eerste betekenisvolle poging wat aangewend is om 'n meetinstrument vir beroepsbelangstelling daar te stel, het ontstaan uit 'n seminaar wat onder leiding van Yoakum by die Carnegie Institute of Technology in 1919 gehou is.

In die daaropvolgende jare het oorsese navorsers soos Kuder (1956), Strong (1948), Super (1954), Guilford (1959), Crites (1962), Jackson (1967) en hier te land Van Vuuren (1962), Alberts (1973) en die RGN belangrike bydraes gemaak ten opsigte van die meting van belangstelling.

Daar bestaan reeds verskeie meetmiddels vir die meting van belangstelling, maar belangstellingsvraelyste sal hier die fokuspunt wees. Anastasi (soos aangehaal deur Du Toit, 1988:59) is van mening dat beroepsbelangstellingsmeting sy sterkste impetus van die beroepsvoorligtingspraktyk ontvang het. Die ontwikkeling van vraelyste in hierdie verband is primêr gestimuleer deur beroepseleksie en -klassifikasie. Volgens Oosthuizen (1978:71) is belangstellingsvraelyste instrumente vir die meting van die rigting en graad van voorkeure van individue ten opsigte van sekere aktiwiteite. Belangstellingsvraelyste kan dus gebruik word vir beroeps- en kursusvoorligting, asook keuring en plasing in werksgeleenthede.

Vervolgens word daar onderskei tussen twee benaderingswyses waarvolgens belangstelling gemeet kan word.

## 3.2 Objektiewe- en subjektiewe meting van belangstelling

Daar is reeds in die dertiger jare pogings aangewend om belangstelling in akademiese en besigheidsopsette te kwalifiseer (Fryer soos aangehaal deur Du Toit, 1988:59). Van Vuuren (1962:34-35) en Alberts (1969:23-27) dui twee benaderingswyses aan waarvolgens belangstelling gemeet kan word.

(a) Die objektiewe metodes om belangstelling te meet is onder andere die vrye-assosiasiemetode, aktiwiteitsontleding, prestasie- of informasietoets, woordassosiasie-leertoets en ander objektiewe maatstawwe soos speelaktiwiteite.

Hier word van die veronderstelling uitgegaan dat 'n persoon van die dinge waarvan hy hou, meer sal weet, beter daarop sal konsentreer, ook makliker sal leer en derhalwe deur prestasie sy belangstelling sal blootlê.

(b) Subjektiewe metodes sluit in: vraagmetode, waarderingskaal en die vraelys.

## 3.3 Metodes om belangstelling te meet

Lourens (1968:85) noem verskeie metodes om meer oor 'n persoon se belangstelling te wete te kom. Hierdie metodes wat op gedrag in die algemeen betrekking het, kan gerieflikheidshalwe van ekspressiewe metodes onderskei word. Onder sodanige algemene gedrag noem hy tydsbesteding, geheue- en leerprestasies en kennistoetse wat 'n aanduiding kan gee van belangstelling.

Onder ekspressiewe metodes noem hy reaksie op blootstelling, fisiologiese aanduidings, projektiewe toetse, uitgesproke belangstelling en belangstellingsvraelyste.

Super en Crites (1962) soos aangehaal deur Smit (1991: 356-357) bespreek vier verskillende metodes om inligting aangaande belangstelling te bekom.

- Die eerste metode is uitgesproke belangstelling, dit wil sê wanneer die toetsling self sy mate van belangstelling in 'n bepaalde aktiwiteit aandui. Die betekenis van hierdie uitgesproke belangstelling wissel ook met die rypheid van die individu (vergelyk die onstabiliteit van die uitgesproke belangstelling by jong kinders.)

- Gemanifesteerde belangstelling, die tweede metode, word gesien as sinoniem met 'n aktiewe deelname aan 'n bepaalde aktiwiteit of beoefening van die beroep. Met ander woorde, belangstelling word in deelname gemanifesteer en belewe.

- Die derde metode dui op kennis. Belangstelling impliseer dat 'n individu se kennis van 'n bepaalde aktiwiteit/beoefening van 'n beroep, 'n aanduiding sal wees van die intensiteit van sy belangstelling daarin.

- Die vraelysmetode word as vierde metode bespreek. Belangstelling word gebaseer op die aard van die toetsling se response op die items van 'n belangstellingsvraelys. Hierdeur kan 'n aanduiding verkry word van 'n individu se voor- en afkeure in bepaalde aktiwiteite, situasies en beroepe. Op grond van die gegewens wat so verkry word, kan daar nou 'n belangstellingsprofiel van die individu saamgestel word wat bepaalde inligting weergee.

Du Toit (1988:57) beskou (a) ondervraging, (b) waarneming, (c) prestasiemeting en (d) die vraelys as die bekendste metodes om belangstelling te meet (Vergelyk ook Lourens,

1968:85-87, Alberts, 1969:22-28 en Oosthuizen, 1980:40-41). Elk van hierdie metodes word nou kortliks toegelig.

3.3.1 Die Ondervragingsmetode

Deur aan 'n persoon byvoorbeeld die vraag te stel: Waarin stel jy belang? kan inligting in verband met sy belangstellings bekom word (Shertzer & Peters, 1965: 380). Vlugtig beskou is dit die vinnigste en mees direkte manier om 'n individu se belangstellings te bepaal, maar ondersoeke het aan die lig gebring dat antwoorde op direkte vrae oor belangstelling dikwels onbetroubaar, oppervlakkig en onrealisties is. Daar is verskeie redes hiervoor. Eerstens het die meeste mense onvoldoende inligting oor die verskillende beroepe, studierigtings en so meer, sodat hulle keuses van 'n oppervlakkige aard mag wees. Tweedens bestaan daar geïdealiseerde stereotipes in verband met sekere beroepe soos geneesheer, prokureur en ingenieur (Oosthuizen, 1980:40) (Taljaard, 1989:399).

3.3.2 Die Waarnemingsmetode

Volgens Shertzer en Peters (1965:381) dui dit op die waarneming van aktiwiteite van 'n persoon. Voorbeelde van sulke waarnemings is die volgende: 'n Seun haal altyd voorwerpe en meganismes uitmekaar en sit hulle weer aanmekaar. Die ouers is daarvan oortuig dat hy 'n werktuigkundige of ingenieur gaan word as hy groot is. Daar is egter verskeie faktore in verband met sulke waargenome belangstelling, wat in oënskou geneem moet word. As 'n leerling op skool byvoorbeeld kan kies tussen Duits en Rekeningkunde en hy kies konstant Duits, sal waarskynlik afgelei word dat sy belangstelling in Duits groter is as in Rekeningkunde. Sy keuse kon egter beïnvloed gewees het deur interne oor-

sake, soos aanleg en eksterne faktore soos ouers of onderwysers se aanbevelings. Dit is dus duidelik dat deelname aan 'n aktiwiteit of area van ervaring verkeerd geïnterpreteer kan word (Oosthuizen, 1980:40).

### 3.3.3 Die Toetsmetode

Volgens Oosthuizen (1980:41) word belangstelling met behulp van objektiewe toetse, soos byvoorbeeld prestasietoetse in wiskunde of kennistoetse gemeet. Die uitgangspunt hier is dat belangstelling in 'n bepaalde terrein gepaard gaan met verhoogde kennis oor daardie terrein. Faktore soos ervaring en geheue mag resultate egter beïnvloed (Taljaard, 1989:399). Hierdie metode word nie op groot skaal gebruik nie, maar daar is aanduidings dat dit bepaalde moontlikhede inhou. Voorbeelde van meetmiddels is die "Air Force General Information Test" wat gebruik is om te onderskei tussen bombardier, navigator en loods en die NIPN se Vliegbelangstellingsvraelys, Duikbootbelangstellingsvraelys en Maritimebelangstellingsvraelys. Nog 'n bekende toets is die "Michigan Vocabulary Profile Analysis" wat 'n persoon se woordeskat op agt verskillende terreine meet (Oosthuizen, 1980:41).

### 3.3.4 Die Vraelysmetode

Volgens Shertzer en Peters (1965:381) is vraelyste die bekendste metode om belangstelling te evalueer/meet. Sulke vraelyste bestaan gewoonlik uit 'n lang lys van items oor aktiwiteite, waarop die toetsling moet reageer. Die vroeëre belangstellingsvraelyste soos Kuder Preference Record was hoofsaaklik 'n lys van beroepe waaraan daar voorkeur, of afkeur, of neutraliteit toegeken moes word. Geleidelik het daar egter

'n gevoel onder die voorligters ontstaan dat response op besonderhede oor beroepe, baie belangriker is vir die ondersoeker as response op name van beroepe. Indien 'n persoon in die meeste aspekte van 'n beroep belangstel (en die nodige aanleg daarvoor het) sal hy waarskynlik van die beroep hou en suksesvol daarin wees, terwyl dit waarskynlik nie die geval sal wees as hy slegs die beroep kies weens die titel daarvan nie. Kullery is 'n ander probleem wat by belangstellingsvraelyste voorkom. Dit is veral ter sprake by die keuring van individue vir sekere betrekkings. Hierdie probleem kan in 'n mate oorbrug word deur van leuenskale gebruik te maak (Oosthuizen, 1980:41).

Alberts (1969:4) benadruk die belangrikheid van die meting van belangstelling met die oog op beroepsvoorligting en dat dit direk met die beroepswêreld betrekking moet hê. In sommige oorsese belangstellingsvraelyste soos byvoorbeeld die Strong Vocational Interest Blank, word beroepe teenoor mekaar gestel. In ander word aktiwiteite wat op sekere beroepe betrekking het, teenoor mekaar gestel, byvoorbeeld die Kuder Preference Record (Vocational).

Volgens Alberts (1969:5) is die statuswaarde van beroepe, asook die gedwonge keuse tussen beroepe en aktiwiteite faktore wat die meting van beroepsbelangstelling beïnvloed. Hy meen verder dat dit 'n belangrike voorwaarde is dat die aktiwiteite wat betrek word werklik onderliggend aan en verteenwoordigend van die beroepsrigtings waarin belangstelling gemeet moet word, moet wees. Belangstellingsvelde moet relatief onafhanklik wees en die bepaling daarvan kan verseker dat 'n belangstellingsvraelys wel optimaal gedek word en differensiële waarde inhou.

### 3.3.5 Gevolgtrekking

Aangesien die ontwikkeling van 'n prentebelangstellingsvraelys die doel van hierdie navorsing is, sal die vraelysmetode (3.3.4) gebruik word en derhalwe sal die vraelystegniek en aspekte verbonde daaraan aandag geniet.

## 3.4 Die vraelystegniek : Aspekte verbonde aan belangstellingsmeting

### 3.4.1 Benaderingswyses

Soos in die geval by die meting van aanleg en intelligensie is twee hoof benaderings ter sprake by die konstruksie van belangstellingmeetmiddele. By die basis van samestelling word gebruik gemaak van kriteriumgroepe en homogene groepe.

Die verband wat 'n belangstellingsvraelys met die beroepswêreld het, kan tweërlei van aard wees. Dit kan direk en bepaald wees; dan word kriterium- of beroepssleutels vereis. 'n Meer algemene verband bestaan in die geval van homogene sleutels (Lourens, 1968:88).

#### 3.4.1.1 Gebruik van kriteriumgroepe

Die beste voorbeeld van vraelyste wat van kriteriumgroepe gebruik maak is die "Strong Vocational Interest Blanks". Strong (soos aangehaal deur Oosthuizen, 1980: 42) het vir die standaardisering van sy vraelyste 'n algemene groep mense (aan die een kant) en 'n spesifieke kriteriumgroep soos byvoorbeeld 'n kunstenaarsgroep of 'n ingenieursgroep aan die anderkant betrek. Die twee groepe (algemeen en spesifiek) se resultate op verskillende items is dan met mekaar vergelyk en

gewigte is toegeken vir die verskillende items volgens die voorkeure van die twee groepe. Verskillende sleutels is op hierdie wyse vir verskillende groepe saamgestel. Empiries herleide velde soos hierbo genoem differensieer beter tussen kriteriumgroepe en verwysingsgroepe, kan relatief maklik saamgestel word en word makliker verstaan deur voorligters en kliënte (Oosthuizen, 1980:42; Du Toit, 1988:58; Wolfaardt, 1972:21).

Die nadeel van kriteriumgroepe is egter dat daar vir feitlik alle beroepsgroepe vraelyste opgestel sal moet word (Alberts, 1969:40). Verder het kriterium instrumente ook nie baie suksesvol geblyk te wees in die teoretiese verklaring van die aard van belangstellings nie (Oosthuizen, 1980:42).

3.4.1.2 Gebruik van homogene velde

Voorbeelde van vraelyste wat van homogene velde gebruik maak is die Kuder Voorkeurrekord, die 19-Veld Belangstellingsvraelys en die GSZ-belangstellingsvraelys. In die geval van die homogene velde word daar gekonsentreer op die interne konstantheid van die items en die onafhanklikheid van die velde, maar met die gedagte dat 'n wye spektrum gedek word. Homogene velde is nie beperk tot 'n beroep of studierigting nie, sodat minder velde benodig word, vermoedelik een vir elke dimensie van belangstelling. Die getal veranderlikes waarmee die voorligter en kliënt te doen kry is minder en elke veld het 'n meer soliede basis. Die gebruik van homogene velde behoort kennis oor die teoretiese raamwerk van belangstelling, asook begrip van die individu te verhoog (Oosthuizen, 1980:42).

Verder is Oosthuizen (1980:42) van mening dat 'n optimale beswaarde kombinasie van homogene skale beter behoort te voorspel as 'n enkele kriterium skaal, aangesien 'n groter proporsie van die variansie ('n maatstaf van die dispersie van 'n stel tellings) betrek word. By die homogene benadering sal 'n nuwe veld of vraelys ook nie nodig wees vir elke nuwe beroep nie.

'n Beswaar teen die homogene benadering is egter dat sekere aktiwiteite wat in die items beskryf word, op verskeie beroepe betrekking kan hê en dus in meer as een veld kan tuishoort. Die samevoeging van aktiwiteite in relatiewe homogene velde is dus bloot arbitrêr, hoewel motivering daarvoor uit empiriese ondersoeke verkry kan word (Alberts, 1969:41-42).

In loopbaanvoorligtingsopsette is dit nuttig om van vraelyste wat op die homogene benadering gebaseer is, gebruik te maak, aangesien die interpretasie duidelik is deurdat psigologiese konstrukte gebruik kan word om 'n persoon te beskryf (Du Toit, 1988:58). Om praktiese redes sal die homogene benadering dus by die ontwikkeling van 'n prentebelangstellingsvraelys gevolg word.

### 3.4.2 Belangstellingsvelde

'n Kerngroep belangstellingsvelde kom in die meeste belangstellingsvraelyste voor.

Die Kuder-belangstellingsvraelys gee 'n meting van tien algemene belangstellingsvelde, naamlik:

Veld 0: Buitemuurse belangstelling
Veld 1: Meganiese belangstelling

Veld 2: Berekeninge - belangstelling
Veld 3: Wetenskap - belangstelling
Veld 4: Oorredingsbelangstelling
Veld 5: Literêre belangstelling
Veld 6: Musikale belangstelling
Veld 7: Artistiese belangstelling
Veld 8: Sosiale diens - belangstelling
Veld 9: Klerklike belangstelling

(Smit: 1991:289).

Die KODUS-belangstellingsvraelys eers bekend as die CV-Belangstellingsvraelys (Cape Vocational Interest Questionnare), was die eerste Suid-Afrikaanse belangstellingsvraelys wat saamgestel is. Dit is in 1952 vrygestel deur die Kaapse Onderwysdepartement en is ontwikkel deur Swartz. Verder is dit onder andere geskoei op die lees van die Kuder Preference Rekord en die California Occupational Interest Inventory (Oosthuizen, 1981:31).

Die KODUS-handleiding (1978:2-10) gee twaalf belangstellingsvelde:

So = Voorkeur vir mense as individue of vir klein groepies mense.
Op = Voorkeur vir openbare optrede en werk met mense in groepe.
B = Voorkeur vir sakebedrywighede (advertensiewese, koop en verkoop).
Sy = Voorkeur vir syfers (Wiskunde, kosteberekening en boekhouding).
Sk = Voorkeur vir skryfwerk (Kreatief, administratief en joernalistiek).
L = Voorkeur vir lees en lettere (leser, boeke, artikels).
K = Voorkeur vir kuns en kunswaardering (skilder, ontwerp, teken).

H = Voorkeur vir handwerk (gereedskap, modelle, fyn handwerk).

M = Voorkeur vir masjiene en masjienwerk (herstel, versier, bou).

W = Voorkeur vir natuurwetenskappe en fisies-wetenskaplike werk (Chemie, Fisika, Geografie, Sterrekunde).

D = Voorkeur vir diere, dierkundige en aanverwante biologies-wetenskaplike werk.

P = Voorkeur vir plante, plantkundige en tuinboukundige werk (Vergelyk ook Huysamen, 1977: 202).

Die Amerikaanse gestandaardiseerde GPI (Geist Picture Inventory) dui die volgende belangstellingsvelde aan:

Veld 1 - Oorredende belangstelling
Veld 2 - Klerklike belangstelling
Veld 3 - Meganiese belangstelling
Veld 4 - Musiekbelangstelling
Veld 5 - Wetenskapbelangstelling
Veld 6 - Buitelewe belangstelling
Veld 7 - Literêre belangstelling
Veld 8 - Syfersbelangstelling
Veld 9 - Kunsbelangstelling
Veld 10 - Sosiale Diens belangstelling
Veld 11 - Drama belangstelling

(Geist, 1959:418).

Die drie vraelyste wat gebaseer is op die homogene benaderingswyse, het verskeie ooreenkomste. Volgens Lourens (1968:98) vul homogene en beroepsleutels mekaar aan en behoort albei verkieslik voorsien te word. Lourens (1968: 98) benoem die volgende homogene skale as ou staatmakers: Maatskaplike Welvaart; Oorreding; Klerklik; Tegnies;

Huishoudelik; Avontuur; Buitelug; Wetenskaplik; Literêr; Kuns en Musiek. Daar is egter ruimte vir verkenning en aanvulling. Die prentevraelys se belangstellingsvelde sal later in 'n verdere paragraaf vollediger bespreek word.

### 3.4.3 Die Items

Wolfaardt (1972:23) noem die volgende vereistes wat in gedagte gehou moet word met die opstelling van die items vir 'n belangstellingsvraelys:

- Elke item moet slegs een aktiwiteit bevat, sodat dit duidelik sal blyk waarin die toetsling belangstel indien hy 'n voorkeur daarvoor het.

- Die item moet so kort en kragtig as moontlik wees om dubbelsinnigheid te vermy.

- Die items moet so eenvoudig en duidelik as moontlik wees.

- Die name van beroepe moet vermy word.

- Vreemde sinskonstruksie moet vermy word sodat die sinne taalkundig korrek is (Bracht, 1972:28).

Bracht (1972:281-292) noem bepaalde kriteria wat van belang is met die ontwikkeling en gebruik van 'n beroepsbelangstellingsvraelys. Die kriteria behels onder meer die volgende:

- Die vermoë om goed te onderskei tussen beroepsgroepe is een van die essensiële kenmerke van 'n beroepsbelangstellingsvraelys.

- Die items in die vraelys moet goed versprei wees reg oor die belangstellingsvelde en nog steeds relevant wees ten opsigte van beroepskeuse.

- 'n Itemvorm wat relatief min deur verandering in konteks geaffekteer word, behoort gebruik te word.

- 'n Vraag behoort so vry as moontlik te wees van die effekte van bevooroordeelde response.

- Vrae behoort ook nie bedreigend of onaangename response te ontlok nie.

- Dit is verkieslik dat beide geslagte dieselfde vraelys beantwoord.

### 3.4.4 Leesbaarheid van die vraelys

Volgens Wolfaardt (1972:23) is dit vanselfsprekend dat die woordgebruik in alle sielkundige toetse en vraelyste verstaanbaar vir die groep waarvoor dit bedoel is, moet wees. Met leesbaarheid word bedoel, die mate waarin toetslinge begryp wat hulle in die vraelys lees (Wolfaardt, 1972:23).

Wanneer 'n prentevraelys gebruik word is dit belangrik dat die toetslinge begryp wat hulle sien. Geist (1959: 414) het bevind dat foto's verwarring en dubbelsinnigheid veroorsaak en dat die teken van prente die voorstelling kon vereenvoudig en terselfdertyd ook die klem laat val op die belangrikste inhoud van die prent.

### 3.4.5 Formaat van die vraelys

Volgens Oosthuizen (1978:71) verwys die formaat van die vraelys na die normatiewe (of vrye keuse) formaat en die ipsatiewe (gedwonge keuse) formaat. 'n Voorbeeld van 'n normatiewe belangstellingsvraelys is die 19-Veldbelangstellingsvraelys (van die RGN), terwyl 'n voorbeeld van 'n ipsatiewe vraelys die KODUS-belangstellingsvraelys is.

### 3.4.6 Beantwoordingsmetodes

Oosthuizen verduidelik (soos aangehaal deur Taljaard, 1989:400) dat ipsatiewe meting, meting is wat betrekking het op die gemiddelde telling van elke individu in teenstelling met normatiewe meting wat betrekking het op die gemiddelde telling van die groep. Met ander woorde ipsatiewe meting het eintlik betrekking op intra-individuele verskille en derhalwe is die gemiddelde tellings (en totaaltellings) van alle individue by ipsatiewe meting dieselfde.

Vervolgens word die kenmerke en voor- en nadele van dié twee metodes bespreek.

#### (i) Die Geforseerdekeusemetode (Gedwongekeusemetode)

Van Vuuren (1962:37-38) onderskei tussen ewe-kansige en nie-ewekansige gedwongekeuses. Volgens hom (1962: 37-38) word die belangstellingsvraelys met 'n subjektiewe metingsbalans gekenmerk deur die ewekansige gedwonge keuse-itemtipe wat 'n beperkte aantal keusemoontlikhede het. Daar bestaan 'n ewekansige opweeg van elke keusemoontlikheid teen elke ander keusemoontlikheid in die vraelys.

Die nie-ewekansige, gedwonge keuse-itemtipe bestaan uit 'n aantal keusemoontlikhede vervat in een item, wat nie herhaal word nie. Die aantal moontlikhede wat in elke item teenoor mekaar gestel word, moet egter hier ooreenstem met die aantal belangstellingsrigtings wat deur die toets veronderstel is om gemeet te word. Elke moontlikheid verteenwoordig dan 'n belangstellingsrigting. Daar is dus binne elke item 'n ewekansige opweeg van keusemoontlikhede.

Wolfaardt (1972:24) stel dit dat die items van belangstellingsvraelyste wat volgens die geforseerdekeusemetode beantwoord word, uit twee of drie gegroepeerde vrae of aktiwiteite bestaan. Die toetsling moet dié een aktiwiteit kies waarvan hy die meeste hou en, in sommige gevalle, ook dié een waarvan hy die minste hou, dit wil sê, hy word geforseer om 'n antwoord te verstrek.

Elke item waarop die toetsling sy respons moet verstrek, lyk dus byvoorbeeld soos volg:

(a) Tekeninge maak.
(b) Saam met ander mense werk.
(c) Tuinwerk doen.

Volgens Bauernfeind (1962:211-212) lewer geforseerdekeuse-meetinstrumente ipsatiewe tellings (Vergelyk Kline, 1976:100-101). Tydens die beantwoording word elke keuse gedoen ten koste van ander stellings of aktiwiteite. Alle toetslinge behaal dieselfde, of naastenby dieselfde, gemiddelde tellings vir die vraelys as geheel. Die essensiële kenmerk van ipsatiewe tellings is die gelykstelling van gemiddeldes van toetslinge.

Die kenmerke van ipsatiewe tellings is die volgende: Interkorrelasies tussen tellings is laag en neig om effens negatief te wees; elke toetsling sal dieselfde gemiddelde tellings in alle kategorieë hê; verskille in tellings in verskillende kategorieë reflekteer die relatiewe sterkte van belangstelling vir daardie individu; verskille in tellings tussen toetslinge kan nie normatief geïnterpreteer word nie, omdat alle tellings verband hou met verskillende gemiddeldes (Bauernfeind, 1962:211-212).

Met ipsatiewe tellings word baie eienskappe van een individu met mekaar vergelyk, dit wil sê intra-individuele verskille ten opsigte van 'n aantal eienskappe word aangedui (Wolfaardt, 1972:25, Du Toit, 1988:58 en Anastasi, 1982:517). Met normatiewe tellings word baie individue ten opsigte van een bepaalde eienskap vergelyk, dit wil sê interindividuele verskille ten opsigte van die eienskap word aangedui (Wolfaardt, 1972:25; Oosthuizen, 1980:43).

Dit is belangrik om te weet dat (indien nodig) ipsatiewe tellings uit normatiewe tellings verkry kan word, maar normatiewe tellings kan nie uit ipsatiewe tellings afgelei word nie (Bauernfeind, 1962:216) (Taljaard, 1989:401).

Volgens Bauernfeind (1962:212-213) word die volgende argumente gewoonlik aangevoer ten gunste van die gebruik van geforseerdekeusemaatstawwe:

- Dit verseker lae interkorrelasies tussen belangstellingskategorieë, met gevolglik 'n groter potensiaal vir geldigheid;

- Dit toon beter ooreenkoms met die werklike, alledaagse situasies waar mens soms geforseer word om sekere aktiwiteite bo ander ewe aantreklike moontlikhede te kies;

- dit bied minder geleentheid vir vals response;

- dit verseker 'n hoër betroubaarheidskoëffisiënt en

- literatuurgegewens dui daarop dat vraelyste soos die Kuder bevredigend tussen verskillende beroepsgroepe diskrimineer.

Bauernfeind (1962:212-213) noem ook die volgende nadele verbonde aan die geforseerdekeusemetode van beantwoording:

- Die gebruik van statistiese metodes soos gemiddeldes en korrelasies kan nie geregverdig word nie, vanweë die feit dat die tellings wat hiervolgens verkry word, ipsatief is.

- 'n Toetsling word geforseer om te kies, selfs al hou hy nie van een van die aktiwiteite van 'n betrokke item nie. Dit kan ook gebeur dat by 'n sekere item die toetsling byna eweveel van al die aktiwiteite van daardie item hou, in welke geval sy keuse nie sy ware belangstelling sal aandui nie.

(ii) <u>Die Vryekeusemetode</u> (Enkelstimulusvorm)

Wolfaardt (1972:26) stel dit dat alle items in belangstellingsvraelyste wat volgens die vryekeuse metode beantwoord word, slegs bestaan uit een akti-

witeit ten opsigte waarvan die toetsling sy voor- of afkeur op 'n skaal moet aantoon.

Elke item waarop die toetsling sy respons moet verstrek, lyk dus byvoorbeeld soos volg: Saam met ander mense werk (Wolfaardt, 1972:27).

Bauernfeind (1962:213-215) noem die volgende argumente wat gewoonlik aangevoer word ten gunste van die gebruik van vryekeuse maatstawwe:

- Met die vryekeusemetode het die toetsling sy eie keuse om die aktiwiteite van elke veld afsonderlik van dié van ander velde te beoordeel.

- Dit is nie noodwendig so dat 'n mens in die alledaagse lewe voortdurend gedwing word om keuses te doen nie, aangesien 'n mens in meer as een aktiwiteit kan belangstel en dié belangstellings uitleef ook. Indien hierdie soort gedrag voorspel wil word, hou slegs vryekeusemaatstawwe die potensiaal vir die voorspelling daarvan in.

- Vryekeusemaatstawwe besit die potensiaal om tussen beroepsgroepe, sowel as tussen voorkeure binne 'n beroepsgroep, te diskrimineer.

- Omdat daar met die vryekeusemetode nie sprake van ipsatiewe meting is nie, kan die parametriese statistiese metodes gebruik word om resultate te verwerk (Taljaard, 1989:402).

(iii) <u>Besluitneming</u>

Die keuse van 'n beantwoordingsmetode hang volgens Bauernfeind (1962:214) af van die doelstellings met die meting. Indien in terme van geforseerde keuse -

gedrag voorspel moet word, sal die geforseerdekeusemetode van beantwoording gebruik word. Indien daar andersyds in terme van vryekeusegedrag voorspel moet word, sal die vryekeusemetode van beantwoording gebruik word.

Scott (1968:243) kom tot die gevolgtrekking dat die formaat van die item/vraelys ook nie die betroubaarheid daarvan beïnvloed nie, dus gedwongekeuse- of vryekeuse metode ontvang nie een voorkeur nie. Scott (1968:243) voer aan dat navorsing nog nie voldoende bewys gelewer het dat die gedwongekeusemetode meer immuun is teen vals voordoening as by die vryekeusemetode nie.

Omdat die gedwongekeusemetode 'n ipsatiewe meetmiddel is (daar word 'n keuse tussen items gemaak), is dié metode gebruik vir die ontwikkeling van 'n prentebelangstellingsvraelys.

Vervolgens word die interpretasie van belangstellingsvraelyste bespreek.

## 3.5 Die interpretasie van belangstellingsvraelyste

Volgens Taljaard (1989:428) word die resultate van belangstellingsvraelyste, soos in die geval van alle sielkundige toetse, altyd geïnterpreteer teen die agtergrond van data ingesamel tydens 'n onderhoud met die toetsling.

Taljaard (1989:428-430) maak melding van algemene riglyne vir die interpretering van belangstellingsvraelyste. Aspekte wat in gedagte gehou moet word is onder meer:

- Belangstelling vorm deel van 'n persoon se totale persoonlikheid, dus waardes, behoeftes, motivering

ensomeer. Die persoon se persoonlikheid in totaliteit moet in aggeneem word by beroepsvoorligting.

- Vermoë en aanleg korreleer nie hoog met belangstelling nie en toetslinge met belangstellingspatrone wat nie by hulle vermoë pas nie, moet gelei word na meer realistiese beroepskeuses.

- Die konstantheid van belangstelling wat in die laat tienerjare eers vasgelê word, moet in aggeneem word.

- 'n Toetsling se behoeftes en belangstelling kan nou verweef wees en namate sy behoeftes verander kan 'n toetsling se belangstellings ook verander.

Dit is dus belangrik dat deeglike onderhoudvoering plaasvind. 'n Toetsling wat sterk belangstelling in verskeie velde toon, kan meegedeel word om 'n beroepskeuse uit 'n bepaalde veld te maak, terwyl ander velde uitgeleef kan word in die vorm van stokperdjies en vryetydsbesteding.

- 'n Toetsling se waardes moet ook bepaal word in die onderhoudvoering, aangesien sy belangstelling normaalweg goed korrespondeer met sy waardes. Soms kan sy waardes en belangstelling in konflik wees. Dit kan dalk realisties wees (goeie aanleg in dié rigting), maar mag ook onrealisties wees as gevolg van identifiseringsprobleme, rebelsheid, asook hardkoppigheid.

- Kennis en inligting speel ook 'n groot rol in belangstelling, dit vermeerder of verminder belangstelling. Daarom is kennis 'n integrale deel van die beroepsleidingsituasie, by die beroepsleier en ook die kliënt. Kennis is onmisbaar, die beroepsleier gee raad en leiding na aanleiding van sy bepaalde kennis en ervaring.

- Deur algemene groepering van belangstellingsvelde, kan die belangstellingsvraelys gebruik word vir voorwaardelike beroepskeuses wat die kliënt dan verken en bestudeer (Taljaard, 1989:428-430).

Volgens Alberts (1974) soos aangehaal deur Taljaard (1989: 430-431) is daar drie belangrike metodes van interpretering van belangstellingsvraelyste:

(i) Belangstellingsvelde moet in breë belangstellingsrigtinge gegroepeer word, aangesien dit 'n beter aanduiding gee van toepaslike beroepe as enkele velde.

(ii) Hoë en lae tellings moet in aggeneem word gedurende interpretasies. Belangrike inligting kan soms verkry word deur na bepaalde velde te kyk, byvoorbeeld hoë telling in regte, maar 'n lae belangstelling in openbare optrede.

(iii) Heelwaarskynlik sal niemand al hulle belangstellingsvelde dek deur 'n enkele beroep nie. Juis daarom sal ander belangstellings deur stokperdjies en vryetydsbesteding beoefen word.

Taljaard (1989:431) stel dit dat 'n persoon se beroeps- of studievoorkeure dikwels 'n goeie beginpunt is by die interpretasie van belangstellingsvraelyste. Dit gee 'n aanduiding van die persoon se volwassenheid ten opsigte van beroepskeuse.

Volgens Taljaard (1989:431) is seuns en dogters se belangstellingspatrone nie noodwendig dieselfde nie, maar persone met soortgelyke beroepsbelangstellinge, se profiele kan vergelyk word om sodoende ooreenkomste te identifiseer.

Die handleiding van die Kuder-belangstellingsvraelys (1953) soos aangehaal deur Smit (1991:361) dui op 'n paar algemene aspekte by die interpretasie/ontleding van toetsresultate.

- Probeer vasstel of 'n persoon se belangstelling in 'n bepaalde veld aktief of passief is. Musiek kan passief waardeer word of aktiewe deelname van musiek deur 'n persoon, kan aandui in watter mate die persoon werklik betrokke is by so 'n belangstellingsveld.

- Verder moet 'n individu se vermoënsvlak ook in ag geneem word. Met progressiewe eliminasie word dié beroepe waarvoor die persoon die minste geskik is uitgeskakel. Hier is vermoënsvlak die eerste aspek wat in oënskou geneem word. Hierdie uitskakeling van beroepe vind verder in 'n bepaalde volgorde en volgens bepaalde kriteria plaas. Die funksies van belangstellingsvraelyste word nou kortliks bespreek.

## 3.6 Funksies van belangstellingsvraelyste

Die primêre gebruike van belangstellingsvraelyste word deur Oosthuizen (1980:43) as die volgende aangegee:

Beroepsvoorligting waar studente hulp soek by voorligters in verband met kursusse, vakkeuses en beroepe wat eintlik 'n vorm van klassifikasie is. Hier speel evaluering van belangstelling 'n belangrike rol. Sulke dienste word vir skole en universiteite beskikbaar gestel. Verder verskaf die Departement van Arbeid, die WNNR en privaatinstansies ook nog hierdie dienste.

Die keuring van studente en werknemers van privaatinstansies is 'n algemene tendens. Die doel van keuring is om te probeer verseker dat die beste beskikbare persone in 'n betrokke studierigting of beroep geplaas word. Veral

wanneer 'n persoon voorgee dat hy belangstel in 'n beroep wanneer daar byvoorbeeld 'n hoë salariskerf daaraan verbonde is.

Persoonlikheidsnavorsing - vir die klinikus en voorligter is dit nodig om 'n volledige persoonlikheidsbeeld van 'n individu te vorm, sodoende kan belangstelling as 'n hulpmiddel by terapie en voorligting dien. Belangstellingsmeting openbaar ook verhoudinge tussen die persoonlikheidsontwikkeling van kinders en hul ouers, persoonlikheidsaspekte van identiese en nie-identiese tweelinge en konstantheid oor 'n sekere tydperk met betrekking tot individue. Veranderings in belangstellingsvraelystellings en algemene tendense ten opsigte van beantwoordingstyl (voorkeur/afkeur) het al sekere kliniese implikasies, gepaardgaande met psigoterapie, openbaar.

Daar is sekerlik nog vele funksies wat hierby gevoeg kan word.

## 3.7 Belangstellingsvraelyste

Vervolgens word die doel, funksie, belangstellingsvelde en beroepsareas van verskeie belangstellingsvraelyste bespreek.

- **Hoërskoolbelangstellingsvraelys (HSB) (1973)**

  Die doel met die vraelys is om die beroepsbelangstelling van Kleurlingskoliere op 'n betroubare en geldige wyse te bepaal. Die HSB dek agt belangstellingsvelde, naamlik Taal, Uitvoerende Kunste, Beeldende Kuns, Sosiaal, Wetenskap, Tegnies, Besigheid en Kantoorwerk. Die vraelys bevat 200 items. Die toets-

linge kan een van drie moontlike antwoorde op elke item verstrek, naamlik voorkeur, neutraal of afkeur. Die toepassingstyd is ongeveer 45 tot 60 minute (RGN, 1987:29).

- **Beroepsbelangstellingsvraelys vir Leerlinge in Standerds 6 tot 10 (BBV) (1974)**

Die doel met hierdie vraelys is om 'n aanduiding te kry van Swart leerlinge in standerds 6 tot 10 se belangstellingsprofiel in 10 velde, gebaseer op breë beroepsrigtings. Die velde is: Tegnies, Buitenshuis, Sosiale diens, Natuurwetenskap, Kantoorwerk (klerklik), Kantoorwerk (numeries), Musiek, Kuns, Handel en Taal. Die vraelys kan gebruik word as hulpmiddel by beroeps- en studievoorligting. Dit kan individueel of in 'n groepsituasie (maksimum 45 leerlinge) toegepas word. Die toepassingstyd is ongeveer 1 tot 1½ uur (RGN, 1987:28).

- **Die Universiteitsvoorligting-belangstellingsvraelys (UV-belangstellingsvraelys)**

Die UV-belangstellingsvraelys is deur Van Vuuren (1962) saamgestel en gestandaardiseer. Dit is toepaslik op matrikulante sowel as universiteitstudente en is opgestel vir voorligting aan voornemende Afrikaanssprekende universiteitstudente. Van die toetsling word verwag om uit 'n gegewe vier moontlikhede sy voorkeur- en afkeerbelangstelling aan te dui (Smit, 1991:367).

Die UV-belangstellingsvraelys bestaan uit twee komponente:

(a) Die Vertikale komponent is gebaseer op 'n Kultuur-tema-indeling van hoogs geskoolde beroepe. Hierdie komponent dui die intensiteit van die belangstelling in die vier basiese funksionele rigtings aan:

   (i) Die Teoretiese tendens dui op belangstelling in abstrakte denkaktiwiteite soos beplanning, beredenering en teoretisering.

   (ii) Die Praktiese tendens dui op belangstelling in die toepassing van teoretiese kennis, soos demonstrasiewerk, doseer, skilder, teken en konstruering van dinge.

   (iii) Die Humane tendens verwys na beroepe waarin hulpverlening in 'n medemenslike verband die kern vorm, soos op mediese, sielkundige, maatskaplike en godsdienstige terreine.

   (iv) Die Organisatoriese tendens kan verwag word by persone wat beroepe beoefen waarin openbare optrede, debatteer, politiseer, organiseer, administreer en beheersingsaktiwiteite die kern van sy beroepsaktiwiteit vorm (Smit, 1991:368).

(b) Die Horisontale komponent wys op die intensiteit van die toetsling se belangstelling in die vier wetenskaplike studierigtings soos dit aan 'n universiteit aangebied word:

(i) Die Fisies-wetenskaplike studierigting wat kursusse soos BSc (Suiwer) en kursusse in Ingenieurswese, Landmeetkunde, Argitektuur, ensovoorts, insluit.

(ii) Die Biologies-wetenskaplike studierigting wat kursusse in BSc (met vakke soos Dierkunde, Plantkunde, Entomologie en Fisiologie), Landbou, Dieetkunde, Medies, Verpleegkunde, Tandheelkunde en Veeartsenykunde aanbied.

(iii) Die Geesteswetenskaplike studierigting met kursusse soos BA in Onderwys, Regte, Sosiale dienste, Staatswetenskappe, Beeldende kunste, Uitvoerende kunste en Admissie.

(iv) Die Handelswetenskaplike studierigting met kursusse in die Handel en Bestuursadministrasie (Smit, 1991:368-369).

Die Horisontale komponent word eers bestudeer en daarna word na die Vertikale komponent gekyk vir interpretasie van 'n toetsling se belangstellingsvraelys. Dit dui dan aan watter beroep die toetsling kan beoefen om hom in die vakterrein uit te leef (Smit, 1991:369).

- **19-Veld Belangstellingsvraelys (19-VBV) (1970)**

Die vraelys meet beroepsbelangstelling van Blanke hoërskoolleerlinge in standerds 8 tot 10, studente en volwassenes, in 19 breë belangstellingsvelde, naamlik Beeldende Kunste, Uitvoerende Kunste, Taal, Histories, Diens, Welsynwerk, Geselligheid, Openbare Optrede, Regte, Kreatiewe Denke, Wetenskap, Prakties-Manlik,

Prakties-Vroulik, Numeries, Besigheid, Klerklik, Rondreis, Natuur, Sport, asook twee aspekte van belangstelling naamlik Werk-Stokperdjie en Aktief-Passief. Die toetstyd is ongeveer 45 minute (RGN, 1987:28).

Die 19-VBV kan op die volgende drie maniere geïnterpreteer word:

(a) Groepering van die belangstellingsvelde.
(b) Vergelyking van die belangstellingsprofiel met beroepsprofiele (19-VBV handleiding)
(c) Interpretasie van belangstellingsvelde in terme van behoeftes (Smit, 1991:372).

Die groepering van belangstellingsvelde kan van groot waarde wees wanneer daar 'n vak-, studierigting- en/of beroepskeuse gemaak moet word.

(a) **Groepering van belangstellingsvelde**

Die volgende twee basisse kan vir die saamgroepering van belangstellingsvelde onderskei word:

* Op grond van die mate van kontak met mense.
* In terme van breë belangstellingsgebiede.

(i) **Groepering van 19-VBV-velde in terme van breë belangstellingsgebiede**

* Belangstelling in die estetiese

- Veld 1 : Beeldende kunste
- Veld 5 : Uitvoerende kunste
- Veld 16 : Taal
- Veld 7 : Histories

* Belangstelling in sosiale diens

- Veld 17 : Diens
- Veld 3 : Welsynwerk
- Veld 10 : Geselligheid

* Belangstelling in intellektueel-wetenskaplike aktiwiteite

- Veld 8 : Openbare optrede
- Veld 14 : Regte
- Veld 11 : Kreatiewe denke
- Veld 6 : Wetenskap

* Belangstelling in praktiese velde

- Veld 18 : Prakties - Manlik
- Veld 13 : Prakties - Vroulik

* Belangstelling in handel

- Veld 9 : Numeries
- Veld 19 : Besigheid
- Veld 2 : Klerklike diens
- Veld 12 : Rondreis

* Belangstelling in buitenshuise aktiwiteite

- Veld 4 : Natuur
- Veld 15 : Sport

(ii) **Groepering van velde van die 19-VBV in terme van die mate van kontak met of gerigtheid tot mense**

* Gerig tot mense

- Veld 1 : Beeldende kunste
- Veld 5 : Uitvoerende kunste

- Veld 16 : Taal
- Veld 7 : Histories
- Veld 17 : Diens
- Veld 3 : Welsynwerk
- Veld 10 : Geselligheid
- Veld 8 : Openbare optrede
- Veld 14 : Regte

* Gerig op sake en dinge

- Veld 11 : Kreatiewe denke
- Veld 6 : Wetenskap
- Veld 18 : Prakties - Manlik
- Veld 13 : Prakties - Vroulik
- Veld 9 : Numeries
- Veld 19 : Besigheid
- Veld 2 : Klerklik
- Veld 12 : Rondreis

* Gerig op mense en dinge

- Veld 4 : Natuur
- Veld 15 : Sport

(Smit, 1991:372-374).

Die soort belangstellingsprofiel wat dikwels moeilik is om te interpreteer, is dié waar die leerling baie hoë belangstelling in die meeste velde toon en ook oor die aanleg en prestasie beskik om 'n sukses van enige beroeps- of studierigting te maak. In sulke gevalle moet in gedagte gehou word dat sommige belangstellings noodwendig op ander maniere, buite die beroepsarbeid bevredig kan word. Beroepsleiding gaan nie slegs om sukses te bepaal nie, maar hoofsaaklik om beroepstevredenheid of behoeftebevrediging. Die leerling moet dus gelei word na 'n beroepsveld waar hy die

maksimum bevrediging vir sy behoeftes sal vind, maar ook genoeg vrye tyd tot sy beskikking sal hê om sy wye belangstellings te bevredig.

'n Belangstellingsprofiel wat ook moeilik is om te interpreteer, is dié waar die leerling geen besondere belangstelling het nie. In die meeste van die velde toon hy 'n ondergemiddelde of op sy uiterste, 'n middelmatige belangstelling. Hierdie soort profiel dui gewoonlik op onrypheid van die leerling, veral as hy oor normale of bonormale verstandelike vermoëns beskik. Dié soort profiel kom egter ook voor by leerlinge met 'n lae intelligensie. Beroepskeuse-onrypheid is gewoonlik slegs 'n simptoom van 'n onrype persoonlikheid, en vereis persoonlike voorligting wat oor 'n lang tydperk kan strek (RGN, 1979:144).

Belangstellingsvraelyste gee ook deurentyd leidrade vir keuses, maar speel nie uitsluitlik die hoofrol by studierigting- en beroepskeuses nie.

- **Die Kuder-belangstellingsvraelys (1956)**

  Hierdie toets is deur G. F. Kuder (1937-1956) saamgestel en gestandaardiseer. Volgens Smit (1991:358-359) is die belangstellingsvraelys deur die Protea Opvoedkundige Dienste vir Suid-Afrikaanse toestande vertaal en aangepas. Die vraelys is vir 'n geruime tyd vry in die R.S.A. gebruik. Die voorligtingsdiens van die NIPN maak tans nog van die belangstellingsvraelys gebruik.

  Die tien belangstellingsvelde is reeds in paragraaf 3.4.2 bespreek. Die Kuder-belangstellingsvraelys lewer nog 'n V (Verifikasie)-skaal wat 'n aanduiding van die erns en/of korrektheid en/of begrip gee, waarmee daar op die items gerespondeer is (Smit, 1991:359).

Die handleiding van die Kuder-belangstellingsvraelys bevat 'n indeling van beroepe wat in ooreenstemming met die hoofbelangstellingsrigtings saamgevat is. Hierdie klassifikasie is op navorsingsdata gebaseer. Visser (soos aangehaal deur Smit, 1991:363-364) gee die volgende tabel van primêre en sekondêre belangstellings (Kuder) met verbandhoudende beroepsareas.

| **Beroepsarea** | **Velde van belangstelling** | |
|---|---|---|
| | **Primêr** | **Sekondêr** |
| 1. Suiwer wetenskappe (byvoorbeeld chemie, fisika chemiese en elektriese ingenieurswese, rekenaarwetenskap, wiskunde) | Wetenskaplik<br>Berekeninge | Klerklik<br>Meganies |
| 2. Biologies en landbouwetenskappe (byvoorbeeld landbou, geologie, bosbou en mynbou) | Buitemuurs<br>Wetenskaplik | Meganies<br>Artisties<br>Berekeninge |
| 3. Tegnies konstruksie (byvoorbeeld meganiese en siviele ingenieurswese, boubedryf, ingenieurswese) | Meganies<br>Wetenskaplik | Berekeninge<br>Buitemuurs<br>Artisties |
| 4. Artisties tegnies (byvoorbeeld argitektuur, tekenaar, nywerheidsontwerp, klereontwerp) | Artisties<br>Meganies | Berekeninge<br>Wetenskaplik |
| 5. Handels tegnies (byvoorbeeld, bestuur, koop en verkoop in 'n wetenskaplike en tegniese veld, bv. aptekerswese, farmaseutiese produkte) | Wetenskaplik<br>Meganies | Oorredend<br>Berekeninge<br>Klerklik |
| 6. Handelsarea (byvoorbeeld ouditeur, kosteberekening, bankwese, administrasie, versekering, verkope, bestuur, finansiering) | Berekeninge<br>Klerklik | Oorredend<br>Literêr<br>Wetenskaplik |
| 7. Mediese veld (byvoorbeeld medisyne, tandheelkunde, verpleegkunde, fisioterapie en arbeidsberoepe) | Wetenskaplik<br>Sosiale Diens<br>Literêr | Meganies<br>Buitemuurs<br>Artisties |

| Beroepsarea | Velde van belangstelling | |
|---|---|---|
| | Primêr | Sekondêr |
| 8. <u>Sosiale diens-veld</u> (byvoorbeeld sielkunde, sosiale werk, spraaktera- pie, personeeldiens, predikant) | Sosiale Diens | Literêr<br>Wetenskaplik<br>Berekeninge<br>Oorredend |
| 9. <u>Kultureel oorredende veld</u> (byvoorbeeld drama, musiek uitvoerende kuns, vermaak, joernalistiek, advertensie- wese, onderwys, hotelbe- stuur, skakelwerk) | Artisties<br>Musiek<br>Oorredend<br>Literêr | Sosiale diens |
| 10. <u>Literêre veld</u> (byvoorbeeld doseer, re- daksioneel, navorsing, joernalistiek, onderwys, biblioteekwese, skakel- werk, advertensiewese) | Literêr | Musiek<br>Artisties<br>Sosiale diens<br>Oorredend<br>Klerklik |

## 3.8 <u>Prentevraelyste</u>

Cattel (1948:8) wys daarop dat binne die groep nie-verbale papiertoetse, daar 'n duidelike verskil bestaan tussen "prente"-toetse aan die een kant en "persepsie"-toetse aan die ander kant. Persepsietoetse is gemoeid met lyne en figure wat geen assosiasies of betekenis het met enige iets anders as persepsie nie. Die persepsietoetse word dan ook gebruik vir rassevergelykings, asook van ontwikkelde en minder-ontwikkelde beskawingsgroepe. Prenttoetse is dan weer meer toepaslik vir groepe met taalverskille, maar kan nie gebruik word waar groepe die prente verskillend sal interpreteer nie.

Volgens Geist (1959:413-415) is prente ook nader aan die werklikheid en response sal dan ook meer realisties wees. Omdat prente nader aan die dag-tot-dag lewenssituasie beweeg, sal die interpretasie van prente grootliks verskil by verskillende kultuurgroepe, sosiale klasse, rassegroepe, asook verskillende gedeeltes van 'n land.

Geist (1959:422-423) wys ook daarop dat prentebelangstellingsvraelyste voldoende blyk te wees in navorsing sowel as voorligting en beroepsleiding. 'n Ooglopende onvermoë om 'n algemene beroep te herken kan beduidend wees en kan opgevolg word deur 'n onderhoud. Met tye kan die prentebelangstellingsvraelys ook waardevol wees wanneer die persoon assosiasie aandui ten opsigte van 'n prent of selfs 'n storie vertel oor 'n bepaalde tekening. Bepaalde inligting kan vir 'n opgeleide persoon in die projektiewe tegnieke openbaar word.

Daarbenewens stel Geist (1959:422) dit dat prentebelangstellingsvraelyste 'n vinnige en aanvaarbare metode is by die meting van belangstelling. Die enigste voorbeeld in Suid-Afrika is:

- **'n Prenteberoepsbelangstellingsvraelys vir Volwassenes (PBV) (1981)**

  Die doel met die vraelys, is om Swart volwassenes wat ten minste standerd 5 geslaag het, se belangstelling in sekere beroepsaktiwiteite te bepaal. Die PBV dek 11 aktiwiteitsgroeperings wat as belangstellingsvelde bekend staan, naamlik Klerklike Werk, Hoër Ingenieursambagte, Laer Ingenieursambagte, Houtwerk, Verfambagte, Bouwerk, Huishoudelike Werk, Voedselvoorbereiding, Landbou, Kleremakery en Leerwerk. Die PBV bevat 110 items waarin die toetsling telkens die keuse het tussen 3 moontlikhede, naamlik voorkeur, afkeur of neutraal. Die toepassingstyd is ongeveer 30 tot 45 minute (RGN, 1987:30).

## 3.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is onderskei tussen objektiewe en subjektiewe meting van belangstelling, asook verskeie metodes om belangstelling te meet. Die vraelystegniek het aandag geniet, onder andere ook aspekte soos benaderingswyses, belangstellingsvelde, formaat van die vraelys en beantwoordingsmetodes. Die interpretasie en funksies van belangstellingsvraelyste is bespreek, asook bepaalde belangstellingsvraelyste en laastens is prentevraelyste kortliks toegelig.

In Hoofstuk 4 word die metode van ondersoek bespreek.

# HOOFSTUK 4

## 4. METODE VAN ONDERSOEK

### 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die ontwikkeling van 'n prentebelangstellingsvraelys onder die loep geneem. In die bespreking sal onder meer aandag gegee word aan belangstellingsvelde, toetsitems, die antwoordblad, loodsstudie, studiepopulasie en steekproef, toepassing, nasien van die prentebelangstellingsvraelys en statistiese ontleding.

### 4.2 Die doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is om 'n prentebelangstellingsvraelys vir leerlinge en studente te ontwikkel vir gebruik by vak- (st. 5), studierigting (st. 7) en beroepskeusevoorligting (st. 10).

### 4.3 Ontwikkeling van die prentebelangstellingsvraelys

#### 4.3.1 Belangstellingsvelde

Op grond van die ooreenkomste (paragraaf 3.4.2) wat gevind is tussen die Amerikaans gestandaardiseerde GPI (Geist Picture Inventory) en belangstellingsvraelyste soos die KODUS en die Kuder Voorkeurrekord wat vir Suid-Afrika se omstandighede gestandaardiseer is, is besluit om die GPI as basis te gebruik vir die ontwikkeling van 'n prentebelangstellingsvraelys vir Suid-Afrikaanse omstandighede.

Die redes vir die voorkeur van 'n prentebelangstellingsvraelys is reeds in hoofstuk een bespreek. Van die vernaamste voordele is kortliks die volgende:

- 'n Korter toetstyd van die vraelys.
- Die aard van die stimuli (visueel in plaas van verbale stellings).
- Die sterk ooreenkomste van prente met die werklikheid.
- Die navorsingsmoontlikhede wat 'n prentebelangstellingsvraelys inhou binne die breër Suid-Afrikaanse milieu.

Vir hierdie ondersoek word die elf belangstellingsvelde van die GPI as uitgangspunt behou. Die velde ter sprake by die prentebelangstellingsvraelys is soos volg:

1. OORREDEND (O) : 'n Persoon geniet dit om mense te beïnvloed en met mense te werk, geniet aktiwiteite soos verkope en bemarking, hou van beroepe en stokperdjies waarby mense oorgehaal of oorreed word om 'n bepaalde rigting in te slaan.

2. KLERKLIK (Kl) : 'n Persoon hou van kantoorwerk, geniet korrespondensie, hou lêers, rekeninge en roetine data op datum.

3. MEGANIES (M) : 'n Persoon geniet praktiese vaardighede, met sy hande werk, hou van die herstel van gereedskap en/of met masjinerie te werk.

4. MUSIEK (Mu) : 'n Persoon hou daarvan om simfonie-optredes by te woon, musiek instrument(e) te bespeel, te sing en geniet aktiwiteite wat verband hou met musiek of musikante.

5. WETENSKAP (W) : 'n Persoon wat die inwin van kennis geniet, daarvan hou om nuwe feite en idees te ontdek, belangstel in hoekom, hoe en waarom dinge gebeur, veral in die natuurwetenskappe.

6. BUITELEWE (B) : 'n Persoon wat voorkeur gee aan buitemuurse aktiwiteite en aktiwiteite in die opelug.

7. LITERêR (L) : 'n Persoon wat dit geniet om boeke te lees of enige ander soorte skrywe en mag selfs daarvan hou om te skryf.

8. SYFERS (S) : 'n Persoon wat dit geniet om numeriese berekeninge te maak, daarvan hou om syferwerk te doen soos skatting, optelling, opsomming en verwerking daarvan.

9. KUNS (K) : 'n Persoon wat self kreatiewe werk geniet, mooi idees en dinge waardeer en belangstel in die estetiese sy van die lewe.

10. SOSIALE DIENS (So) : 'n Persoon wat belangstel om ander te help, die bevordering en deelname in sosiale welsynsaktiwiteite soos die hulpverlening en ondersteuning van siekes en hulpbehoewendes.

11. DRAMA (D) : 'n Persoon wat toneelspeel en ander aktiwiteite wat verband hou met die filmwêreld en teater geniet.

'n Item bestaan uit drie prentjies wat elk 'n bepaalde beroep of aktiwiteit voorstel. So word by vraag vier by prent nommer 1 'n pottebakker, prent nommer 2 'n basvioolspeler en prent nommer 3 'n dokter wat 'n pasiënt ondersoek, voorgestel. Van die respondent word verwag om aan te dui watter beroep hy verkies.

### 4.3.2 Toetsitems

Aangesien die inhoud van die Amerikaanse prenttipes nie vir Suid-Afrikaanse leerlinge toepaslik is nie, is besluit om dit aan te pas met die oog op:

- meer relevante en moderne stimuli te verseker;
- meer toepaslik te wees in die Suid-Afrikaanse milieu;
- geslagsdiskriminasie sover moontlik teen te werk.

Alle prente is deur 'n kunstenaar oorgeteken ten einde die styl van die prente dieselfde te hou, terwyl die inhoud van sekere prente moes verander sonder dat die konstrukte van die betrokke belangstellingsvelde daardeur geraak is. Voorbeelde hiervan is:

Vraag 7.2 : Die voorstelling van die Amerikaanse president moes vervang word met die Suid-Afrikaanse Staatspresident.

Vraag 7.3 : Die bofbalspeler moes vervang word met 'n hokkiespeler/ster.

Vraag 17.1 : 'n Redenaar met die Withuis in die agtergrond is vervang met 'n politikus met die parlement in die agtergrond.

Vraag 20.3 : 'n Boy's Scout leier is vervang met 'n Voortrekkerleier.

Vraag 23.3 : Die Oscartoekenning is vervang met 'n Artestoekenning.

Vraag 28.2 : Die visserman is vervang met 'n diepseeduiker.

Vraag 35.1 : Washington wat Delaware oorsteek is vervang met die Voortrekkermonument.

Vraag 40.1 : Die verouderde optelmasjien is vervang met 'n rekenaar.

Vraag 40.2 : Breinaalde en wol is by die saag gevoeg.

Daar is gepoog om items so geslagloos as moontlik te maak deur byvoorbeeld geen hare te teken, gesigte net die buitelyne te trek en ook die figure se lyne (liggaam en kleding) so te wysig dat daar deur beide geslagte geïdentifiseer kan word met 'n bepaalde beroep wat deur die prent verteenwoordig word. Tans word soveel "tradisionele" manlike of vroulike beroepe deur die ander geslag beoefen. Die rede vir onderbeklemtoning van geslag by die prente is om doelbewus die klem op beroepsaspekte te laat val.

Die hoeveelheid items (44) is dieselfde gehou. Sommige items word by meer as een belangstellingsveld in berekening gebring, terwyl ander slegs op 'n bepaalde veld van toepassing is.

Hier volg die hoeveelheid items van die prentebelangstellingsvraelys wat 'n bepaalde belangstellingsveld dek:

| BELANGSTELLINGSVELD | SLEUTEL | GETAL ITEMS |
|---|---|---|
| 1. Oorredend | O | 23 |
| 2. Klerklik | Kl | 12 |
| 3. Meganies | M | 20 |
| 4. Musiek | Mu | 16 |
| 5. Wetenskap | W | 18 |
| 6. Buitelewe | B | 17 |
| 7. Literêr | L | 12 |
| 8. Syfers | S | 21 |
| 9. Kuns | K | 15 |
| 10. Sosiale Diens | So | 14 |
| 11. Drama | D | 13 |

In bylaag I word die aktiwiteit wat elke prent uitbeeld benoem, terwyl die belangstellingsvelde wat deur die bepaalde prent gedek word, in hakies in die sleutelvorm bygevoeg is.

### 4.3.3 Die antwoordblad

Die antwoordblad is net so behou en in Afrikaans vertaal. Die formaat het dieselfde gebly, so ook die belangstellingsprofiel. Die T-tellings is vervang met staneges en die profiel is dus dienooreenkomstig gewysig (kyk Bylaag II).

## 4.4 Loodsstudie

'n Ewekansige steekproef bestaande uit 60 leerlinge (10 seuns en 10 dogters uit elke standerd) van een sekondêre skool, is getrek met die uitsluitlike doel om probleme van enige aard rakende toetsitems vroegtydig te identifiseer. Die loodsstudie bestaan dus uit 20 st. 5-, st. 7- en st. 10-leerlinge wat nie deel uitmaak van die finale steekproef nie.

Die voorlopige prentebelangstellingsvraelys is toegepas tydens die loodsstudie. Van die leerlinge het probleme ondervind met van die items. Leerlinge moes aandui watter items probleme besorg en waar die probleem is. Die volgende items is uitgewys:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vraag 1 | nommer 3 | - | Radio-omroeper |
| Vraag 7 | nommer 2 | - | Staatspresident |
| Vraag 18 | nommer 3 | - | Verkeerskonstabel |
| Vraag 20 | nommer 3 | - | Voortrekkerleier |
| Vraag 22 | nommer 2 | - | Lugdiensklerk |
| Vraag 28 | nommer 1 | - | Apteekverkoopsklerk |

Die prentebelangstellingsvraelys is hierna met die kunstenaar bespreek. Verbeteringe is dienooreenkomstig aangebring. By vraag 1 nommer 3 is die S.A.U.K.-teken bygevoeg; Vraag 7 nommer 2 is die Suid-Afrikaanse vlag in die agtergrond geteken; Vraag 18 nommer 3 is 'n "skool" bordjie bygevoeg; Vraag 20 nommer 3 is die Voortrekkerwapen bygevoeg; Vraag 22 nommer 2 is 'n baie bekende Lug-

diens se embleem bygevoeg en Vraag 28 nommer 1 is die woord "apteek" bygevoeg (kyk bylaag III).

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat leerlinge nie verdere probleme met die items sou ondervind nie.

Goedkeuring is van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry om die prentebelangstellingsvraelys toe te pas.

## 4.5 Studiepopulasie - normbepaling

Al die st. 5-, st. 7- en st. 10-blanke leerlinge van skole in Rustenburg is as studiepopulasie oorweeg. Engelssprekende leerlinge is uitgesluit, aangesien die grootte van die populasie nie insluiting regverdig nie. St. 5-, st. 7- en st. 10-leerlinge is gebruik omdat hierdie leerlinge bepaalde vakkeuses, studierigtingkeuses, asook beroepskeuses in hulle bepaalde standerdgroepe maak.

## 4.6 Steekproef

Al die metodes van steekproefneming is oorweeg. Vir die doel van hierdie ondersoek is op 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef besluit. Die strata relevant tot die normpopulasie was skool, standerd, klas en geslag. Strata gegewens word vervolgens verskaf.

| STANDERD | SKOOL | KLASSE |
|---|---|---|
| 5 | A | 3 |
| 5 | B | 3 |
| 5 | C | 4 |
| 5 | D | 5 |
| 5 | E | 5 |
| | | |
| 7 | F | 6 |
| 7 | G | 8 |
| 7 | H | 7 |
| 7 | I | 7 |

| STANDERD | SKOOL | KLASSE |
|---|---|---|
| 10 | F | 5 |
| 10 | G | 7 |
| 10 | H | 5 |
| 10 | I | 5 |

Ouderdom as veranderlike is buite rekening gelaat, aangesien ouderdom per standerd in blanke skole betreklik homogeen is. Ouderdom as veranderlike sou die trek van die steekproef ook aansienlik bemoeilik in die praktyk. Skoolstanderd is vir beroepsvoorligtingdoeleindes van groter praktiese belang as die verskil in ouderdomme (binne 'n bepaalde skoolstanderd).

Die steekproefgrootte wissel van standerd tot standerd en geslag tot geslag. 'n Proporsionele uiteensetting word voorgestel in die onderstaande tabel.

TOTALE GETAL LEERLINGE GETOETS: 632

St. 5 (N = 105) (Seuns)

| SKOOL | A | B | C | D | E |
|---|---|---|---|---|---|
| GETAL | 16 | 15 | 17 | 31 | 26 |

St. 5 (N = 105) (Dogters)

| SKOOL | A | B | C | D | E |
|---|---|---|---|---|---|
| GETAL | 24 | 14 | 18 | 26 | 23 |

St. 7 (N = 105) (Seuns)

| SKOOL | F | G | H | I |
|---|---|---|---|---|
| GETAL | 14 | 22 | 29 | 40 |

St 7. (N = 106) (Dogters)

| SKOOL | F | G | H | I |
|---|---|---|---|---|
| GETAL | 30 | 41 | 35 | 0 |

St. 10 (N = 106) (Seuns)

| SKOOL | F | G | H | I |
|---|---|---|---|---|
| GETAL | 14 | 26 | 17 | 49 |

St. 10 (N = 105) (Dogters)

| SKOOL | F | G | H | I |
|---|---|---|---|---|
| GETAL | 30 | 39 | 36 | 0 |

## 4.7 Toepassing van die prentebelangstellingsvraelys

### 4.7.1 Tyd

Die invul van die vraelys neem ongeveer 15 minute. Geen tydsbeperking word gestel nie. Sommige leerlinge het die volledige vraelys binne 10 minute beantwoord, terwyl geen leerling tydens die normtoepassing langer as 20 minute geneem het om die vraelys te voltooi nie.

### 4.7.2 Toetsomstandighede

Alle vraelyste is onder toesig van die navorser self in skoolsale afgelê waar genoegsame stilte, ventilasie, lig, ruimte en skryffasiliteite beskikbaar was.

### 4.7.3 Vraelysmateriaal

Hierdie is 'n papier en potlood toets. Die vraelysmateriaal bestaan uit 'n vraeboekie wat die vrae en prente-items bevat. Daar is 'n meervoudige keuse-tipe antwoordblad waarop gekose response aangedui word, asook 'n belangstellingsprofiel wat getrek kan word (kyk Bylae II & III).

### 4.7.4 Vraelysinstruksies

Volledige vraelysinstruksies verskyn in geskrewe vorm met 'n duidelike voorbeeld, voor in die vraelysboekie. Die toetsafnemer lees aan die toetslinge voor en verduidelik indien nodig (kyk Bylaag III).

Die vraelys bevat 44 geskrewe vrae met drie moontlike prentkeuses (of antwoorde) op elke vraag. Leerlinge maak een bepaalde keuse en dui die keuse aan op die antwoordblad teenoor die bepaalde vraagnommer.

## 4.8 Nasien van antwoordblaaie

Nadat gekontroleer is dat nie meer as een respons per vraag verskaf is nie, word die antwoordblaaie met behulp van nasienmaskers nagesien. Roupunte/totaaltellings van die 11 belangstellingsvelde word dan op die aangewese plek op die antwoordblad neergeskryf (kyk Bylaag II).

## 4.9 Statistiese ontleding

### 4.9.1 Normbepaling

Normtabelle vir st. 5, st. 7 en st. 10 seuns en dogters is elk afsonderlik bereken. Normtabelle skakel roupunte (totaaltellings op elke spesifieke belangstellingsveld) om na standaardpunte, in hierdie geval staneges en stiene. Standaardpunte stel die toetsgebruiker in staat om 'n bepaalde vraelystelling te kan vergelyk met:

- vraelystellings van die leerling op ander belangstellingsvelde
- vraelystellings van die normgroep.

Standaardtellings bied 'n aanduiding van die proporsionele verdeling onder die normaalkurwe van die normgroep wat 'n bepaalde routelling behaal het (RGN, 1982:91).

### 4.9.2 Betroubaarheidsbepaling

Betroubaarheid is bepaal deur middel van die Kuder Richardson 21 (KR-21) metode vir alle standerds (RGN, 1982:129).

Toets-hertoetsbetroubaarheid is egter ook bepaal nadat die prentebelangstellingsvraelys ook in die vierde kwartaal op standerd vyf en sewe leerlinge toegepas is.

Die resultate word in paragraaf 5.3 ontleed.

### 4.9.3 Geldigheidsbepaling

Die samevallende geldigheid is bepaal deurdat die KODUS-belangstellingsvraelyste ook afgeneem is tydens die normtoetstoepassing in die derde kwartaal.

Pearson-produk-momentkorrelasiekoëffisiënt is bereken tussen ooreenstemmende belangstellingsvelde (RGN, 1982:166). Die resultate word in paragraaf 5.4 ontleed.

### 4.9.4 Interkorrelasies

Interkorrelasies tussen die verskillende velde soos die prentebelangstellingsvraelys is bereken met behulp van die Produk-momentkorrelasie- koëffisiënt. Die doel hiervan was om 'n idee te verkry van die mate waarin die velde mekaar oorvleuel.

### 4.9.5 Geslagsverskille

T-toetse is uitgevoer op die gegewens vir standerd sewes en standerd tiens. Die doel was om vas te stel of daar statisties beduidende verskille bestaan tussen die gemiddelde totaaltellings (roupunte) van seuns en dogters binne elk van hierdie standerds. Hierdie inligting mag relevant wees tydens vak- (st. 7) en beroepskeuses (st. 10).

## 4.10 AFSLUITING

Aangesien wetenskaplike navorsingsbevindinge meetbaar en herhaalbaar moet wees, was die doel van hierdie hoofstuk dan om die navorsingsmetode wat gevolg is uiteen te sit sodat herhalinge moontlik behoort te wees. Sodoende kan die metings wat verkry is, gekontroleer word.

In die volgende hoofstuk sal meer indringend na die navorsingsresultate gekyk word.

# HOOFSTUK 5

## 5. DIE BESPREKING VAN DIE RESULTATE

### 5.1 Inleiding

Die steekproef wat gebruik is tydens normbepaling, betroubaarheids- en geldigheidsbepaling, asook by die toetsing vir sydigheid (t-toetse) by die prentebelangstellingsvraelys is in paragraaf 4.6 bespreek.

Alle statistiese verwerkings is uitgevoer met behulp van NIPN Toets statistiese pakket weergawe 2.0 soos ontwikkel deur Boeyens en Taylor in 1991.

### 5.2 Normberekening

Norms is bereken vir standerds 5, 7 en 10. Aparte tabelle is opgestel vir seuns en dogters binne elke standerd.

Staneges en Stiene is bereken van genormaliseerde uitgestrykte z-tellings. Staneges het 'n gemiddeld van 5 en 'n standaardafwyking van 1,96. Stiene het 'n gemiddeld van 5,5 en 'n standaardafwyking van 2.

Die normtabelle verskyn in tabelle 5.1 tot 5.12.

Gemiddelde routellings en standaardafwykings word verskaf in tabel 5.13. Die lae gemiddelde routellings in hierdie tabel, kan toegeskryf word aan die aard van die items waar enige bepaalde respons ten koste van twee ander gemaak word. Die feit dat die omvang van die routellings beperk is, is duidelik te bespeur in die normtabelle waar 'n groot omvang van hoër routellings telkens by die hoogste standaardtelling gevind word.

TABEL 5.1

STANEGES VIR STANDERD VYF DOGTERS (N = 105)

| STANEGE | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STANEGE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0-4 | 0-1 | 0-1 | - | 0-2 | 0-1 | 0-2 | 0-5 | 0-2 | 0-2 | 0-1 | 1 |
| 2 | 5 | 2 | - | 0 | 3 | - | 3 | 6 | 3 | 3 | 2 | 2 |
| 3 | 6 | 3 | 2 | 1 | 4-5 | 2-3 | 4 | 7 | 4 | 4 | 3 | 3 |
| 4 | 7 | 4 | 3 | 2 | 6-7 | 4 | 5 | 8 | 5 | 5 | 4 | 4 |
| 5 | 8 | 5 | - | 3-4 | 8 | 5 | 6 | 9 | 6-7 | 6 | 5 | 5 |
| 6 | 9 | 6 | 4-5 | 5-6 | 9-10 | 6 | 7 | 10-11 | 8 | 7 | 6 | 6 |
| 7 | 10 | 7 | 6 | 7 | 11-12 | 7 | 8 | 12-13 | 9 | 8 | 7 | 7 |
| 8 | 11-12 | 8 | 7 | 8-10 | 13 | 8-9 | 9 | 14-15 | 10 | 9 | 8 | 8 |
| 9 | 13-23 | 9-12 | 8-20 | 11-16 | 14-18 | 10-17 | 10-12 | 16-21 | 11-15 | 10-14 | 9-13 | 9 |

TABEL 5.2

STIENE VIR STANDERD VYF DOGTERS (N = 105)



| STIEN | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STIEN |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0-4 | 0-1 | 0 | - | 0-2 | 0 | 0-1 | 0-4 | 0-1 | 0-1 | 0-1 | 1 |
| 2 | - | 2 | 1 | - | 3 | 1 | 2 | 5 | 2 | 2 | - | 2 |
| 3 | 5 | 3 | 2 | 0 | 4 | 2 | 3 | 6 | 3 | 3 | 2 | 3 |
| 4 | 6 | 4 | - | 1-2 | 5-6 | 3 | 4 | 7 | 4-5 | 4 | 3 | 4 |
| 5 | 7 | 5 | 3 | 3 | 7-8 | 4-5 | 5 | 8-9 | 6 | 5 | 4 | 5 |
| 6 | 8 | 6 | 4 | 4-5 | 9 | 6 | 6 | 10 | 7 | 6 | 5 | 6 |
| 7 | 9 | 7 | 5 | 6 | 10-11 | 7 | 7 | 11-12 | 8 | 7 | 6-7 | 7 |
| 8 | 10-11 | - | 6 | 7-9 | 12 | 8 | 8 | 13-14 | 9 | 8 | - | 8 |
| 9 | 12 | 8 | 7-8 | 10 | 13 | 9-10 | 9 | 15 | 10-11 | 9 | 8 | 9 |
| 10 | 13-23 | 9-12 | 9-20 | 11-16 | 14-18 | 11-17 | 10-12 | 16-21 | 12-15 | 10-14 | 9-13 | 10 |

TABEL 5.3

STANEGES VIR STANDERD VYF SEUNS (N = 105)

| STANEGE | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STANEGE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0–3 | 0–1 | 0–2 | – | 0–3 | 0–2 | 0 | 0–5 | 0–2 | 0–2 | – | 1 |
| 2 | 4 | 2 | 3 | – | 4 | 3 | 1 | 6 | – | – | 0 | 2 |
| 3 | 5 | 3 | 4–5 | 0 | 5 | 4 | 2 | 7–8 | 3 | 3 | 1 | 3 |
| 4 | 6 | 4 | 6 | – | 6 | 5 | 3 | 9 | 4 | 4–5 | 2 | 4 |
| 5 | 7 | – | 7–8 | 1 | 7–8 | 6–7 | 4 | 10–11 | 5 | 6 | 3 | 5 |
| 6 | 8 | 5 | 9 | 2–3 | 9–10 | 8–9 | 5 | 12 | 6 | 7 | 4 | 6 |
| 7 | 9–10 | 6 | 10–12 | 4–6 | 11 | 10 | 6 | 13–14 | 7 | 8 | 5 | 7 |
| 8 | 11 | 7 | 13 | 7–9 | 12 | 11–13 | 7 | 15 | 8–9 | 9 | 6 | 8 |
| 9 | 12–23 | 8–12 | 14–20 | 10–16 | 13–18 | 14–17 | 8–12 | 16–21 | 10–15 | 10–14 | 7–13 | 9 |

TABEL 5.4

STIENE VIR STANDERD VYF SEUNS (N = 105)

| STIEN | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STIEN |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0–2 | 0–1 | 0–2 | – | 0–2 | 0–1 | 0 | 1–4 | 0–2 | 0–1 | – | 1 |
| 2 | 3 | 2 | 3 | – | 3 | 2 | 1 | 5–6 | – | 2 | 0 | 2 |
| 3 | 4–5 | 3 | 4 | – | 4 | 3–4 | – | 7 | 3 | 3 | 1 | 3 |
| 4 | 6 | – | 5 | 0 | 5–6 | 5 | 2 | 8–9 | 4 | 4 | 2 | 4 |
| 5 | 7 | 4 | 6–7 | 1 | 7 | 6 | 3 | 10 | 5 | 5 | 3 | 5 |
| 6 | 8 | 5 | 8 | 2 | 8–9 | 7–8 | 4–5 | 11 | 6 | 6 | 4 | 6 |
| 7 | 9 | 6 | 9–11 | 3–4 | 10 | 9–10 | 6 | 12–13 | 7 | 7 | 5 | 7 |
| 8 | 10 | 7 | 12 | 5–7 | 11–12 | 11–12 | 7 | 14–15 | 8 | 8–9 | 6 | 8 |
| 9 | 11 | – | 13 | 8–10 | 13 | 13 | 8 | 16 | 9 | 10 | 7 | 9 |
| 10 | 12–23 | 8–12 | 14–20 | 11–16 | 14–18 | 14–17 | 9–12 | 17–21 | 10–15 | 11–14 | 8–13 | 10 |

TABEL 5.5

STANEGES VIR STANDERD 7 DOGTERS (N = 106)

| STANEGE | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STANEGE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0-2 | 0-1 | 0 | - | 0-1 | 0-1 | 0-1 | 0-3 | 0-1 | 0-1 | 0-1 | 1 |
| 2 | 3-4 | 2 | 1 | 0 | 2 | 2 | 2-3 | 4-5 | 2 | 2 | - | 2 |
| 3 | 5 | 3 | 2 | 1 | 3-4 | 3 | 4 | 6-7 | 3 | 3 | 2 | 3 |
| 4 | 6 | 4 | 3 | 2 | 5-6 | 4 | 5 | 8 | 4-5 | 4 | 3 | 4 |
| 5 | 7-8 | 5 | 4 | 3 | 7-8 | 5 | 6 | 9-10 | 6 | 5 | 4-5 | 5 |
| 6 | 9 | 6 | 5 | 4-5 | 9 | 6-7 | 7 | 11 | 7-8 | 6 | 6 | 6 |
| 7 | 10 | 7-8 | 6 | 6-7 | 10-12 | 8-9 | 8 | 12-13 | 9 | 7-8 | 7-8 | 7 |
| 8 | 11 | 9 | 7-9 | 8-9 | 13 | 10-11 | 9 | 14 | 10-11 | 9 | - | 8 |
| 9 | 12-23 | 10-12 | 10-20 | 10-16 | 14-18 | 12-17 | 10-12 | 15-21 | 12-15 | 10-14 | 9-13 | 9 |

TABEL 5.6

STIENE VIR STANDERD 7 DOGTERS (N = 106)



| STIEN | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STIEN |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0-2 | 0 | 0 | - | 0 | 0-1 | 0 | 0-2 | 0-1 | 0 | 0 | 1 |
| 2 | 3 | 1 | 1 | - | 1 | - | 1-2 | 3-4 | 2 | 1-2 | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 2-3 | - | 0 | 2-3 | 2 | 3 | 5-6 | 3 | 3 | 2 | 3 |
| 4 | 5-6 | 4 | 2 | 1 | 4-5 | 3 | 4 | 7-8 | 4 | 4 | 3 | 4 |
| 5 | 7 | 5 | 3 | 2-3 | 6-7 | 4 | 5 | 9 | 5 | 5 | 4 | 5 |
| 6 | 8 | 6 | 4 | 4 | 8-9 | 5-6 | 6 | 10 | 6-7 | 6 | 5 | 6 |
| 7 | 9-10 | 7 | 5-6 | 5-6 | 10-11 | 7-8 | 7-8 | 11-12 | 8 | 7 | 6-7 | 7 |
| 8 | 11 | 8 | 7-8 | 7-8 | 12 | 9-10 | 9 | 13-14 | 9-10 | 8 | 8 | 8 |
| 9 | 12 | 9-10 | 9-10 | 9-10 | 13-14 | 11 | 10 | 15 | 11-12 | 9 | 9 | 9 |
| 10 | 13-23 | 11-12 | 11-20 | 11-16 | 15-18 | 12-17 | 11-12 | 16-21 | 13-15 | 10-14 | 10-13 | 10 |

TABEL 5.7

STANEGES VIR STANDERD SEWE SEUNS (N = 105)

| STANEGE | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STANEGE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0–2 | 0–1 | 0–2 | – | 0–3 | 0–1 | 0–1 | 0–5 | 0–2 | 0–1 | 0 | 1 |
| 2 | 3 | 2 | 3 | – | 4 | 2–3 | – | 6–7 | 3 | 2 | 1 | 2 |
| 3 | 4–5 | 3 | 4 | 0 | 5–6 | 4 | 2 | 8–9 | – | 3 | – | 3 |
| 4 | 6 | – | 5 | – | 7 | 5 | 3 | 10–11 | 4 | 4 | 2 | 4 |
| 5 | 7–8 | 4 | 6–7 | 1 | 8–9 | 6–7 | 4 | 12 | 5–6 | 5 | 3 | 5 |
| 6 | 9 | 5 | 8–9 | 2 | 10 | 8–9 | 5 | 13 | 7 | 6–7 | – | 6 |
| 7 | 10 | 6 | 10–12 | 3–4 | 11–12 | 10–11 | 6 | 14–15 | 8 | 8 | 4–5 | 7 |
| 8 | 11–12 | 7 | 13–14 | 5–6 | 13–14 | 12–13 | 7 | 16 | 9–10 | 9 | 6 | 8 |
| 9 | 13–23 | 8–12 | 15–20 | 7–16 | 15–18 | 14–17 | 8–12 | 17–21 | 11–15 | 10–14 | 7–13 | 9 |

TABEL 5.8

STIENE VIR STANDERD SEWE SEUNS (N = 105)

| STIEN | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STIEN |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0–2 | 0–1 | 0–2 | – | 0–2 | 0–1 | 0 | 0–5 | 0–1 | 0 | – | 1 |
| 2 | 3 | 2 | – | – | 3 | 2 | 1 | 6 | 2 | 1 | 0 | 2 |
| 3 | 4 | – | 3 | – | 4–5 | 3 | 2 | 7–8 | 3 | 2 | 1 | 3 |
| 4 | 5 | 3 | 4–5 | 0 | 6 | 4–5 | 3 | 9–10 | 4 | 3–4 | 2 | 4 |
| 5 | 6–7 | 4 | 6 | 1 | 7–8 | 6 | 4 | 11–12 | 5 | 5 | – | 5 |
| 6 | 8 | – | 7–8 | 2 | 9 | 7–8 | 5 | 13 | 6–7 | 6 | 3 | 6 |
| 7 | 9–10 | 5 | 9–10 | 3 | 10–11 | 9–10 | 6 | 14 | 8 | 7 | 4 | 7 |
| 8 | 11 | 6–7 | 11–13 | 4–5 | 12–13 | 11–12 | 7 | 15 | 9 | 8 | 5–6 | 8 |
| 9 | 12 | 8 | 14 | 6–7 | 14 | 13 | 8–9 | 16 | 10 | 9 | 7 | 9 |
| 10 | 13–23 | 9–12 | 15–20 | 8–16 | 15–18 | 14–17 | 10–12 | 17–21 | 11–15 | 10–14 | 8–13 | 10 |

TABEL 5.9

STANEGES VIR STANDERD TIEN DOGTERS (N = 105)

| STANEGE | O | KL | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STANEGE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0–3 | 0–1 | 0–1 | – | 0–2 | 0–1 | 0–2 | 0–4 | 0–1 | 0–1 | 0–1 | 1 |
| 2 | 4 | 2 | 2 | 0 | 3 | 2 | 3 | 5 | 2–3 | 2 | 2 | 2 |
| 3 | 5 | 3 | 3 | 1 | 4–5 | 3 | 4 | 6 | 4 | 3 | 3 | 3 |
| 4 | 6–7 | 4 | – | 2 | 6 | 4 | 5 | 7 | 5 | 4 | 4 | 4 |
| 5 | 8 | 5 | 4 | 3 | 7–8 | 5–6 | 6 | 8–9 | 6–7 | 5 | 5 | 5 |
| 6 | 9 | 6 | 5–6 | 4–5 | 9 | 7 | 7 | 10–11 | 8–9 | 6 | 6 | 6 |
| 7 | 10 | 7 | 7 | 6–8 | 10–11 | 8–9 | 8 | 12 | 10 | 7 | 7 | 7 |
| 8 | 11 | 8–9 | 8–9 | 9–12 | 12–13 | 10–11 | 9–10 | 13–15 | 11–12 | 8 | 8 | 8 |
| 9 | 12–23 | 10–12 | 10–20 | 13–16 | 14–18 | 12–17 | 11–12 | 16–21 | 13–15 | 9–14 | 9–13 | 9 |

TABEL 5.10

STIENE VIR STANDERD TIEN DOGTERS (N = 105)

| STIEN | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STIEN |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0–2 | 0 | 0–1 | – | 0–2 | 0 | 0–2 | 0–3 | 0–1 | 0 | 0 | 1 |
| 2 | 3–4 | 1 | – | 0 | 3 | 1 | – | 4 | 2 | 1 | 1 | 2 |
| 3 | 5 | 2 | 2 | 1 | 4 | 2 | 3 | 5–6 | 3 | 2 | 2 | 3 |
| 4 | 6 | 3 | 3 | 2 | 5–6 | 3–4 | 4 | 7 | 4–5 | 3 | 3 | 4 |
| 5 | 7 | 4 | 4 | 3 | 7 | 5 | 5 | 8 | 6 | 4 | 4–5 | 5 |
| 6 | 8–9 | 5–6 | 5 | 4 | 8–9 | 6 | 6 | 9–10 | 7–8 | 5–6 | 6 | 6 |
| 7 | 10 | 7 | 6 | 5–6 | 10 | 7–8 | 7 | 11 | 9–10 | 7 | 7 | 7 |
| 8 | 11 | 8 | 7–8 | 7–10 | 11–12 | 9–10 | 8–9 | 12–13 | 11 | 8 | 8 | 8 |
| 9 | 12 | 9 | 9 | 11–13 | 13–14 | 11 | 10–11 | 14–15 | 12 | 9 | 9 | 9 |
| 10 | 13–23 | 10–12 | 10–20 | 14–16 | 15–18 | 12–17 | 12 | 16–21 | 13–15 | 10–14 | 10–13 | 10 |

TABEL 5.11

STANEGES VIR STANDERD TIEN SEUNS (N = 106)

| STANEGE | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STANEGE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0–3 | 0–1 | 0–1 | – | 0–3 | 0–2 | 0 | 0–3 | 0–1 | 0 | – | 1 |
| 2 | 4–5 | – | 2–3 | – | 4 | 3 | 1 | 4–5 | 2–3 | 1 | 0 | 2 |
| 3 | 6 | 2 | 4 | 0 | 5 | 4 | 2 | 6–7 | 4 | 2 | 1 | 3 |
| 4 | 7 | 3 | 5 | 1 | 6 | 5–6 | 3 | 8–9 | 5 | 3 | 2 | 4 |
| 5 | 8 | 4 | 6–8 | 2 | 7 | 7–8 | 4 | 10–11 | 6 | 4 | 3 | 5 |
| 6 | 9 | 5 | 9–10 | 3–4 | 8–9 | 9 | 5 | 12–13 | 7–8 | 5 | 4–5 | 6 |
| 7 | 10 | 6 | 11–13 | 5 | 10–11 | 10–11 | 6 | 14–15 | 9 | 6–7 | 6 | 7 |
| 8 | 11–12 | 7 | 14 | 6–8 | 12–13 | 12–13 | 7 | 16 | 10–11 | – | 7 | 8 |
| 9 | 13–23 | 8–12 | 15–20 | 9–16 | 14–18 | 14–17 | 8–12 | 17–21 | 12 | 8–14 | 8–13 | 9 |

TABEL 5.12

STIENE VIR STANDERD TIEN SEUNS (N = 106)

| STIEN | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D | STIEN |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0–2 | 0 | 0–1 | – | 0–2 | 0–1 | – | 0–2 | 0–1 | – | – | 1 |
| 2 | 3–4 | 1 | 2 | – | 3 | 2 | 0–1 | 3–4 | 2 | 0–1 | 0 | 2 |
| 3 | 5 | 2 | 3 | 0 | 4 | 3–4 | – | 5–6 | 3 | – | 1 | 3 |
| 4 | 6 | 3 | 4 | – | 5–6 | 5 | 2 | 7–8 | 4 | 2 | 2 | 4 |
| 5 | 7 | 4 | 5–7 | 1 | 7 | 6–7 | 3 | 9–10 | 5 | 3 | 3 | 5 |
| 6 | 8 | 5 | 8–9 | 2–3 | 8 | 8–9 | 4 | 11–12 | 6–7 | 4–5 | 4 | 6 |
| 7 | 9–10 | 6 | 10–12 | 4–5 | 9–10 | 10 | 5–6 | 13–14 | 8 | 6 | 5 | 7 |
| 8 | 11 | 7 | 13–14 | 6 | 11–12 | 11–12 | 7 | 15–16 | 9–10 | 7 | 6–7 | 8 |
| 9 | 12 | 8 | 15 | 7–9 | 13–15 | 13–14 | 8 | 17 | 11 | 8 | 8–9 | 9 |
| 10 | 13–23 | 9–12 | 16–20 | 10–16 | 16–18 | 15–17 | 9–12 | 18–21 | 12 | 9–14 | 10–13 | 10 |

TABEL 5.13

NORMBEPALING : GEMIDDELDES EN STANDAARDAFWYKINGS

| | | STANDERD 5 | | | | STANDERD 7 | | | | STANDERD 10 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | SEUNS * | | DOGTERS * | | SEUNS * | | DOGTERS ** | | SEUNS ** | | DOGTERS * | |
| VELDE | ITEMS | GEM | s | GEM | s | GEM | s | GEM | s | GEM | s | GEM | s |
| Oorredend | 23 | 6,733 | 2,029 | 7,219 | 2,075 | 6,848 | 2,636 | 6,877 | 2,490 | 7,255 | 2,347 | 7,210 | 2,393 |
| Klerklike | 12 | 4,114 | 1,551 | 4,648 | 1,836 | 3,790 | 1,631 | 4,840 | 2,133 | 3,783 | 1,943 | 4,533 | 2,306 |
| Meganies | 20 | 7,086 | 3,102 | 3,267 | 1,747 | 6,648 | 3,324 | 3,566 | 2,282 | 7,132 | 3,907 | 4,152 | 2,078 |
| Musiek | 16 | 1,905 | 2,748 | 3,543 | 2,892 | 1,410 | 1,970 | 3,198 | 2,902 | 2,170 | 2,482 | 3,571 | 3,277 |
| Wetenskap | 18 | 7,257 | 2,815 | 7,648 | 2,998 | 7,943 | 3,007 | 6,849 | 3,501 | 7,066 | 2,937 | 7,238 | 3,038 |
| Buitelewe | 17 | 6,533 | 3,011 | 4,543 | 2,310 | 6,619 | 3,247 | 4,934 | 2,803 | 6,915 | 3,323 | 5,305 | 2,743 |
| Literêr | 12 | 3,571 | 2,115 | 5,210 | 1,975 | 3,981 | 1,961 | 5,217 | 2,146 | 3,462 | 2,043 | 5,362 | 2,134 |
| Syfers | 21 | 9,981 | 2,908 | 8,895 | 2,770 | 11,171 | 2,939 | 8,896 | 3,056 | 10,019 | 3,779 | 8,343 | 2,885 |
| Kuns | 15 | 4,762 | 1,890 | 5,848 | 2,409 | 5,305 | 2,335 | 5,500 | 2,738 | 5,547 | 2,537 | 6,257 | 2,957 |
| Sosiale Diens | 14 | 5,143 | 2,214 | 5,257 | 2,080 | 4,781 | 2,147 | 4,830 | 2,152 | 3,651 | 2,051 | 4,552 | 2,142 |
| Drama | 13 | 2,705 | 1,751 | 4,248 | 2,008 | 2,495 | 1,657 | 4,245 | 2,289 | 3,028 | 2,117 | 4,410 | 2,087 |



* N vir elke groep was 105 (byvoorbeeld Standerd 5 seuns = 105)

** N vir elke groep was 106 (byvoorbeeld Standerd 10 seuns = 106)

s vir standaardafwyking

## 5.3 Betroubaarheid

### 5.3.1 Toets-hertoetsbetroubaarheid

Ongeveer ses weke nadat die prentebelangstellingsvraelys toegepas is, het 'n tweede toepassing op dieselfde leerlinge in standerds 5 en 7 plaasgevind. Praktiese omstandighede het 'n tweede toepassing op standerd 10-leerlinge verhoed.

Tellings op dieselfde velde is met mekaar gekorreleer met behulp van die standaard Pearson-produk-momentkorrelasiekoëffisiënt. Vir die berekening van t-statistieke van hierdie koëffisiënte is die formule van Roscoe (1975:88) gebruik. Hierdie t-statistieke is gebruik in die berekening van 'n vlak van beduidendheid vir elke korrelasie koëffisiënt (met df = N - 2) (Boeyens en Taylor, 1991:16).

Die resultate word in tabel 5.14 aangetoon.

Korrelasie koëffisiënte het gewissel tussen 0,223 (Klerklik: standerd 5-seuns) en 0,854 (Musiek : standerd 7-dogters). 'n Gemiddelde korrelasie koëffisiënt vir alle getoetste groepe oor alle velde van die prentebelangstellingsvraelys is bereken op 0,64.

Behalwe die belangstellingsveld "Klerklik" vir standerd 5 seuns (beduidend op die 5% peil) is alle ander korrelasies beduidend op die 1% peil.

Volgens Geist (1959:436) het die United States Mainland steekproef se korrelasie koëffisiënte gewissel tussen 0,227 (Klerklik) en 0,633 (Musiek). Die Puerto Rican steekproef se korrelasie koëffisiënte wissel tussen 0,247 (Meganies) en 0,928 (Meganies).

TABEL 5.14

TOETS-HERTOETS BETROUBAARHEID

| | STANDERD 5 | | STANDERD 7 | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | S (*) | D (*) | S (*) | D (**) | GEMIDDELD |
| Oorredend | ** 0,414 | ** 0,518 | ** 0,569 | ** 0,673 | 0,543 |
| Klerklik | * 0,223 | ** 0,557 | ** 0,483 | ** 0,429 | 0,423 |
| Meganies | ** 0,767 | ** 0,663 | ** 0,814 | ** 0,711 | 0,739 |
| Musiek | ** 0,811 | ** 0,782 | ** 0,554 | ** 0,854 | 0,750 |
| Wetenskap | ** 0,693 | ** 0,695 | ** 0,738 | ** 0,743 | 0,717 |
| Buitelewe | ** 0,704 | ** 0,623 | ** 0,791 | ** 0,789 | 0,727 |
| Literêr | ** 0,573 | ** 0,499 | ** 0,733 | ** 0,761 | 0,642 |
| Syfers | ** 0,517 | ** 0,686 | ** 0,519 | ** 0,610 | 0,583 |
| Kuns | ** 0,447 | ** 0,666 | ** 0,599 | ** 0,782 | 0,624 |
| Sosiaal | ** 0,605 | ** 0,669 | ** 0,681 | ** 0,735 | 0,673 |
| Drama | ** 0,692 | ** 0,642 | ** 0,693 | ** 0,678 | 0,676 |
| GEMIDDELD | 0,586 | 0,636 | 0,652 | 0,706 | |

(*) N = 105

(**) N = 106

* Beduidend op 5% peil

** Beduidend op 1% peil

TABEL 5.15

KUDER-RICHARDSON 21 BETROUBAARHEID

(MET DIE TUCKER KORREKSIE)

| | STANDERD 5 | | STANDERD 7 | | STANDERD 10 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S(*) | D(*) | S(*) | D(**) | S(**) | D(*) | GEMIDDELD |
| Oorredend | 0,055 | -0,128 | ** 0,351 | ** 0,262 | 0,133 | 0,171 | 0,141 |
| Klerklik | -0,104 | * 0,200 | 0,058 | ** 0,429 | ** 0,373 | ** 0,543 | ** 0,250 |
| Meganies | ** 0,582 | 0,140 | ** 0,659 | ** 0,490 | ** 0,766 | ** 0,280 | ** 0,486 |
| Musiek | ** 0,860 | ** 0,745 | ** 0,743 | ** 0,772 | ** 0,772 | ** 0,821 | ** 0,786 |
| Wetenskap | ** 0,510 | ** 0,570 | ** 0,569 | ** 0,722 | ** 0,562 | ** 0,592 | ** 0,588 |
| Buitelewe | ** 0,621 | ** 0,429 | ** 0,685 | ** 0,619 | ** 0,697 | ** 0,577 | ** 0,605 |
| Literêr | ** 0,510 | ** 0,297 | ** 0,367 | ** 0,423 | ** 0,478 | ** 0,411 | ** 0,414 |
| Syfers | ** 0,429 | ** 0,378 | ** 0,444 | ** 0,503 | ** 0,694 | ** 0,445 | ** 0,482 |
| Kuns | 0,126 | ** 0,443 | ** 0,427 | ** 0,603 | ** 0,520 | ** 0,655 | ** 0,462 |
| Sosiaal | ** 0,392 | ** 0,289 | ** 0,371 | ** 0,371 | ** 0,416 | ** 0,386 | ** 0,371 |
| Drama | ** 0,357 | ** 0,346 | ** 0,318 | ** 0,523 | ** 0,552 | ** 0,389 | ** 0,414 |
| GEMIDDELD | ** 0,394 | ** 0,337 | ** 0,454 | ** 0,520 | ** 0,542 | ** 0,479 | |

(*) N = 105

(**) N = 106

* Beduidend op 5% peil

** Beduidend op 1% peil

### 5.3.2 Kuder-Richardson 21 betroubaarheid

Kuder-Richardson 21 (KR-21) betroubaarheid is bereken volgens die formule soos gepubliseer deur Kuder en Richardson in 1937. Aangesien die KR-21 tipies 'n onderskatting van 'n toets se werklike betroubaarheid is, het Tucker in 1949 'n korreksie voorgestel. Die omvang van die korreksie varieer volgens Boeyens en Taylor (1991:13) na gelang van die tipe van item-moeilikheidsverspreiding wat aanvaar word. Tydens hierdie verwerking is die Tucker gekorrigeerde KR-21 bereken en gebaseer op die aanname dat die item moeilikheidswaardes normaal versprei.

Resultate met die Tucker korreksie word aangetoon in tabel 5.15.

Korrelasies (met die Tucker korreksie) het gewissel tussen -0,128 (Oorredend : standerd 5 dogters) en 0,860 (Musiek : standerd 5 seuns).

Behalwe vir die veld Oorredend waar statisties beduidende korrelasies (op die 1% peil) slegs vir standerd 7 seuns en dogters bereken kon word, blyk die gemiddelde KR-21 korrelasie op alle ander velde van die prentebelangstellingsvraelys beduidend te wees op die 1% peil.

### 5.3.3 Enkele betroubaarheidsgegewens oor belangstellingsvraelyste.

Hier volg betroubaarheidsgegewens oor sommige belangstellingsvraelyste. Dit gee 'n idee van hoe betroubaarheidsgegewens varieer.

Volgens Lourens (1968:91) vergelyk hierdie gegewens goed met wat gewoonlik vir ander sielkundige toetse rapporteer word, veral as in gedagte gehou word dat heelparty van die koëffisiënte per skaal (d.i. nie meer nie as 30 tot 40 items) bereken is.

| Toets | Betroubaarheid | Opmerking |
|---|---|---|
| Rosen Woordeskat-toets | Ewe-onewe korrelasies met Spearman-Brown korreksie: 0,57 tot 0,94 per skaal. | 468 studente. |
| Wyman Woordeas-sosiasietoets | 0,80 tot 0,90 skaal. | 265 begaafde kinders met besonder hoë of lae belang-stellings. |
| "Strong Vocational Interest Blank" | 1. Gemiddelde verwagting dat persoon voorspelde beroep sal beklee, daal van 88% na 87% oor 18 jaar vir A+, van 17% na 12% vir C. | 54 persone. |
| | 2. (Mediaan hertoetskor-relasie oor 22 jaar) 0,75 per persoon. | 228 seniorstu-dente. |
| | 3. (Hertoetskorrelasie oor 19 jaar) 0,76 op inge-nieursskaal. | 203 eerstejaar-studente. |
| | 4. (Mediaan hertoetskor-relasie oor 18 jaar) 0,69 per skaal. | 663 persone. |
| | 5. (Mediaan hertoetskor-relasie oor 10 jaar) 0,69 per skaal. | 109 volwasse mans. |
| | 6. (Ewe-onewe korrelasies) 0,73 tot 0,93 per skaal. | |
| Kuder Preference Record | 1. (Hertoetskorrelasies oor 32 maande) 0,47 tot 0,75 per skaal | Twee steekproe-we van 91 seuns 86 meisies . |
| | 2. (Hertoets oor 15 maan-de) 0,72 tot 0,89 per persoon | 145 eerstejaar-studente. |

Belangstellingstoetse is ietwat minder betroubaar in die geval van hoërskoolleerlinge as in die geval van studente (Lourens, 1968:92).

## 5.4 <u>Geldigheid</u>

Geldigheidsgegewens vir belangstellingstoetse is moeilik verkrygbaar en onvoldoende geldigheidsgegewens vir feitlik

TABEL 5.16 

SAMEVALLENDE GELDIGHEID

| PRENTEBE-LANGSTEL-LINGSVELDE | ST 5 | | ST 7 | | ST 10 | | KODUS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | S | D | S | D | |
| Oorredend | 0,145 | 0,382** | 0,435** | 0,335** | 0,431** | 0,234* | Besigheid |
| Oorredend | 0,248** | 0,131 | 0,395** | 0,302** | 0,478** | 0,432** | Sosiaal : Gr. |
| Oorredend | 0,256** | 0,035 | 0,204* | 0,247* | 0,387** | 0,344** | Sosiaal Ind |
| Klerklik | 0,149 | 0,283** | 0,326** | 0,369** | 0,376** | 0,291** | Besigheid |
| Meganies | 0,530** | 0,263** | 0,505** | 0,341** | 0,631** | 0,454** | Masjinerie |
| Meganies | 0,596** | 0,291** | 0,629** | 0,353** | 0,686** | 0,402** | Handwerk |
| Musiek | 0,204* | 0,141 | -0,036 | 0,192* | 0,205* | 0,362** | Kuns |
| Wetenskap | 0,447** | 0,359** | 0,278** | 0,385** | 0,260** | 0,478** | Diere |
| Wetenskap | 0,446** | 0,541** | 0,547** | 0,482** | 0,580** | 0,658** | Wetenskap |
| Buitelewe | 0,223* | 0,385** | 0,387** | 0,424** | 0,417** | 0,340** | Plante |
| Buitelewe | 0,216* | 0,381** | 0,387** | 0,503** | 0,448** | 0,420** | Diere |
| Literêr | 0,265** | 0,162 | 0,311** | 0,334** | 0,283** | 0,192* | Lees |
| Syfers | 0,219* | 0,421** | 0,427** | 0,192* | 0,438** | 0,414** | Syfers |
| Kuns | 0,300** | 0,559** | 0,488** | 0,617** | 0,687** | 0,515** | Kuns |
| Sosiale Diens | 0,135 | 0,120 | 0,362** | 0,446** | 0,313** | 0,390** | Sosiaal : Gr. |
| Sosiale Diens | 0,186 | 0,180 | 0,126 | 0,478** | 0,244** | 0,443** | Sosiaal : Ind. |
| Drama | 0,163** | 0,317** | 0,325** | 0,437** | 0,469** | 0,422** | Sosiaal : Gr. |

* Beduidend op 5% peil.
** Beduidend op 1% peil.

alle belangstellingsvraestelle word volgens Lourens (1968: 92) ondervind.

Samevallende geldigheid is bereken deur die velde van die prentebelangstellingsvraelys te korreleer met toetsgegewens van die KODUS-belangstellingsvraelys. (Die KODUS is ook tydens die eerste toetssessie afgeneem). Dieselfde statistiese tegniek as beskryf in paragraaf 5.3.2 is gebruik.

Resultate verskyn in tabel 5.16.

Korrelasies tussen die velde van die prentebelangstellingsvraelys en die van die KODUS is deurgaans betreklik laag. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat dieselfde velde in meeste van die gevalle nie deur die twee vraelyste gemeet word nie en hier dus gekyk word na verwante velde. Waar velde wel ooreenstemmend blyk te wees, soos in die gevalle: Wetenskap, Syfers en Kuns, is die korrelasies oor die algemeen egter hoër.

### 5.4.1 Gegewens oor die geldigheid van belangstellingsvraelyste

Vergeleke met die "Strong Vocational Interest Blank (VIB)" en die "Kuder Preference Record (PR)" is onvoldoende geldigheidsgegewens oor feitlik alle ander belangstellingstoetse beskikbaar (Lourens, 1968:92).

| INSTRUMENT | KRITERIA | GELDIGHEID *** | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|
| Lewensgeskiedenis | "Strong Vocational Interest Blank" | r = 0,42 tot 0,57 per skaal. | 120 tot 200 eerstejaarstudente in ingenieurswese |
| Vryetydsbesteding (kyk ook "Kuder Preference Record" 3, hieronder) | Beroepskeuse, studierigting. | Geen konsekwente verband nie | |
| 'n Algemene kennistoets | Amerikaanse lugmagkriteria. | Hoogste geldigheid van alle toetse in keuringsbattery. | |
| Rosen Woordeskattoets. | Fakulteit waar student ingeskryf is. | Beduidende verskille (p 0,001 | 446 eerstejaarstudente |
| Wyman Woordassosiasietoets. | Beoordelings deur onderwysers. | r = 0,31;0,50;0,65 (drie skale | 128 begaafde kinders |
| Uitgesproke belangstelling. | 1. Beroep 19 jaar later. | r = 0,69, ongeveer. | 202 eerstejaarstudente |
| | 2. Toekomstige beroep. | Vergelyk goed met vraelyste. | Studente |
| | 3. Werkstevredenheid. | Goeie voorspeller. | Studente |
| | 4. "Kuder Preference Record." | Mediaan rangordekorrelasie 0,48, per toetsling. | 109 hoërskoolleerlinge |
| | 5. "Lee-Thorpe Occupational Interest Inventory." | Rangordekorrelasies -0,35 tot +0,99; mediaan 0,620 per toetsling. | 65 veterane |
| "Strong Vocational Interest Blank" | 1. Beroep 18 jaar na toetsing. | 86% korrekte klassifikasie. | 663 studente |
| | 2. Latere beroep. | Beduidende verband. | 130 hoërskoolleerlinge |
| | 3. Beroep sowat 4 tot 10 jaar na toetsing. | Beduidende verskille op verskeie skale. | 123 hoërskoolleerlinge |
| | 4. Ingeskryf as studente in veeartsenykunde. | 94% korrekte klassifikasie. | 61 eerstejaarstudente en kontrolegroep van 50 |
| | 5. Verskeie opvoedkundige rigtings. | Beduidende verskille (p 0,01) | 471 persone, wat egter voorligting op grond van hul Strong-profiele ontvang het |
| | 6. Opvoedkundige rigting (onderwys). | Geen geldigheid nie. | 94 damesstudente |
| | 7. Vir twee jaar in betrekking aanbly. | Onderskei (p 0,01). | 70 ingenieurs |
| | 8. Volharding in Opvoedkundige rigting (onderwys). | Beduidende verskille (p 0,05 of beter) op verskeie skale. | 464 damesstudente |
| | 9. Werkstevredenheid (indirek gemeet). | Beduidende verband (meestal p 0,0001) | Twee groepe lugmagtoetslinge, 243 en 1155 in getal |
| | 10. Werkstevredenheid. | r = 0,46 | 86 dames |
| | 11. Werkstevredenheid. | Beduidende korrelasies slegs wat sommige skale betref (maar vergelyk 11). | 43 ingenieursstudente |
| | 12. Werkstevredenheid 3 tot 5 jaar na toetsing. | Geen verband nie. | 185 hoërskoolleerlinge |
| | 13. Werkstevredenheid 18 jaar na toetsing. | Lae maar beduidende (p 0,01) korrelasies. | 655 persone |
| | 14. Werkstevredenheid 14 jaar na toetsing | Beduidende verskil (p 0,05). | 13 ontevrede en 24 skynbaar tevrede persone |
| | 15. Akademiese prestasie. | "Geringe verband." | Literatuuroorsigte |
| | 16. Graduering. | Geen beduidende resultate gerapporteer nie. | |
| | 17. Akademiese prestasie. | Geen beduidende verband nie. | |
| | 18. Prestasie in veeartsenykundestudies. | r = 0,06. | 61 eerstejaarstudente |
| | 19. Proefonderwys. | Nie beduidend op 1%-vlak nie. | 150 studente |
| | 20. Werksprestasie. | Redelik goeie voorspeller (versekeringsagente); baie swak (onderwys); tussenin (verskeie ander beroepe). | Literatuuroorsig |
| "Kuder Preference Record" (Vocational). | 1. Beroep 7 tot 9 jaar na toetsing. | Verskille meestal beduidend (p 0,05 of beter). | 124 hoërskoolleerlinge |
| | 2. Keuse van wetenskapkursusse. | r = 0,54 | |
| | 3. Vryetydsbesteding. | Beduidende verband. | 806 studente |
| | 4. Volharding met opleiding. | Beduidende verband. | Vlootlugvaartkadette |
| | 5. Werkstevredenheid. | Beduidende verband. | Verskeie ondersoeke |
| | 6. Werkstevredenheid | Lae korrelasies. | |
| | 7. Beroepstevredenheid. | r = 0,58. | |

| INSTRUMENT | KRITERIA | GELDIGHEID*** | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|
| "Kuder Preference Record" (Vocational) continued | 8. Werkstevredenheid (gemeet met Spearman-Brown betroubaarheid van 0,94 tot 0,95). | Geen verband nie | 59 ingenieursstudente |
| | 9. Drie kriteria van werksprestasie. | Slegs een beduidende korrelasie (p =,05) uit 18 (24). | |
| | 10. Sukses in boerdery. | r = 0,05 (buitelugbelangstelling); r = 0,40 (wetenskapskaal.) | 50 boere |
| | 11. Sukses in opleidingskursus. | Geen voorspellingswaarde nie. | Leerlingloodse |
| | 12. Skoolprestasie. | Nul- of lae korrelasies. | Vyf ondersoeke |
| | 13. Langtermyn akademiese prestasie in wetenskap. | r = 0,50 | 81 studente |
| | 14. Kreatiewe potensiaal. | Slegs 1 uit 30 korrelasies beduidend (p 0,05) | 42 tot 54 navorsers in land[illegible] |
| | 15. "Strong Vocational Interest Blank." | Oor die algemeen laag, maar nie altyd nie | |
| Verskeie belangstellingsvraelyste. | Sukses in opleiding en taak van: | | Literatuuroorsig |
| | 1. Uitvoerende en administratiewe beamptes; | Gemiddelde r = 0,31 | |
| | 2. Verkoopsberoepe; | Gemiddelde r = 0,31 tot 0,34. | |
| | 3. Voertuigoperateurs; | Gemiddelde r = 0,26 | |
| | 4. Ander | Laer gemiddelde korrelasies. | |
| Verskeie belangstellingstoetse | Akademiese prestasie of prestasie in opleiding. | Lae, meestal nulkorrelasies | |
| "Kuder Preference Record (Occupational)" | Ander belangstellingstoetse. | Bevredigende geldigheid. | Literatuuroorsig |
| "Kuder Preference Record (Personal)". | Vyf kriteria. | Beduidende korrelasies met slegs 2 kriteria. | 49 polisieoffisiere |
| "Vocational Preference Inventory" | 1. Keuse van hoofvak. | 33% korrekte klassifikasie. | Steekproef uit 150 universi[illegible] kolleges |
| | 2. "Strong Vocational Interest Blank". | 36,6% tot 38,0% ooreenstemming. | Hoogsbegaafde studente |
| "Rothwell Interest Blank" | 1. "Kuder Preference Record." | Gemiddelde r = 0,14 tot 0,83. | 157 mans, 266 dames |
| | 2. Uitgesproke belangstelling. | Min verband. | Klein groepies (27 tot 113) gevalle per groep -9). |
| "Geist Pictorial Interest Inventory" | Werkstevredenheid | Beduidende voorspelling in die geval van sommige beroepe. | 271 persone |

*** Produk-moment korrelasies tensy anders vermeld.

## 5.5 Interkorrelasies

Interkorrelasies is bereken deur gebruikmaking van die Pearson-produk-momentkorrelasiekoëffisiënt. Die omvang van die interkorrelasies tussen die velde van die prentebelangstellingsvraelys verskyn in tabel 5.17(a). Dit wissel tussen -0,628 (Meganies en Literatuur vir standerd 7 seuns) en 0,649 (Meganies en Buitelewe vir standerd 10 seuns). 'n Korrelasiematriks word verskaf in tabel 5.17(b).

Die oorsaak van die verkreë hoë positiewe en negatiewe korrelasies kan moontlik verklaar word uit die aard van die toetsitems.

I. Positiewe korrelasies: Sommige prente (44 uit die 132) laai op meer as een veld. Die keuse van sodanige prente verhoog die positiewe korrelasie tussen die bepaalde velde.

II. Negatiewe korrelasies. Die keuse van enige bepaalde prent as voorkeur geskied noodwendig altyd ten koste van minstens twee ander prente wat op ander velde laai. Hierdie tendens dra by tot hoë negatiewe korrelasies.

Die feit dat (a) die toets slegs 44 items bevat en (b) die aard van die items die omvang van tellings op die velde beperk, intensiveer die uitwerking van invloede genoem in I en II.

## 5.6 Geslagsverskille

Om te toets of seuns en dogters beduidend van mekaar verskil in terme van hul routellings op die velde van die prentebelangstellingsvraelys.

TABEL 5.17(a)

OMVANG VAN INTERKORRELASIES VAN DIE VELDE VAN DIE PRENTEBELANGSTELLINGSVRAELYS

| STANDERD | GESLAG | NEGATIEWE KOR. | VELDE | POSITIEWE KOR. | VELDE |
|---|---|---|---|---|---|
| 5 | Seuns | -0,443 | Buite / Lit | 0,437 | Meg / Buite |
| | Dogters | -0,554 | Musiek / Syf | 0,481 | Meg / Buite |
| 7 | Seuns | -0,628 | Meg / Lit | 0,528 | Oor / Sos |
| | Dogters | -0,470 | Meg / Lit | 0,457 | Klerk / Lit |
| 10 | Seuns | -0,479 | Oor / Meg | 0,649 | Meg / Buite |
| | Dogters | -0,443 | Kuns / Sos | 0,573 | Meg / Buite |

TABEL 5.17(b)

GEMIDDELDE INTERKORRELASIES VAN DIE VELDE VAN DIE PRENTEBELANGSTELLINGSVRAELYS

| | O | Kl | M | Mu | W | B | L | S | K | So | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Oorredend | x | 0,204 | -0,400 | -0,090 | -0,064 | -0,238 | 0,311 | 0,145 | -0,201 | 0,430 | 0,058 |
| Klerklik | | x | -0,212 | -0,076 | -0,250 | -0,151 | 0,354 | 0,097 | -0,109 | 0,050 | -0,062 |
| Meganies | | | x | -0,080 | -0,049 | 0,519 | 0,447 | -0,186 | 0,138 | -0,338 | -0,198 |
| Musiek | | | | x | -0,318 | -0,077 | -0,225 | -0,366 | -0,153 | -0,247 | 0,271 |
| Wetenskap | | | | | x | -0,056 | 0,111 | 0,259 | 0,030 | 0,249 | -0,115 |
| Buitelewe | | | | | | x | -0,287 | -0,211 | -0,074 | -0,191 | -0,108 |
| Literêr | | | | | | | x | 0,321 | -0,128 | 0,273 | -0,222 |
| Syfers | | | | | | | | x | 0,083 | 0,059 | -0,329 |
| Kuns | | | | | | | | | x | -0,324 | -0,139 |
| Sosiale Diens | | | | | | | | | | x | 0,029 |
| Drama | | | | | | | | | | | x |

Die eerste stap in die t-toets prosedure is om te bepaal of die twee steekproewe gelyke variansie toon op die veld. 'n Tweeledige F-toets gebaseer op die formule in die SAS User's Guide (1985:797) is gebruik (Boeyens & Taylor, 1991:17). Die beduidendheid van die F-toets is bereken met 'n benadering van Dorrer (1978) (Boeyens & Taylor, 1991: 17).

Indien die variansie nie beduidend verskil nie, is Roscoe (1975:219-220) se formule, wat gelyke variansie aanvaar, gebruik in die berekening van die t-statistiek (Boeyens & Taylor, 1991:17).

Indien die variansie wel beduidend verskil, is die formule soos gepubliseer in SAS User's Guide (1985:797) gebruik, in die berekening van die t-statistiek en die grade van vryheid (Boeyens & Taylor, 1991:17).

Hierdie berekening is uitgevoer op standerd 7 en 10-leerlinge. Aangesien belangstelling volgens Smit (1981:285) by laerskoolkinders baie fluktueer en verander is daar nie berekeninge vir standerd 5 uitgevoer nie.

Geslagsverskille by die prentebelangstellingsvraelys verskyn in tabel 5.18.

Op die veld "Meganies" het beide standerd 7 en 10 seuns gemiddeld hoër tellings as dogters behaal.

Op "Musiek" het dogters egter hoër tellings as seuns behaal. Hierdie patroon kan moontlik aan heersende geslagsrolverwagtings gekoppel word (Smit, 1981:287).

TABEL 5.18

GESLAGSVERSKILLE BY DIE PRENTEBELANGSTELLINGSVELD

| | STANDERD 7 | | STANDERD 10 | |
|---|---|---|---|---|
| | T-Tellings | $p$ -Waardes | T-Tellings | $p$ -Waardes |
| Oorredend | -0,084 | 0,563 | 0,138 | 0,844 |
| Klerklik | -6,212 | 0,000* | -2,545 | 0,082* |
| Meganies | -7,844 | 0,000* | 6,925 | 0,000* |
| Musiek | 5,242 | 0,000* | -3,500 | 0,005* |
| Wetenskap | -2,422 | 0,122 | -0,416 | 0,731 |
| Buitelewe | -4,018 | 0,134 | 3,819 | 0,052 |
| Literatuur | -4,345 | 0,361 | -6,574 | 0,656 |
| Syfers | -5,485 | 0,691 | 3,623 | 0,006* |
| Kuns | 0,555 | 0,105 | -1,864 | 0,119 |
| Sosiaal | -0,166 | 0,869 | -3,107 | 0,658 |
| Drama | -6,365 | 0,001* | -4,750 | 0,886 |

* Statisties beduidende verskille tussen seuns en dogters.

St 7 Dogters N = 106
Seuns N = 105

St 10 Dogters N = 105
Seuns N = 106

Ten opsigte van "Syfers" wil dit voorkom asof seuns 'n groter belangstelling in syfers ontwikkel namate hul ouer word as dogters, terwyl hul gebrekkige belangstelling in Drama ook meer in lyn kom met die van dogters.

Dogters in standerds 7 en 10 blyk 'n groter belangstelling ten opsigte van "Klerklik" take te openbaar as seuns.

## 5.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die ondersoekresultate ten opsigte van normberekening, betroubaarheid, geldigheid, interkorrelasies en geslagsverskille bespreek. Enkele betroubaarheids- en geldigheidsgegewens van ander belangstellingsvraelyste is ook bespreek.

In hoofstuk 6 sal 'n bondige samevatting van die ondersoek as geheel gegee word. Die gevolgtrekkings waartoe gekom uit die ondersoek sal bespreek word en enkele aanbevelings vir 'n moontlike uitbreiding van die studie sal gemaak word.

# HOOFSTUK 6

## 6. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

### 6.1 Samevattende oorsig

Hierdie ondersoek is gebore uit 'n behoefte aan 'n prentebelangstellingsvraelys vir hoër geskoolde groepe. Ander belangstellingsvraelyste vereis 'n redelike mate van verbale vaardigheid en is dikwels tydrowend en vermoeiend vir die leerlinge. Die doel van hierdie navorsing was om 'n prentebelangstellingsvraelys vir blanke leerlinge te ont- wikkel vir gebruik by vakkeuse (st. 5), studierigting (st. 7), en beroepskeusevoorligting (st. 10), aangesien die leerlinge op hierdie stadiums keusehoogtepunte in hulle loopbane beleef (kyk paragraaf 1.2-1.3).

In die literatuurstudie is daar dan kortliks gekyk na die begrip "belangstelling" en die klemverskuiwing van die definisie van belangstelling met die verloop van jare. Die aard en wese van belangstelling is onder die loep geneem. Belangstelling staan in noue verband met vele aspekte van die mens se persoonlikheid en word ook deur omgewingsfaktore beïnvloed. Aspekte soos kennis, aanleg, intelligensie, affek, houdings, waardes, motivering en geslagsverskille toon almal 'n bepaalde verband met belangstelling. Die konstantheid van belangstelling beïnvloed bepaald vraelysresultate, veral by die laerskoolkind (kyk paragraaf 2.1-2.7).

Twee benaderingswyses is onderskei by die meting van belangstelling en verskeie metodes is geïdentifiseer vir die meting van belangstelling. Die vraelysmetode is uitgelig en die vraelystegniek indringend bespreek. Vir die ontwikkeling van 'n prentebelangstellingsvraelys is agtergrondskennis verkry oor bepaalde vereistes vir 'n

vraelys. Daar is besluit op die gebruik van homogene velde, bepaalde belangstellingsvelde en die gedwonge keuse beantwoordingsmetode (kyk paragraaf 3.1-3.4.6).

Die belangrikheid van die interpretasie van belangstellingsvraelyste asook die funksies van belangstellingsvraelyste is uitgelig. Verskeie bekende belangstellingsvraelyste is ook bespreek. Ter afsluiting is prentevraelyste bespreek (kyk paragraaf 3.5-3.8).

## 6.2 Metode van ondersoek

Die ontwikkeling van 'n prentebelangstellingsvraelys is gebaseer op die Amerikaans gestandaardiseerde GPI (Geist Picture Inventory). Voordele van so 'n prentebelangstellingsvraelys is 'n korter toetstyd van die vraelys, die aard van die stimuli, met ander woorde visueel in plaas van verbale stellings, asook die sterk ooreenkomste van prente met die werklikheid. 'n Prentebelangstellingsvraelys bied ook navorsingsmoontlikhede binne die breër Suid-Afrikaanse milieu.

Dieselfde 11 belangstellingsvelde is gebruik, maar verskeie toetsitems is verander om meer toepaslik te wees vir die Suid-Afrikaanse milieu. Die antwoordblad is vertaal in Afrikaans. Na afloop van die loodsstudie is 'n paar probleme met van die items verbeter. 'n Gestratifiseerde, ewekansige steekproef is uit al die st. 5-, st. 7- en st. 10-blanke leerlinge van skole in Rustenburg getrek. Die strata relevant tot die normpopulasie is skool, standerd, klas en geslag.

Die toepassing van die prentebelangstellingsvraelys en nasien van antwoordblaaie het plaasgevind. Hierna is die statistiese ontleding gedoen onder die opskrifte van normberekening, betroubaarheidsbepaling, geldigheidsbepaling, interkorrelasie en geslagsverskille (kyk paragraaf 5.2-5.6).

### 6.2.1 Normberekening

Staneges en stiene is apart bereken vir st. 5, 7 en 10 seuns en dogters.

### 6.2.2 Betroubaarheid

#### (a) Toets-Hertoetsbetroubaarheid

Gemiddelde korrelasies vir die velde van die prentebelangstellingsvraelys het gewissel tussen 0,423 en 0,750. Korrelasies was feitlik deurgaans beduidend op die 1% peil. Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat die prentebelangstellingsvraelys bevredigende resultate ten opsigte van toets-hertoetsbetroubaarheid lewer.

#### (b) Kuder-Richardson 21 betroubaarheid

Gemiddelde korrelasies vir die verskillende velde was oor die algemeen kleiner as in die geval van toets-hertoetsbetroubaarheid en het gewissel tussen 0,141 en 0,786. Die klein omvang van routellings het waarskynlik 'n rol in hierdie verband gespeel en verdien verdere aandag.

### 6.2.3 Geldigheid

Samevallende geldigheid met die KODUS is bereken. Hoewel geen korrelasie hoër as 0,686 was nie, was korrelasies met verwante velde feitlik deurgaans beduidend op die 5% peil en meestal ook op die 1% peil.

Geldigheidsgegewens vir belangstellingsvraelyste is moeilik bekombaar en gegewens mag verbeter namate beter kriteria gevind word.

### 6.2.4 Interkorrelasies

Die verkreë hoë interkorrelasies dui op 'n moontlike oorvleueling van velde. Hierdie tendens word waarskynlik grootliks versterk deur die aard en omvang van toetsitems en behoort aandag te geniet met verdere ondersoeke.

### 6.2.5 Geslagsverskille

Hoewel die verskille in routellings tussen (st. 7 en 10) seuns en dogters oor die algemeen nie beduidend verskil het nie, was daar nogtans beduidende verskille op die velde Meganies en Musiek. Hierdie verskille kan moontlik toegeskryf word aan heersende geslagsrolidentifikasie by die normgroep.

## 6.3 Gevolgtrekking

Met hierdie navorsing is gepoog om 'n bepaalde doelstelling te bereik, naamlik die ontwikkeling van 'n prentebelangstellingsvraelys vir st. 5-, st. 7- en st. 10-blanke leerlinge vir gebruik in beroepsvoorligting.

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die ondersoek daarin geslaag het om 'n bruikbare stel norms vir blanke Afrikaanssprekende kinders uit die Rustenburg-omgewing te bereken wat met 'n bevredigende mate van betroubaarheid en geldigheid op die normpopulasie toegepas kan word.

Ruimte vir verbetering en uitbreiding bestaan egter nog en verdere navorsing op hierdie terrein behoort uitgevoer te word.

## 6.4 Aanbevelings

Op grond van die bevindinge in hierdie ondersoek word aanbeveel:

(i) dat 'n geredigeerde weergawe van die prentebelangstellingsvraelys vir gebruik deur alle belanghebbende instansies (dit is onderwysdepartemente, technikons, ensomeer) oorweeg word by skoolkinders (st. 5), vakkeuse (st. 7) en loopbaanvoorligting aan st 10-leerlinge en voornemende studente.

(ii) dat hierdie prentebelangstellingsvraelys, met enkele veranderinge en verbeteringe, hom daartoe leen om die breë Suid-Afrikaanse multi-kulturele bevolking te bedien.

## 6.5 Leemtes in hierdie ondersoek

Ten einde die prentebelangstellingsvraelys te verbeter en die gebruik daarvan uit te brei behoort:

- die hoeveelheid items van die vraelys vermeerder te word in 'n poging om betroubaarheids- en geldigheidsgegewens te verhoog;

- die aard van sommige items te verander ten einde by 'n multi-kulturele Suid-Afrikaanse bevolking aanklank te vind;

- 'n omvattende itemontleding uitgevoer te word ten einde die oorvleueling van velde te verminder;

- beter kriteria gevind te word vir die bepaling van geldigheid. Die selfevalueringsvraelys word in hierdie verband voorgestel (Geist, 1959:418-420).

## 6.6 Slot

Daar is reeds vroeër daarvan melding gemaak dat hierdie ondersoek gebore is uit 'n behoefte by beroepsleiers en skoolvoorligters aan 'n prentebelangstellingsvraelys vir gebruik deur leerlinge en voornemende studente ten opsigte van opvoedkundige, akademiese en loopbaankeuse besluite. Daar word vertrou dat hierdie ondersoek in 'n groot mate in dié behoefte voorsien sal kan word en dat die weg hiermee gebaan is vir verdere navorsing.

# BIBLIOGRAFIE

ALBERTS, N.F. 1969. Die ontwikkeling van 'n Beroepsbelangstellingsvraelys gebaseer op aktiwiteitsbelangstelling. Pretoria. Proefskrif (D.Phil) - Universiteit van Pretoria).

ANASTASI, A. 1982. Psychological Testing. 5th ed. New York : Macmillan.

BAUERNFEIND, R.H. 1962. The matter of "ipsative scores". Personnel and Guidance Journal. 41,210-217

BOEYENS, J. & TAYLOR, T.R. 1991. Manual for the NIPR Testing Statistics Package version 2-0. Johannesburg : NIPR.

BRACHT, G.H., HOPKINS, K.D. & STANLEY, J.C. ed 1972. Perspectives in Educational and Psychological Measurement. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice Hall.

CATTEL, R.B. 1948. A Guide to Mental Testing. London : University of London Press.

CRONBACH, L.J. 1970. Essentials of Psychological Testing. 3rd ed. New York : Harper & Row.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
kyk
PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP

DREVER, J.A. 1968. A Dictionary of Psychology. Harmondsworth : Penguin.

DU TOIT, J.H. 1964. Ondersoek in verband met die waarde van 'n kort belangstellingsvraelys. Stellenbosch. (Verhandeling (M.A.-Sielkunde) - Universiteit van Stellenbosch.)

DU TOIT, R. 1988. Die Gebruikswaarde van J.L. Holland se SDS vraelys in Beroepsvoorligting vir Swartleerlinge: Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO.)

FRYER, D. 1931. The Measurement of Interests in relation to human adjustment. New York : Henry Holt & Company.

GEIST, H. 1959. The Geist Picture Interest Inventory Psychological Reports. Berkeley, California : Southern Universities Press.

GOUWS, L.A., LOUW, D.A., MEYER, W.F. & PLUG, C. 1982. Psigologie Woordeboek. Johannesburg : McGraw-Hill.

HUYSAMEN, G.K. 1977. Beginsels van Sielkundige Meting. Pretoria: Academica.

KLINE, P. 1976. Psychological Testing. London : Malaby Press.

KRIEL, R.G. 1955. 'n Ondersoek na die verband tussen belangstelling en bekwaamheid by Afrikaanse Hoërskoolleerlinge. Stellenbosch. (Proefskrif (D.Phil) - Universiteit van Stellenbosch.)

KRUGER, H.B. 1990. Skoolvoorligting. Departement Sentrale Publikasie. Potchefstroom : PU vir CHO.

LIEBETRAU, J.P. 1989. Handleiding vir Algemene Skoolvoorligting. Johannesburg : Perskor.

LINDHARD, N. 1989. Careers Choice. 2nd ed. Cape Town : College Tutorial Press.

LOURENS, P.J.D. 1968. Die meting van belangstelling. Psychologia Africana, 12:83-102.

NUNNALLY, J C. 1970. Introduction to Psychological measurement. New York : McGraw-Hill.

OOSTHUIZEN, S. 1978. Fundamentele aspekte van Sielkundige Toetsing. Durban : Butterworth.

OOSTHUIZEN, S. 1980. Die terreine van sielkundige meting. Potchefstroom : PU vir CHO.

OOSTHUIZEN, S. 1981. Sielkundige Toetsing Oorsee en in Suid-Afrika. Potchefstroom : Pro Rege.

OWEN, K. & TALJAARD, J.J. eds. 1989. Handbook for the use of Psychological and Scholastic Tests of IPER and the NIPR - Pretoria : Gutenberg Book Printers.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP. Departement van Onderwys. 1978. Voorlopige Handleiding vir die KODUS-Belangstellingsvraelys. Kaapstad : Staatsdrukker.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. Voorligtingsreeks 2. 1979. Handleiding vir die gebruik van sielkundige en skolastiese toetse as hulpmiddels by skoolvoorligting. Pretoria : Promedia. (Samesteller: J.G.L van der Westhuizen)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1979. Basiese Psigometrika (IPEN-opleidingsreeks Nr 1). Pretoria. (Redakteurs: A.R. van den Berg en J.F. Vorster)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1987. Katalogus vir Individuele Intelligensietoets en Persoonlikheidstoetse. Pretoria. (Samesteller: R.K. Venter).

RGN
kyk
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

ROSCOE, J.T. 1975. Fundamental research statistics for the behavioral sciences. 2nd ed. New York : Holt, Rinehart and Winston, Inc.

SAS USER'S GUIDE. Statistics, Version 5. 1985. Cary, NC, USA : SAS Institute Inc.

SCOTT, W.A. 1968. Comparative validities of forced-choice and single-stimulus tests. Psychological Bulletin. 70(4):231-244.

SHERTZER, B. & PETERS, H.J. 1965. Guidance Techniques for individual appraisal and development. New York : The MacMillan Co.

SMIT, G.J. 1981. Psigometrika. Pretoria : Opvoedkundige Uitgewers.

SMIT, G.J. 1991. Psigometrika. Pretoria : H A U M.

STRONG, E.K. (Jr) 1943. Vocational Interests of Men and Women. Stanford, Calif : Stanford University Press.

TROOST, A.P. 1965. Die meting van beroepsbelangstelling. Pretoria. (Verhandeling (M.A.)-UNISA)

VAN STRATEN, H.M. 1967. 'n Algemene en eksperimentele ondersoek na die wesensgronde van belangstelling. Pretoria. (Verhandeling : (M.A.) - Universiteit van Pretoria).

VAN VUUREN, J.A.J. 1962. 'n Gestandaardiseerde akademiese belangstellingstoets vir Afrikaanstalige universiteitstudente. Pretoria (Proefskrif (D.Phil) - Universiteit van Pretoria).

VAN ZYL, S.P. 1943. Die ontleding van die Belangstellingsrigtinge van Skoolgaande Kinders van StIII tot en met St VIII in vyf plattelandse skole op die Hoëveld van Transvaal met verwysing na die invloed van die omgewing op die Belangstellingsrigtinge : Pretoria (Verhandeling (M.Ed.) - Universiteit van Pretoria.

WOLFAARDT, J.B. 1972. Die uittoetsing van 'n belangstellingsvraelys vir Kleurlingleerlinge. Pretoria. (Verhandeling (M.A.)-Universiteit van Pretoria).

WOLMARANS, A.D.W. 1946. 'n Ontleding van die Belangstellingsrigtings van Skoolgaande kinders tussen 10 en 16 jaar in die Natuur en die Natuurverskynsels, met die Opvoedkundige Betekenis daarvan. Pretoria (Verhandeling - (M.Ed.) Universiteit van Pretoria).

IDENTIFISERING VAN PRENTE EN BELANGSTELLINGSVELDE

| VRAAG | PRENT 1 | | PRENT 2 | | PRENT 3 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Chemikus | W | Plantkundige | M/B | Radio-omroeper | O |
| 2. | Akteur/Aktrise | D | Engelse onderwyser/es | O/L | Dirigent | Mu |
| 3. | Industriële-aanlegwerker | M | Wiskunde onderwyser/es | O/S | Direkteur van 'n maatskappy | O/S |
| 4. | Pottebakker | M/K | Musikant | Mu | Dokter | W/So |
| 5. | Snoeier | M/B | Tandarts | M/W | Rekenkundige | S |
| 6. | Chirurg | W/So | Ambagsman | M | Landmeter | B/S |
| 7. | Sanger/es | Mu | Staatspresident | O/So | Hokkiespeler/ster | B |
| 8. | Musikant | Mu | Bakterioloog | W | Bibliotekaresse/is | Kl/L |
| 9. | Viool | Mu | Botaniese voorbeelde/ monsters | W/B | Wiskunde | S |
| 10. | Argeologie | L | Abstrakte Kuns | K | Honde-afrigter | O/B |
| 11. | Loods | M/B | Argeologie | L | Maatskaplike Werker | So |
| 12. | Sonenergiehuis | W | Beroepsvoorligter | So | Atleet | B |
| 13. | Musiekinstrumente | Mu | Wetenskapapparaat | W | Pen- en Potloodstel | Kl/L |
| 14. | Houtwerk | M | Buiksprekery | D | Fotografie | W/K |
| 15. | Musiek | Mu | Teater | D | Kuns | K |
| 16. | Kruidenierswinkel | Kl | Mielielanderye | B | Papiermeule | M |
| 17. | Politikus | O/So | Klereverkoopsman/vrou | O/Kl | Haarkapper/ster | M/K |
| 18. | Joernalis | L | Musikant | Mu | Verkeerskonstabel | B/So |
| 19. | Tekenaar | S | Juwelier | O | Veearts | W |
| 20. | Toneelspel | D | Mode-ontwerper | K | Voortrekkerleier | B/So |
| 21. | Redenaar | O | Xilofoonspeler/ster | Mu | Posman/vrou | Kl/B |
| 22. | Personeelagent | So | Lugdiensklerk | Kl | Motorhandelaar | O |
| 23. | Lugmagvleuels | M/B | Gradeplegtigheid | W/L/S | Artestoekenning | D |
| 24. | Kuns | K | Drama | D | Besigheid | O/S |

| VRAAG | PRENT 1 | | PRENT 2 | | PRENT 3 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 25. | Musikant | Mu | Sterrekundige | W/S | Letterskilder | K |
| 26. | Telefoontegnikus | M/B | Regter | O/So | Musikant | Mu |
| 27. | Wetenskaplike | W | Datatikster | Kl | Binneversierder | K |
| 28. | Apteekverkoopsklerk | O | Diepseeduiker | B | Apteker | W |
| 29. | Verkoopsman/vrou | O | Boer / vrou | M/B | Bankteller | Kl/S |
| 30. | Towerkunstenaar | O | Skrywer | L | Spotprenttekenaar | K |
| 31. | Prokureur | O | Masjienoperateur | M | Geesteswetenskaplike onderwyser/es | O/So |
| 32. | Rekreasiekundige | B/So | Sensuswerker | S/So | Beeldhouer | M/K |
| 33. | Borsbeeld | K | Statistiek kaart | S/K | Liedjies | Mu |
| 34. | Dominee | O/So | Toebehore verkoopsman/ vrou | O | Besigheidsman/vrou | O/S |
| 35. | Voortrekkermonument | L | Meganiese boor | M | Meteorologie/weerkunde | W/S |
| 36. | Bouer | M | Skoenhandelaar | O/Kl | Student | W/L/S |
| 37. | Liaseerkabinet | Kl | Kompas en tekenhak | S | Kunsgereedskap | K |
| 38. | Moderne danse | D | Hardeware verkoopsman/ vrou | Kl | Rolprentster | D |
| 39. | Balletdanser/es | D/Mu | Statistikus | S | Koorlid | Mu |
| 40. | Rekenaar | S | Saag/Breinaald & Wol | M | Boeke | L |
| 41. | Akteur/Aktrise | D | Atoomfisikus | W/S | Musikant | Mu |
| 42. | Argitektuur | S/K | Poppespel | D | Dans | Mu/D |
| 43. | Rolprentregiseur | D | Jona en die Walvis | L | Motorenjin | M |
| 44. | Oogkundige | M/W | Rekenkundige | S | Assuransieagent | O |

# PRENTEBELANGSTELLINGSVRAELYS

VAN ................................ VOORLETTERS ..........

DATUM .................... OUDERDOM .... Jare ...... maande

ST .......... SKOOL ..................................

TOETSAFNEMER ......................... GESLAG ...........

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | 2 | 3 | 12 | 1 | 2 | 3 | 23 | 1 | 2 | 3 | 34 | 1 | 2 | 3 |
| 2 | 1 | 2 | 3 | 13 | 1 | 2 | 3 | 24 | 1 | 2 | 3 | 35 | 1 | 2 | 3 |
| 3 | 1 | 2 | 3 | 14 | 1 | 2 | 3 | 25 | 1 | 2 | 3 | 36 | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 1 | 2 | 3 | 15 | 1 | 2 | 3 | 26 | 1 | 2 | 3 | 37 | 1 | 2 | 3 |
| 5 | 1 | 2 | 3 | 16 | 1 | 2 | 3 | 27 | 1 | 2 | 3 | 38 | 1 | 2 | 3 |
| 6 | 1 | 2 | 3 | 17 | 1 | 2 | 3 | 28 | 1 | 2 | 3 | 39 | 1 | 2 | 3 |
| 7 | 1 | 2 | 3 | 18 | 1 | 2 | 3 | 29 | 1 | 2 | 3 | 40 | 1 | 2 | 3 |
| 8 | 1 | 2 | 3 | 19 | 1 | 2 | 3 | 30 | 1 | 2 | 3 | 41 | 1 | 2 | 3 |
| 9 | 1 | 2 | 3 | 20 | 1 | 2 | 3 | 31 | 1 | 2 | 3 | 42 | 1 | 2 | 3 |
| 10 | 1 | 2 | 3 | 21 | 1 | 2 | 3 | 32 | 1 | 2 | 3 | 43 | 1 | 2 | 3 |
| 11 | 1 | 2 | 3 | 22 | 1 | 2 | 3 | 33 | 1 | 2 | 3 | 44 | 1 | 2 | 3 |

| VELDE | ROUPUNT | STANEGES | BELANGSTELLINGSPROFIEL | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| Oorredend | | | | | | | | | | | |
| Klerklik | | | | | | | | | | | |
| Meganies | | | | | | | | | | | |
| Musiek | | | | | | | | | | | |
| Wetenskap | | | | | | | | | | | |
| Buitelewe | | | | | | | | | | | |
| Literêr | | | | | | | | | | | |
| Syfers | | | | | | | | | | | |
| Kuns | | | | | | | | | | | |
| Sosiale Diens | | | | | | | | | | | |
| Drama | | | | | | | | | | | |

Laag Gemiddeld Hoog

BYLAAG III

# PRENTEBELANGSTELLINGS-VRAELYS

# AANWYSINGS

Dit is nie 'n toets nie en daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie. Die beste antwoord op enige vraag sal dus wees wat jou besondere voorkeur die beste sal aandui. Wees dus so eerlik met jouself soos jy kan.

Moenie dat wat jy sal verdien (salaris) of posisie in die samelewing (status), jou keuse beïnvloed nie. Neem aan dat jy in staat is om al hierdie aktiwiteite te doen.

Elke vraag bestaan uit 'n stel van 3 prente oor beroepe, aktiwiteite, stokperdjies of objekte. Lees die vraag onderaan die stel prente en besluit watter een jy verkies. Kies slegs **EEN** prent - al hou jy van almal. Indien jy 'n prent nie ken nie - **RAAI**. Probeer vrae vra.

Al hou jy ewe veel of ewe min van die drie prente by 'n vraag moet jy nog altyd aandui watter een jy die meeste van hou of watter een jy die minste afkeur. Moet asseblief **GEEN** antwoorde in die vraeboekie merk nie.

VOORBEELD



1 2 3

Watter beroep sou jy verkies?

ANTWOORDBLAD

| | 1 | 2 | 3 | | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 12 | ⁞ | ❙ | ⁞ | 23 | ⁞ | ⁞ | ⁞ |
| 13 | ⁞ | ⁞ | ⁞ | 24 | ⁞ | ⁞ | ⁞ |

Doen nou die volgende so vinnig as wat jy kan.

Beantwoord asseblief al die vrae.

1



1



2




3

WAT SOU JY VERKIES OM TE DOEN?

2



1




2



3

WAT SOU JY EERDER DOEN OM 'N SALARIS TE VERDIEN?

3



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY EERDER BEOEFEN?

4



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

5



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

6



1



2



3

WIE SOU JY EERDER WOU WEES?

7



1



2



3

WIE SOU JY EERDER WOU WEES?

8



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

9



1



2



3

WATTER PRENT INTERESSEER JOU DIE MEESTE?

10



1



2



3

WATTER PRENT INTERESSEER JOU DIE MEESTE?

11



1




2



3

WATTER PRENT SOU JY MEER VAN WOU LEER?

12



1




2



3

WATTER PRENT SOU JY MEER VAN WOU LEER?

13



1



2



3

MET WATTER GEREEDSKAP SOU JY EERDER WOU WERK?

14



1



2



3.

WAT SOU JY VERKIES IN JOU VRYE TYD?

15



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

16



1



2



3

IN WATTER PLEK SOU JY EERDER WERK?

17



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

18



1



2




3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

19



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

20



1



2



3

WATTER PRENT INTERESSEER JOU DIE MEESTE?

21



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

22




1



2




3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

23



1



2



3

WATTER VAN DIE BOGENOEMDE TOEKENNINGS SOU JY EERDER WOU ONTVANG?

24



1



2




3

WATTER PRENT INTERESSEER JOU DIE MEESTE?

25



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

26



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY EERDER BEOEFEN?

27



1



2



3

WAT SOU JY VERKIES OM TE DOEN?

28




1



2




3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

29



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY EERDER BEOEFEN?

30



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

31



1



2



3

WAT SOU JY VERKIES OM TE DOEN?

32



1




2



3

MET WAT SOU JY EERDER WERK?

33



1



2



3

WAT SOU JY EERDER MAAK OM 'N BESTAAN TE VOER?

34



1




2



3

IN WATTER PRENT SIEN JY JOUSELF?

35



1



2



3

WAARVAN SOU JY EERDER LEER?

36



1



2



3

WAT SOU JY DIE GRAAGSTE WOU DOEN?

37



1



2



3

WATTER SOU JY EERDER IN JOU TOEKOMSTIGE BEROEP WOU GEBRUIK?

38



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY VERKIES?

39



1



2



3

WATTER BEROEP SOU JY EERDER BEOEFEN?

40



1



2



3

WATTER SOU JY EERDER IN JOU TOEKOMSTIGE BEROEP WOU GEBRUIK?

41



1



2



3

WIE SOU JY EERDER WOU WEES?

42



1



2



3

WAT SOU JY EERDER DOEN IN JOU TOEKOMSTIGE BEROEP?

43



1



2



3

WATTER PRENT SOU JY MEER VAN WOU LEER?

44




1



2




3

WAT SOU JY VERKIES OM TE DOEN?